

**Psalmopskrifte, Lofprysing en die titel van die Psalmbundel**

**F.J. VAN RENSBURG**

**12998966**

**VERHANDELING VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD *MAGISTER THEOLOGIAE* IN OU TESTAMENT  
AAN DIE POTCHEFSTROOM-KAMPUS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT**

**Studieleier: Prof. H.F. Van Rooy**

**November 2011**

**Potchefstroom**

## VOORWOORD

Met die voltooiing van hierdie studie wil ek graag die volgende dankbetuiging doen:

- Die Drie-Enige God wat my deurgaans in die Waarheid van Sy Woord lei en aan ons die liedere van sy Gees gegee het waardeur ons hom kan verheerlik en sy lof kan besing.
- My sielsgenoot, Alicia, vir haar tyd, ondersteuning, sin vir humor, belangstelling en alles wat sy vir my beteken het in hierdie tyd.
- My Ouers en suster, Elisna, vir hulle liefde, belangstelling en ondersteuning deur gebed en ook op finansiële gebied.
- My studieleier - professor Herrie van Rooy - vir sy geduld, wysheid, mentorskap, tyd en uitstekende navorsingsvermoë.
- Tannie Gerda van Rooyen vir al haar moeite met die versorging van die bibliografie.

*“Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!” (1953- Afrikaanse vertaling)*

*Ps. 150:6*

## OPSOMMING

Die probleemstelling wat in hierdie studie ondersoek word sien soos volg daar uit: Deur die loop van die geskiedenis is die akkuraatheid en historiese waarde van die Psalmopskrifte betwyfel. In latere vertalings van die Ou Testament soos in die Septuagint, Vulgaat en Peshitta is die Psalmopskrifte soms meer uitgebreid as die wat gevind word in die Hebreeuse teks. Die toepassing van die Grammaties-Historiese metode wys egter daarop dat die Psalmopskrifte betroubaar is en dat dit deel uitmaak van die Kanonieke teks van die Hebreeuse Bybel.

'n Deeglike filologiese studie soos uiteengesit is in Verhoef (1973), Hayes & Holladay (2007) en Kaiser (2007) was belangrik om in ag te neem in die bestudering van sekere terme by die benaming van die Psalmbundel. Hierdie woordstudie is aangepak vanuit die Grammaties-Historiese benadering.

Dit was verder noodsaaklik om Psalm 145 in die geheel van die Psalmbundel na te gaan, omdat Psalm 145 die enigste Psalm met die opskrif **תהלה** is. Ander Psalmopskrifte is nagegaan en historiese gegewens is vergelyk met ander gedeeltes in die Bybel. Hierdie studie is Openbarings-Histories aangepak.

Om die betroubaarheid van die Psalmopskrifte verder na te gaan is 'n vergelykende studie aangepak tussen die Masoretiese teks, Septuagint en die Geskrifte by Qumran.

'n Inhoudelike studie oor die element van lofprijsing soos deur Van Rooy (2008) uiteengesit is, was nodig om aan te toon hoe die Psalmbundel 'n inhoudelike beweging van klaaglied na loflied vertoon. Dit hang verder saam met die benaming wat aanvanklik deur die Jode as titel vir die bundel toegeken is.

### **Sleutelterme**

Woordstudie, lofprijsing, Psalmbundel, Psalmopskrifte, Masoretiese teks, Septuagint, Qumran.

## **ABSTRACT**

### **Psalm headings, Praise and the title of the Psalter**

The Problem statement which was examined in this study is the following: Throughout the history the accuracy and historical value of the Psalm headings were questioned.

Translations of the Psalm headings that later on developed for example the Septuagint, the Vulgate and the Peshitta is generally more extended than the Hebrew text. The use of the Grammatical-Historical method shows that the Psalm headings are authoritative and that they are part of the Canonical text of the Hebrew Bible.

Thorough word study by the method of Verhoef (1973), Hayes & Holladay (2007) and Kaiser (2007) of certain terms was important to note in the naming of the Psalter. This word study was approached through the Grammatical-Historical method.

It was further necessary to study the importance of Psalm 145 in the whole of the Psalter, because Psalm 145 is the only Psalm with the heading: **תְּהִלָּה**. Other Psalm headings were studied and historical information was compared with other parts of Scripture. This study was approached Revelation-Historical.

Further on it was necessary to do a comparative study between the Psalm headings of the Masoretic text, the Septuagint and the writings of Qumran to determine the authority of the Psalm headings.

A study of contents about the element of praise was also necessary as Van Rooy (2008) explained, because the Psalter shows a development from lament to praise. It is also connected with the title that was originally been given to the Psalter by the Jews.

#### **Key Words**

Word study, praise, Psalter, Psalm headings, Masoretic text, Septuagint, Qumran.



## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1: INLEIDING

|  |    |
|--|----|
| 1.1 Agtergrond en Probleemstelling ..... | 5  |
| 1.1.1 Agtergrond .....                   | 5  |
| 1.1.2 Probleemstelling .....             | 6  |
| 1.2 Doelwitte.....                       | 9  |
| 1.3 Sentraal-Teoretiese Argument.....    | 9  |
| 1.4 Metodologie .....                    | 10 |

### HOOFSTUK 2: DATERING VAN DIE PSALMBUNDEL, WOORDSTUDIE VAN KERNBEGRIPE תהלים; מְזֻמֹּר EN ψαλμός EN DIE SPESIFIEKE TRADISIES WAARUIT DIE KERNBEGRIPE ONTSTAAN HET

|   |    |
|---|----|
| 2.1 Inleiding .....   | 13 |
| 2.2 Die datering van die Psalmbundel .....                        | 13 |
| 2.2.1 Samevatting.....  | 16 |
| 2.3 Woordstudie van die kernbegrip תהלים; מְזֻמֹּר en ψαλμός..... | 17 |
| 2.3.1 Woordstudie van die kernbegrip מְזֻמֹּר.....                | 17 |
| 2.3.1.1 Samevatting.....  | 20 |
| 2.3.2 Woordstudie van die kernbegrip תהלים.....                   | 21 |
| 2.3.2.1 Samevatting.....  | 24 |
| 2.3.3 Woordstudie van die kernbegrip ψαλμός .....                 | 25 |
| 2.3.3.1 Samevatting.....  | 27 |
| 2.4 Die tradisies waaruit hierdie woorde ontstaan het. ....       | 28 |
| 2.4.1 Die tradisies waaruit מְזֻמֹּר ontstaan het.....            | 28 |
| 2.4.2 Die tradisies waaruit תהלים ontstaan het. ....              | 28 |
| 2.4.3 Die tradisies waaruit ψαλμός ontstaan het.....              | 29 |
| 2.5 Hoofstuksamevatting .....                                     | 30 |

### **HOOFSTUK 3: DIE ROL VAN PSALM 145 AS תהלה EN ANDER PSALMOPSKRIFTE IN DIE PSALMBUNDEL**

|         |   |    |
|---------|---|----|
| 3.1     | Inleiding.....  | 31 |
| 3.2     | Die rol van Psalm 145 as תהלה in die geheel van die Psalmbundel.....            | 31 |
| 3.2.1   | Plek van Psalm 145 in die geheel van die Psalmbundel .....                      | 31 |
| 3.2.1.1 | Die beweging van Psalm 142 en 143 na Psalm 145.....                             | 32 |
| 3.2.1.2 | Die funksie van Psalm 145 as doksologie in die geheel van die Psalmbundel ..... | 33 |
| 3.2.2   | Samevatting.....  | 35 |
| 3.3     | Die struktuur van Psalm 145.....  | 36 |
| 3.3.1   | Die skematiese struktuur van Psalm 145 .....                                    | 37 |
| 3.3.2   | Die inclusio-patroon in Psalm 145.....  | 38 |
| 3.3.3   | Samevatting.....  | 40 |
| 3.4     | Die rol van ander Psalmopskrifte in die geheel van die Psalmbundel תהלים.....   | 40 |
| 3.4.1   | Psalmopskrifte met die woorde: לדוד.....  | 40 |
| 3.4.1.1 | Samevatting.....  | 49 |
| 3.5     | Sekere tegniese terme in die opskrifte van die Psalms .....                     | 49 |
| 3.5.1   | Die tegniese terme wat tipe of poëtiese karaktertrekke vertoon .....            | 50 |
| 3.5.2   | Die tegniese terme wat musikale elemente aantoon .....                          | 52 |
| 3.5.3   | Samevatting.....  | 54 |
| 3.6     | Psalmopskrifte en ander dele van die Bybel .....                                | 54 |
| 3.6.1   | Samevatting.....  | 57 |
| 3.7     | Hoofstuksamevatting.....  | 57 |

### **HOOFSTUK 4: 'n VERGELYKING TUSSEN DIE PSALMOPSKRIFTE IN DIE MASORETIESE TEKS, DIE SEPTUAGINT EN 11QPS<sup>A</sup>**

|       |   |    |
|-------|---|----|
| 4.1   | Inleiding.....  | 59 |
| 4.2   | Die waarde en geldigheid van die Psalmopskrifte en die vaslegging van die Psalmbundel.....                | 59 |
| 4.2.1 | Getuienis uit die Apokriewe.....  | 62 |
| 4.2.2 | Samevatting.....  | 64 |
| 4.3   | Die opskrifte van die Psalms in die Dooie See-Rolle, die Masoretiese teks en die Septuagint vergelyk..... | 64 |
| 4.3.1 | Samevatting.....  | 67 |
| 4.4   | Verskillende vlakke van interpretasie in die Septuagint.....  | 67 |

## Inhoudsopgawe

|         |  |    |
|---------|--|----|
| 4.4.1   | Vlakke van interpretasie.....                                | 68 |
| 4.4.1.1 | Vlak 0 - Interpretasie deur transkripsie.....                | 68 |
| 4.4.1.2 | Vlak 1 - Interpretasie op woordvlak.....                     | 69 |
| 4.4.1.3 | Vlak 2 - Interpretasie op frasevlak.....                     | 69 |
| 4.4.1.4 | Vlak 3 - Interpretasie op die sinsvlak.....                  | 70 |
| 4.4.1.5 | Vlak 4 - Interpretasie op paragraafvlak.....                 | 71 |
| 4.4.2   | Samevatting.....   | 71 |
| 4.5     | Die Psalms by Qumran .....                                   | 72 |
| 4.5.1   | Presiese aard van 11QPs <sup>a</sup> by Qumran .....         | 72 |
| 4.5.2   | Samevatting.....   | 74 |
| 4.6     | Inhoud van die Psalms by Qumran .....                        | 74 |
| 4.6.1   | Samevatting.....   | 78 |
| 4.7     | Die nie-kanonieke Psalms by Qumran.....                      | 79 |
| 4.7.1   | Die aantal Psalms ingesluit by Qumran .....                  | 79 |
| 4.7.2   | Psalm 151 A en B by Qumran .....                             | 80 |
| 4.7.2.1 | Vergelyking van die opskrifte van Psalm 151 A en 151 B ..... | 80 |
| 4.7.2.2 | Die Siriese Apokriewe Psalms .....                           | 81 |
| 4.7.3   | Samevatting.....   | 82 |
| 4.8     | Hoofstuksamevatting.....                                     | 83 |

## HOOFSTUK 5: LOFPRYSGING IN DIE PSALMS EN DIE TITEL VAN DIE BUNDEL

|       |   |     |
|-------|---|-----|
| 5.1   | Inleiding.....  | 84  |
| 5.2   | Lofprysing en ander liedere in die geheel van die Skrif .....                                       | 84  |
| 5.2.1 | Samevatting.....  | 85  |
| 5.3   | Die indeling van die Psalmbundel .....  | 86  |
| 5.3.1 | Samevatting.....  | 88  |
| 5.4   | Die inhoudelike beweging van die Psalmbundel na 'n klimaks van lofprysing .....                     | 89  |
| 5.4.1 | Samevatting.....  | 91  |
| 5.5   | Individuele klaagliedere verander in lofsange.....  | 92  |
| 5.5.1 | Samevatting.....  | 97  |
| 5.6   | Die funksionering van die <i>Hallel-Psalms</i> as lofprysing in die geheel van die Psalmbundel..... | 98  |
| 5.6.1 | Samevatting.....  | 99  |
| 5.7   | Tipes lofprysing in die Psalmbundel.....  | 99  |
| 5.7.1 | Lofsange (hymns) .....  | 100 |
| 5.7.2 | Verklarende lofprysing van die individu (danksegging).....  | 100 |
| 5.7.3 | Verklarende lofprysing van die gemeenskap (danksegging) .....                                       | 101 |

5.7.4 Samevatting..... 102  
5.8 Hoofstuksamevatting ..... 102

**HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

6.1 Inleiding ..... 104  
6.2 Woordstudie van die terme מְזוֹמָר, תְּהִלָּה en die griekse term ψαλμός ..... 104  
6.3 'n Nagaan van die opskrifte van die psalms, met besondere klem op Ps. 145 as תְּהִלָּה in die Psalmbundel. .... 105  
6.4 'n Vergelyking van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks, die Septuagint en 11QPs<sup>a</sup> ..... 105  
6.5 Lofprysing in die Psalms en die titel van die Psalmbundel ..... 106  
6.6 Aanbevelings oor moontlike verdere navorsing ..... 107  
  
7. **BIBLIOGRAFIE**..... 108

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

#### 1.1.1 AGTERGROND

Deur die eeue heen was daar verskeie benaderings tot die studie van Psalms. Baie van hierdie benaderings het positiewe sake op die tafel geplaas met betrekking tot hoe die Psalms verstaan moet word. In die agtiende en negentiende eeu is daar klem gelê op die historiese en bron-kritiek. In hierdie verband moet die name genoem word van Robert Lowth (1753), Wilhelm M.L. de Wette (1811), Frans Delitzsch (1867) en C.H. Spurgeon (1882-1886) (aangehaal deur Grogan 2008). Hierdie benaderings was volgens Grogan (2008:10) egter onvoldoende en het inkonsekwente resultate opgelewer. Dit was dus voor die hand liggend dat die studie oor die Psalms 'n nuwe rigting moes inslaan. Hierdie wending het plaasgevind onder Herman Gunkel (1967) en die Vorm-kritiese metode.

Gunkel gaan van die standpunt uit dat baie van die Psalms hulle oorsprong in die tempel-liturgie gehad het, maar later afsonderlik begin funksioneer het. Hy argumenteer dat die Psalms verdeel kan word in *Gattungen*<sup>1</sup>. Gunkel (1967) identifiseer vyf hoofgroepe Psalms, naamlik: Lofpsalms, Klaagpsalms van die gemeenskap, Klaagpsalms van die individu, individuele Psalms van danksegging en spirituele gedigte.

'n Positiewe bydrae van hierdie benadering sluit in dat dit 'n logiese indeling van die Psalms in geheel bied. Verder benadruk die Vorm-kritiese benadering die waarde van die Psalms in Israel se Godsdienst. Tog gee die Vorm-kritiese benadering nie genoegsame aandag aan elke individuele Psalm nie.

Gunkel (1967) se studies aangaande die Psalms het verskeie resultate opgelewer<sup>2</sup>:

1. 'n Beter begrip van die Psalms as deel van lofprysing.
2. Die beskouing van die Psalmopskrifte as deel van die skriftelike redaksiegeskiedenis. Sy benadering het dus die inbedding van die Psalms in die historiese lewensomstandighede van Israel vooropgestel. Hieruit is dit duidelik dat die Psalmopskrifte vir Gunkel van waarde was.

---

<sup>1</sup> Hierdie is 'n Duitse benaming vir sekere genres en literêre tipes.

<sup>2</sup> Slegs die twee sake wat vir hierdie studie van uiterse belang is word uitgelig.

Die volgende belangrike benadering wat uitgewys moet word, is die kultiese benadering. Dit het te doen met die rekonstruksie van die oorspronklike kultiese situasie as belang vir die studie van Psalms. Hier mag die werk van Sigmund Mowinckel (1884-1965) nie geïgnoreer word nie. Hy plaas die klem op die feeste en rituele wat gepaard gegaan het met die sing van die Psalms. Hy noem dat die Psalmopskrifte, wat heel moontlik latere byvoegings was, geen inligting weergee met betrekking tot die historiese en kultiese omstandighede nie.

Die volgende benadering wat uitgelig moet word is die Redaksie-kritiek<sup>3</sup>. Dit is 'n benadering wat op die Vorm-kritiek gevolg het. As gevolg van die werk van Brevard Childs (1971) word die aandag spesifiek geplaas op die finale vorm van die Bybelse teks. Hy is 'n voorstander van die Kanon-kritiek. Die Kanon-kritiek het gebou op die Redaksie-kritiek, maar brei verder uit (Grogan 2008:21).

Childs (1979:69-83) vestig die aandag daarop dat die paradigma verskuif het vanaf die bestudering van die Psalms as loshangende geheel, na 'n holistiese benadering soos gesien kan word in die werk van geleerdes soos Craigie (1983), Longman (1988), Futato (2002), Eaton (2003), Goldingay (2006), Grogan (2008) en Waltke en Houston (2010). Howard (1999:329) huldig soortgelyke argument en sê dat daar 'n paradigmaskuif plaasgevind het vanaf die 1970's tot nou. Tot onlangs is daar binne die Psalmboek hoofsaaklik aandag aan individuele Psalms gegee, maar meer resente studies het bewys dat die Psalmsbundel in sy geheel benader word.

### **1.1.2 PROBLEEMSTELLING**

In die probleemstelling moet daar eerstens gefokus word op die Psalmopskrifte. Die oorsprong van die Psalmopskrifte is al so vroeg as 1811 deur Wilhelm M.L. de Wette bevraagteken<sup>4</sup>. Uit die agtergrond van die studie oor die Psalms is dit duidelik dat geleerdes soos Gunkel (1967) en Childs (1971) rekening hou met die Psalmopskrifte. Gunkel sien dit as deel van die Skriftelike redaksiegeskiedenis, alhoewel hy nie baie waarde heg aan die historiese akkuraatheid nie, terwyl Childs sê dat daar in die kanonieke benadering plek is vir die opskrifte van die Psalms en dat dit 'n rol speel in die beoordeling van die vorming van die Psalmbundel in sy geheel. Childs (1979:520) heg egter geen waarde aan die historiese

---

<sup>3</sup> Daar moet egter van twee begrippe kennis geneem word, Redaksie-kritiek en Kanon-kritiek. Die Redaksie-kritiek fokus op die redaksie van die individuele Psalm, terwyl die kanon-kritiek fokus op die redaksie van die Psalmbundel in sy geheel (Grogan 2008:19).

<sup>4</sup> Hierdie spesifieke bron kon nie opgespoor word nie en word as sekondêre bron uit die werk van House (1998:403) aangehaal.

betroubaarheid van die Psalms nie: “*a wide consensus has been reached among critical scholars for over a hundred years that the titles are secondary additions, which can afford no reliable information towards establishing the genuine historical setting of the Psalms.*”

Vos (2005:47) dui aan dat al kan sommige Psalms terugdateer uit Dawid se tyd, daar konsensus is dat die opskrifte van die Psalms nie na outeurskap verwys nie. Hy sê dat die toeskrywing van so baie Psalms aan Dawid, gewortel is in die Joodse tradisie en die feit dat Dawid 'n bedrewe digter en musikant was.

In hierdie geval moet die verskillende betekenisse van die voorsetsel ה aan die naam van Dawid ook in die studie aandag ontvang. Geleerdes soos Broyles (1999:27-28), Goldingay (2006:27), Eaton (2003:6-7) en Craigie (1983:35) stel alternatiewe betekenisse<sup>5</sup> vir die voorsetsel ה voor.

Daarteenoor beklemtoon Keil en Delitzsch (1978) in *Commentary on the Old Testament* die betroubaarheid van die historiese rekonstruksie van die opskrifte van die Psalms.

House (1998:405) sê dat die opskrifte van die Psalms as realistiese historiese en tematiese merkers geneem moet word. Om die stelling van House tot sy reg te laat kom sal daar in die studie aandag gegee word aan opskrifte wat verskillende tipe inligting deurgee. Hy noem ook verder dat die Psalms geïnterpreteer moet word volgens hul literêre tipes. Dit sluit heel waarskynlik aan by die werk van Gunkel (1967) en Mowinckel (1962).

In aansluiting by die argument aangaande die ouderdom en die betroubaarheid van die Psalmopskrifte, is die sewe argumente van Waltke en Houston (2010:88-91) van uiterse belang vir die studie<sup>6</sup>. Na aanleiding van hierdie argumente sê Waltke en Houston (2010:87) die volgende: “*Fortunately, the tide of academic opinion concerning the antiquity and reliability of the superscripts is slowly changing under the gravity of evidence*”<sup>7</sup>.

Van Rooy (2008:30) wys daarop dat daar in ouer vertalings soos die Septuagint en die Vulgaat soms uitgebrei is op die opskrifte en meer opskrifte aangetref word as wat in die Hebreeuse teks voorkom. Die opskrifte in die Peshitta is nie behou soos in die Hebreeuse teks nie. Die Siriese psalmopskrifte was 'n poging om die psalms histories te plaas, alhoewel dit verskillend gedoen is in verskillende tradisies.

---

<sup>5</sup> Hierdie alternatiewe betekenisse dui daarop dat die voorsetsel ook op iets anders kan dui as outeurskap.

<sup>6</sup> Hierdie sewe argumente sal in Hoofstuk 3 bespreek word.

<sup>7</sup> Waltke en Houston argumenteer die saak ten gunste van die ouderdom en die betroubaarheid van die Psalmopskrifte.

Aangaande die element van lofprysing sê Craigie (1983:25) dat die ontstaan van Israel as 'n volk sover teruggeneem kan word as die Eksodus-verhaal uit Egipte. Dit is ook dieselfde gebeurtenis wat die begin van Israel se psalmodie aangedui het. Die gebeurtenis is gevier met groot sang van lofprysing. Om hierdie rede gee Westermann (1981:25-32) aandag aan verskillende tipes lofprysing in die Psalmbundel. Futato (2002:3) voeg by dat die element van lofprysing soos 'n goue draad deur die Psalmbundel loop.

Van Rooy (2008:80) toon verder aan dat daar baie lofliedere (himnes) in die Psalms voorkom en dat baie van die klaagpsalms en dankpsalms ook uitloop op 'n vorm van lofprysing. Dit is dus duidelik dat nie net individuele Psalms klem lê op die elemente van lofprysing nie, maar ook die Psalmbundel in sy geheel.

Aangaande die titel van die Psalmbundel meen Keil & Delitzsch (1978:5) na aanleiding van Ps. 72:20 dat daar genoegsame gronde is om die Psalmboek die titel תְּהִלָּה (gebede) te gee. Hulle sê dat die essensie van gebed sentraal staan in die Psalmbundel en dat die boek se titel תְּהִלָּה ook aanvaarbaar is omdat alle Psalms op een of ander manier gekoppel kan word aan die element van lofsang (hymn).

Anderson (1972a:23) en Waltke & Houston (2010:7) maak melding daarvan dat die woord 'psalms' afgelei is van die Latynse woorde *psalmi* en *psalterium* wat op hulle beurt afgelei is van die Griekse woorde ψαλμοι en ψαλτήριον. Dit dui op musiek van 'n snaarinstrument of 'n lied wat gesing word onder begeleiding van 'n snaarinstrument. Dit het egter later die betekenis gekry van 'n versameling van liedere en is ook so gebruik in die Codex Alexandrinus as die titel vir die boek Psalms. Die Hebreeuse woord תְּהִלָּה word in Grieks weergegee met ψαλμός (Pietersma 2005:23).

Volgens Anderson (1972a:23) staan die titel van die bundel in Hebreeus bekend as die תְּהִלָּה en is dit die gepaste naam vir die bundel in sy geheel omdat die tema van lofprysing en danksegging herhaaldelik voorkom. Keil & Delitzsch (1978:6) noem dat Psalm 145 die enigste Psalm is wat direk in die opskrif as תְּהִלָּה aangedui word. In die geheel van die Psalmbundel is dit dus belangrik om die element van lofprysing in hierdie Psalm in ag te neem.

Die een oorkoepelende vraag wat gevra kan word, is: Hoe dra die Psalmopskrifte en die element van lofprysing by tot die verstaan van die titel van die Psalmbundel?

Na aanleiding van die probleemstelling moet daar op die volgende vrae gelet word en gepoog word om dit te beantwoord:

1. Kan die ontstaan en datering van die titel (תְּהִלָּה) vasgestel word en indien wel, watter invloed behoort dit te hê op die benaming van die boek?

2. Hoeveel gesag dra die opskrifte van die Psalms en het dit enige bydrae te lewer tot die algehele titel van die Psalm-boek (תהלים)?
3. Hoe verreken die toepaslike Qumran-geskrifte en Septuagint die opskrifte van die Psalms met betrekking tot die titel (תהלים)?
4. Kan daar enige afleidings gemaak word aangaande die titel (תהלים) indien die element van lofprijsing inhoudelik in ag geneem word?

## 1.2 DOELWITTE

Die doel van die studie is om die opskrifte van die Psalms, die inhoudelike elemente van lofprijsing en die titel van die bundel te bestudeer.

Om die doel van die studie te ondersoek kom die volgende sake spesifiek aan die orde:

1. 'n Deeglike woordstudie van die terme מְזִמּוֹר, תְּהִלָּה die Griekse term ψαλμός, asook 'n datering van hierdie terme.
2. Die nagaan van die opskrifte van die Psalms, met besondere klem op Ps. 145 as תְּהִלָּה in die Psalmbundel.
3. 'n Oorsigtelike vergelyking van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks, die Septuagint en 11QPs<sup>a</sup>.
4. 'n Inhoudelike ondersoek van die Psalms met besondere klem op die element van lofprijsing om vas te stel of dit 'n invloed op die titel van die Psalmbundel sal uitoefen.

## 1.3 SENTRAAL-TEORETIESE ARGUMENT

Indien dit aangetoon kan word dat die begrippe מְזִמּוֹר, תְּהִלָּה en ψαλμός verband hou met lofprijsing en dat die element van lofprijsing sentraal staan in die Psalmbundel, kan die sentraal-teoretiese argument soos volg verwoord word:

Die opskrifte van die Psalms en die inhoudelike element van lofprijsing oefen 'n invloed uit op die titel wat vir die Psalmbundel in sy geheel gebruik word. Daar kan dus 'n sterk argument aangevoer word dat die begrip תְּהִלָּה net so geskik is vir die benaming van die Psalmbundel in sy geheel as die begrip ψαλμός, waarvan die woord “Psalms” afgelei is<sup>8</sup>.

---

<sup>8</sup> In hierdie stelling moet in ag geneem word dat elkeen van hierdie woorde ontwikkel het uit 'n eie tradisie en daarom is dit in Hoofstuk 2 ook van belang dat die tradisies vasgestel word.

## 1.4 METODOLOGIE

Die benadering tot hierdie studie is primêr grammaties-histories soos Silva (2007:281) dit beskryf. Volgens Silva fokus die grammaties-historiese eksegeese op die terugkeer na die oorspronklike tale en die historiese situasie van die teks. Hierdie benadering het ontwikkel in teenstelling met die allegoriese interpretasie.

In hierdie studie moet daar egter verwys word na die werk van Van Deventer (2008:12-23) wat krities staan teenoor die Grammaties-historiese metode van eksegeese. Die redes wat hy aanvoer sluit in dat die Grammaties-historiese metode nie duidelik gedefinieer kan word nie. Dit hou volgens hom ook nie genoegsaam rekening met die leesproses<sup>9</sup> van eksegeese nie. Van Deventer (2008:17) wys verder daarop dat die Grammaties-historiese metode van eksegeese in plaas van 'n historiese (diakroniese) metode, 'n literêre (sinkroniese) metode is, waarin die teks as sodanig sentraal staan, los van enige historiese oorwegings. Van Deventer (2008:19) dui verder aan dat daar nie 'n onderskeid bestaan het tussen die letterlike (grammatiese) en historiese verstaan van die Skrif onder die Reformatore nie. Hy meen dat deur onderskeid te maak tussen hierdie twee begrippe, daar wegbeweeg word van die interpretasie wat tydens die Reformasie sy beslag gekry het.

Dit is dus belangrik om bewus te wees van die probleme wat Van Deventer uitwys met betrekking tot die Grammaties-historiese metode van eksegeese. Grogan (2008:41) gee egter 'n definisie vir die Grammaties-historiese metode van eksegeese, wat die probleme wat Van Deventer uitwys, verantwoordelik verreken: *“Exegesis, or grammatico-historical interpretation, is the primary task of the commentator. It seeks to show the meaning of the Biblical text for its first readers. One hopes that the contemporary reader’s main concern is to read the text to understand its message and to adjust his or her personal outlook and practical life in its light, but this requires first of all standing where the first readers stood.”*

Die twee Psalmkenners Waltke en Houston (2010:5) gee ook 'n duidelike definisie van die Grammaties-historiese metode van eksegeese. Hulle meen dat 'n wetenskaplike ondersoek tot die teks noodsaaklik is in 'n erkende Hermeneutiek. Waltke en Houston (2010:5) verwoord die saak soos volg: *“By scientific we mean the grammatico-historical approach, interpreting words within the context of the speaker’s world.”* Hulle noem verder dat ortodokse teologie hierdie metode van eksegeese vereis, omdat hierdie metode die skrywers van die Bybel erken as geïnspireer deur die Gees van God.

In die definisie van Grogan (2008:41) en Waltke & Houston (2010:5) spreek hulle Van Deventer (2008:12-23) se probleem direk aan en maak genoegsame voorsiening vir die

---

<sup>9</sup> Onder die begrip word die historiese, literêre en lesergefokusde aspekte verstaan.

inagneming van die historiese konteks van die teks in die Grammaties-historiese metode van eksegeses.

Verder is die werk van Hayes & Holladay (2007:72-82) onmisbaar in die Grammaties-historiese eksegeses. Hulle wys daarop dat Historiese-kritiek homself bepaal op die geskiedenis in en oor die teks, terwyl die Grammaties-historiese metode van eksegeses fokus op die teks deur taalaspekte. In hierdie taalaspekte wys Hayes & Holladay (2007:72-82) 'n paar sake uit, naamlik: Analise van die teks, die gebruik van woordeboeke en konkordansies, die ontleding van die semantiese wêreld van die teks, grammatika en sintaktiese aspekte. Ook Verhoef (1973) verwys in diepte na die Grammaties-historiese metode van eksegeses.

In die Grammaties-historiese metode van eksegeses is 'n holistiese benadering tot die Psalms onmisbaar (Waltke & Houston, 2010:11). Waltke & Houston (2010:7) asook Kaiser (2007:94-106) meen dat die Grammaties-historiese metode van eksegeses holisties te werk gaan. Daarom moet 'n holistiese benadering in hierdie studie gebruik word om sodoende aandag te gee aan die Nuwe Testamentiese omgang met die opskrifte van die Psalms<sup>10</sup>.

Volgens Hayes en Holladay (2007:72-73) is 'n filologiese<sup>11</sup> studie dikwels die suksesvolle oorbrugging van 'n kulturele gaping tussen 'n antieke teks en 'n moderne leser. Woordstudie is dus uiters belangrik vir hierdie studie.

Die navorsing in hierdie studie sal dus gebruik maak van 'n deeglike woordstudie<sup>12</sup> van die terme מְזִמּוֹר, תְּהִלִּים en die Griekse term ψαλμός. In hierdie woordstudie word die beginsels van Verhoef (1973:26-45) in ag geneem. Verhoef bespreek die beginsels vir filologiese eksegeses met spesifieke verwysing na grammatikale aspekte en literatuursoorte in diepte. In hierdie woordstudie is die gebruik van resente woordeboeke nodig, asook die gebruik van Teologiese woordeboeke. Dit is ook belangrik dat die woord steeds in die konteks waarin dit gebruik word verstaan word. Die ontwikkeling van die betekenis van die bepaalde begrippe is ook baie belangrik om na te gaan.

Daar sal dan 'n finale gevolgtrekking gemaak word oor die gebruik van begrippe soos תְּהִלִּים; מְזִמּוֹר en ψαλμός.

---

<sup>10</sup> Die hantering van die opskrifte van die Psalms word veral in Hoofstuk 3 bespreek en beklemtoon.

<sup>11</sup> In hierdie term word die definisie van Verhoef (1973:28) nagevolg. Volgens hom verenig die term "filologiese eksegeses" die begrippe linguistiek en filologie. Linguistiek het te doen met die taalstruktuur, terwyl ons onder filologie die bestudering en verklaring van die inhoud van die oorgelewerde en beskikbare tekste verstaan.

<sup>12</sup> Hierdie woordstudie word spesifiek in hoofstuk 2 behandel.

Die klem word dus gelê op die oorspronklike tale (Hebreeus en Grieks) en die historiese konteks van die Psalms. In die spesifieke konteks waarin 'n Skrifgedeelte ontstaan, word die werk van Kaiser (2007:223-239) beklemtoon. In hoofstuk 14 van die boek *Introduction to Biblical Hermeneutics* noem Kaiser dat dit baie belangrik is om 'n spesifieke Skrifgedeelte in sy konteks in ag te neem.

Verder word die element van lofprysing, die opskrifte van die Psalms en die bestudering van die verskillende benamings wat vir die Psalmbundel ontstaan het, eksegeties nagegaan.

Om die studie suksesvol aan te pak sal Kaiser (2007:139-155) en Futato (2007:23-53) in ag geneem word wanneer die hermeneutiese sleutels vir die verstaan van poësie neergelê word. In hierdie hoofstuk van die boek gee Kaiser veral aandag aan die aard van poësie. Hy wys parallelismes en retoriese tegnieke uit. In sy werk gee hy aandag aan metafore, teenstellende taalgebruik en weglatings uit die teks. Al hierdie sake is van uiterse belang vir die studie en moet deeglik in ag geneem word. Futato (2007:41-52) voeg by dat die Psalms baie ryk aan beeldspraak is, daarom is poësie 'n saak wat in ag geneem moet word.

Die Masoretiese teks, die Septuagint en die toepaslike geskrifte by Qumran sal nagegaan word om vas te stel hoe hierdie tekste met die Psalmopskrifte en die titel van die Psalmbundel handel. Vir die toepaslike geskrifte by Qumran is die versamelde werk van Flint (2001), *The Bible at Qumran: text, shape and interpretation*, baie belangrik.

Die opskrifte van die Psalms sal ook oorsigtelik nagegaan word in die Septuagint, Qumran-geskrifte en die Masoretiese teks met besondere klem op Ps. 145 as הַלְלֵהּ binne die Psalmbundel. Daar word ook beoog om oorsigtelike ooreenkomste en verskille tussen die Psalmopskrifte in die Septuagint, Qumran-geskrifte en die Masoretiese teks uit te wys.

Die bevindings van Van Rooy (2008:11-100) oor die elemente van lofprysing, klaagliedere en danksegging in die Psalmbundel sal in ag geneem word<sup>13</sup>. Vir hierdie afdeling van die studie is Futato (2002) ook uiters belangrik omdat dit die element van lofprysing in sy geheel oor die Psalmbundel in ag neem.

---

<sup>13</sup> Hierdie gedeelte van die metodologie word veral in hoofstuk 5 van toepassing gemaak.

## HOOFSTUK 2

### DATERING VAN DIE PSALMBUNDEL, WOORDSTUDIE VAN KERNBEGRIPPE

#### מִזְמוֹר; תְּהִלִּים EN ψαλμός EN DIE SPESIFIEKE TRADISIËS WAARUIT DIE KERNBEGRIPPE ONTSTAAN HET

##### 2.1 INLEIDING

Dit is eerstens belangrik om aandag te skenk aan die datering van die Psalmbundel in sy geheel, waarin twee sake wat vir die studie van verdere belang kan wees oorsigtelik aangeraak word, naamlik: die datering van die individuele Psalms en die datering van die versameling van die boek in sy geheel. In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die betekenis van die drie woorde מִזְמוֹר; תְּהִלִּים en ψαλμός. Die bepaling van die betekenis van hierdie drie begrippe dien as basis vir hierdie studie. Daar word ook veral aandag gegee aan die interne ontwikkeling van betekenis wat in elke woord deur die verloop van tyd vasgestel kan word. Verder word daar gepoog om die tradisie waaruit hierdie woorde ontstaan het vas te stel en die nodige gevolgtrekkings daarvoor te maak. Na elke onderafdeling sal daar 'n gevolgtrekking gemaak word met 'n samevattende gevolgtrekking aan die einde van die hoofstuk. Die ondersoek in hierdie hoofstuk sal gedoen word by wyse van woordstudie en ander bronne wat lig op die onderwerp kan werp.

##### 2.2 DIE DATERING VAN DIE PSALMBUNDEL

Soos reeds vermeld, word daar in hierdie afdeling oorsigtelik gekyk na die datering van die individuele Psalms en die versameling van die bundel in sy geheel.

Eerstens word die datering van die individuele Psalms bespreek. Ridderbos (1962:6) toon aan dat daar geleerdes is wat van mening was dat die Psalmbundel Makkabese Psalms bevat, veral Psalm 44, 74, 79 en 83. Om hierdie rede wou baie van die geleerdes dus die Psalmbundel ongeveer 100 v.C. dateer. Ridderbos (1962:6) wys egter daarop dat dit onwaarskynlik is dat die Psalmbundel nog nie in die tyd van die Makkabeërs afgesluit sou wees nie. 1 Makkabeërs 7:17 haal Psalm 79:2 aan en beskou dit wel as Heilige Skrif. Smith (1996) en Dockery (1998:214) sluit aan by Ridderbos se argument deur aan te toon dat die ou liberale standpunt dat die Psalms in die Makkabese tydperk tussen die Ou en Nuwe Testament ontstaan het, nie meer die nodige gewig dra nie. Smith (1996) en Dockery (1998) wys veral op vier punte:

1. Die Ugaritiese tekste vertoon gevorderde poëtiese kenmerke eeue voor Dawid.  
Dockery (1998:214) wys verder op die ooreenkomste tussen die Ugaritiese poësie en

die Psalmbundel. Hierdie parallelle wys daarop dat Israel reeds lank van tevore 'n poëtiese genre aangeneem het en beïnvloed is deur ander volke in Kanaän.

2. Smith (1996) en Dockery (1998) toon verder aan dat daar geen Griekse linguistiese invloed in die Psalmbundel voorkom nie.
3. Die teologie van die Psalmbundel vertoon geensins Hellenistiese konsepte nie.
4. Die Psalms wat geskryf is gedurende of kort na die Makkabese periode, naamlik: die Qumran psalms, vertoon linguistiese, stilistiese, strukturele, tematiese en teologiese verskille van die Bybelse Psalms.

Herzog (1971:1313) volg dieselfde argumentasielyn as Ridderbos as hy sê dat die kritiese geleerdes van die 19de eeu die Psalms gesien het as 'n produk van die Makkabees-Hasmoniese tydperk. Hy dateer ook die Septuagint se vertaling voor die begin van die tweede eeu v.C. Herzog wys daarop dat die ontdekkings by Qumran (4 QPs<sup>a</sup>) aantoon dat ten minste boek I en II van die Hebreeuse Psalmbundel versamel was teen die Hasmoniese tydperk. Die ontdekkings by Qumran en Masada wys daarop dat die tipe Hebreeus baie verskil het van die taal wat die Jode teen 200 v.C. gebruik het.

Volgens Ridderbos (1962:6) kan die samestelling van die bundel nie vroeër as die ballingskap geplaas word nie omdat daar Psalms is wat tydens of na die ballingskap hulle ontstaan gehad het (Ps. 126 en 137).

Anderson (1972a:24) voeg by dat daar onthou moet word dat die Psalmbundel nie die werk van een spesifieke skrywer is nie en ook nie die gevolg van 'n enkele daad van samestelling nie. Dit wil voorkom asof dit 'n versameling van kleiner versamelings van individuele liederes is. Die Psalmbundel moes dus 'n proses ondergaan om die vorm, soos dit vandag aan ons bekend staan, aan te neem.

Longman (1988:42) wys weer daarop dat die saak rondom die datering baie moeilik is, omdat daar volgens die opskrifte van die Psalms 'n Psalm is wat uit die tyd van Moses dateer (Ps. 90) tot 'n Psalm wat na die ballingskap dateer (Ps. 126). Longman sê dat daar ongeveer 'n duisend jaar in tydverloop was vir die Psalmbundel om sy bestaan te vind.

Van Rooy (2008:33) sluit aan by die argument van Anderson (1972a) deur te wys hoe die Psalms moontlik deur so 'n proses kon ontwikkel het:

1. Die opskrifte aan die begin van elke Psalm gee inligting deur. Die opskrif kan betrekking hê op bepaalde persone of genres. Hierdie aanduidings kan weer duidelikheid werp op die vroeë versamelings voor die vorming van die boek.

2. Die feit dat daar in Psalm 72:20 melding gemaak word van die woorde: *Hier eindig die gebede van Dawid, seun van Isai.*
3. Die duplisering van byvoorbeeld Psalm 14 en 53 en ook Psalm 40:13-17 en Psalm 70 en Psalm 108. Van Rooy (2008) toon verder aan dat dit daarop dui dat die psalms in kleiner versamelings voorgekom het en dat duplisering met die samestelling onvermydelik was.

Soggin (1976:366) plaas 'n nuwe saak op die tafel deur daarop te wys dat die situasie rondom die datering radikaal verander het met die ontdekking van die psalms by Qumran. Hy meld verder dat ons aan hierdie geskryfte duidelik kan sien dat die Psalmbundel teen die tweede eeu v.C. voltooi was. Hy wys verder daarop dat 'n laat datering van die Psalmbundel onmoontlik is en dat in gedagte gehou moet word dat baie van die psalms voor die ballingskap ontstaan het.

Die tweede saak wat breedweg aandag moet geniet is die datering van die versameling van die Psalmbundel in sy geheel. In hierdie geval toon Craigie (1983:31) aan dat ons nie met sekerheid kan sê presies wanneer die samestelling van die bundel voltooi is nie. Die Psalms binne die bundel se datering wissel vanaf voor die monargie tot na die ballingskap. Hy noem dat dit moontlik is dat die Boek teen die vierde eeu v.C. sy vorm bereik het soos ons dit ken.

Gerstenberger (1991:27) is dit ook eens dat latere samestellings soos die Psalms van Salomo nie in die kanonieke Psalmboek ingesluit kon word nie, omdat hierdie boek reeds geslote was teen ongeveer 200 v.C. Gerstenberger (1991:36) gee 'n datering in verband met die verdeling van die bundel. Die verdeling van die Psalmboek in vyf boeke dateer terug na die vierde eeu n.C. Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat gedurende die vyf eeue van sinagogale gebruik (200 v.C. – 300 n.C.) is vyf boeke van die Psalmbundel gelees saam met die vyf wetboeke van Moses.

Oor die saak met betrekking tot die vertaling van die Septuagint wys, Waltke (2001:32-33) daarop dat ons volgens die briewe van Aristas (ongeveer 130 v.C.) duidelik kan agterkom dat die Pentateug teen ongeveer 285 v.C. deur 72 vertalers in Grieks vertaal is. Hierdie tradisie is later uitgebrei om al die boeke van die Ou Testament in te sluit. Waltke & Houston (2010:22) voeg verder by dat die Septuagint se samestelling van die Psalms feitlik identies is aan die Psalmbundel wat ons vandag ken. Hulle meen dat dit moeilik is om die vertaling te dateer, maar noem dat huidige studies almal die vertaling dateer teen die middel van die eerste eeu v.C. of vroeër.

In teenstelling met die argumentslyn van bogenoemde geleerdes toon Wilson (1985) en Flint (1997:14) aan dat die diversiteit van die Skrifte wat by die Dooie See gevind is wys dat die Geskryfte (en moontlik ook die Profete) nog nie gefinaliseer en geslote was teen die einde van

die Qumran-era nie (68 v.C.). Flint (1997:146) kom tot die gevolgtrekking dat die Qumran-manuskripte daarop wys dat die Boek van Psalms in twee afsonderlike periodes gefinaliseer is, met die eerste grootliks gefinaliseer teen die begin van die Qumran-periode, ongeveer 150 v.C., terwyl die tweede nog nie gefinaliseer was teen die eerste eeu n.C. nie. Wilson (1985) en Flint (1997) is ook van mening dat die Psalmbundel uit vyf boeke bestaan. Hulle sien 'n latere samestelling by die laaste twee boeke.

Flint dui egter verder aan dat daar nie met sekerheid gesê kan word waar presies die skeiding in die bundel is tussen die deel wat vroeër geslote was en die wat eers later geslote geword het nie. Vir hom kan die skeiding by Psalm 72 of Psalm 89 wees (Flint 1997:149).

Vir Wilson (1985) lê die skeiding tussen boek III en boek IV duidelik by Psalm 89. Hy sê dat Psalm 2, 72 en 89 strategies in die eerste drie boeke geplaas is om hoop te verskaf vir die Dawidiese monargie.

Flint (1997:214) wys ook daarop dat die stelling wat gemaak word om aan te toon dat die inhoud van die Masoretiese teks gefinaliseer is voor die samestelling van 11QPs<sup>a</sup>, nie noodwendig die waarheid is nie. Flint oordeel egter dat die laaste twee boeke se presiese samestelling en volgorde nog nie gefinaliseer is teen die tyd van 11QPs<sup>a</sup> nie. Hy beweeg ook weg van die standpunt dat die Masoretiese teks se 150 Psalms gefinaliseer en aanvaar is deur alle Jode as die “Boek van Psalms” voor die tweede eeu v.C.

Wilson (2005:391) stel 'n alternatief vir die datering van die bundel. Volgens hom is die resultaat van die kanonieke Psalms nie voor die middel van die eerste eeu n.C. gefinaliseer nie. Kritici teen hierdie laat datum vir die kanonieke Psalmboek, verwys gewoonlik na die voorgestelde Septuagint-vertaling van die Psalmboek - ongeveer teen die tweede eeu v.C.

Wallace (2009:6) vra egter die volgende vraag: as die twee dele van die Psalmbundel afsonderlik gefinaliseer is, hoe vind boeke IV en V aansluiting by die ‘historiese’ Dawid?

Daar is egter nog nie deur geleerdes wat 'n latere finalisering van boek 4 en 5 van die Psalmbundel voorstaan gepoog om hierdie vraag te beantwoord nie.

### **2.2.1 SAMEVATTING**

In die lig van die voorafgaande bespreking en inligting word hier by wyse van die volgende stellings puntsgewys 'n kort samevatting gegee van die datering van die Psalmbundel. Die inligting wat in die samevatting vervat word, is ook van belang in die studie verder:

1. As die betroubaarheid van die Psalmopskrifte bevestig kan word, wissel die tyd van ontstaan van die Psalms van die tydperk van Moses (Ps. 90) tot na die ballingskap (Ps. 126 en 137).
2. Die Makkabese ontstaan van sekere Psalms is ongegrond as die invloed van die Ugaritiese taal, die afwesigheid van Griekse linguistiek, die afwesigheid van hellenistiese teologie en die verskil van die Qumran Psalms met betrekking tot die kanonieke Psalmbundel in ag geneem word.
3. Dit is moeilik om 'n presiese datering vir die vertaling van die Septuagint vas te stel. Dit kan moontlik dateer uit die middel van die eerste eeu v.C. of vroeër.

## 2.3 WOORDSTUDIE VAN DIE KERNBEGRIPE מְזַמְּרִים; מְזַמְּרִים EN ψαλμός

### 2.3.1 WOORDSTUDIE VAN DIE KERNBEGRIIP מְזַמְּרִים

Voordat die betekenis van die woord מְזַמְּרִים verstaan kan word, moet daar eers gekyk word na die werkwoord waarvan die woord afkomstig is, naamlik: זָמַר.

Wolf (1999:245) noem in die *Theological wordbook of the Old Testament* dat die werkwoord 45 keer in die Ou Testament voorkom, slegs in die Pi'el stamformasie. Met die uitsondering van Rig. 5:3; 2 Sam. 22:50; Jes. 12:5 en 1 Kron. 16:9 word dit net in die Psalmbundel aangetref (Barth, 1980:93).

Barth (1980:93) toon aan dat die gebruik van die werkwoord זָמַר in Ou Testamentiese Hebreeus gesien moet word teen die agtergrond van die semantiese ontwikkeling daarvan.

In Akkadies is die twee betekenis "sing" en "speel" so heg aan mekaar verbind dat daar van hierdie twee woorde gepraat kon word as sinonieme. Dit was dus 'n enkele aksie van beide "vokaal" en "instrumentaal."

Köhler & Baumgartner (1994:273) sê in *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* dat die woord in die Akkadies "om te sing" of "om te bespeel" beteken. Verder gee hierdie woordeboek nog moontlike betekenis van die werkwoord זָמַר deur: "to play an instrument, to sing, to praise."

In *The Concise Dictionary of Classical Hebrew* wys Clines (2009:101) daarop dat die werkwoord זָמַר die betekenis dra "om lofsange te sing", "om te prys" of "om 'n lied te sing."

Allen (1997:1116) sê dat die mees algemene betekenis van die werkwoord זָמַר in die Ou Testament dui op die bespeeling van 'n musiekinstrument, gewoonlik 'n snaarinstrument (Ps. 33:2; 98:5; 144:9; 147:7).

Dit kan verder dui op 'n perkussie van instrumente (Ps. 149:3). Dit kan ook dui op 'n persoon wat sing onder begeleiding van 'n musiekinstrument (Ps. 71:22-23) (Allen, 1997:1116). Wolf (1999:245) sluit aan by hierdie argument dat die werkwoord זמר verband hou met musiekinstrumente. Die instrumente wat Wolf (1999) noem is die harp (Ps. 71:22), die tiensnarige harp (Ps. 33:2; Ps. 144:9), die siter (Ps. 98:5) en die tamboeryn (Ps. 149:3). Wolf (1999:245) kom tot die gevolgtrekking dat daar nie net na sang verwys word as die werkwoord זמר en sy afgeleides<sup>14</sup> gebruik word nie.

Allen (1997:1116) meen dat die verskeidenheid van gebruike saamhang met die werkwoord הלל (lofprijsing), maar in 'n engere sin. Barth (1980:95) sien die verhouding tussen die werkwoord זמר en lofprijsing duideliker raak deur te sê dat die werkwoorde זמר en הלל in dieselfde semantiese veld lê en dat זמר 'n parallel vorm met הלל se gebruik in die Pi'el stamformasie (vergelyk Ps. 135:3; 146:2; 147:1; 149:3). In die breër konteks moet Ps. 105:2 en 146:2 vergelyk word met die gebruik van תהלה in Ps. 33:2 en 66:2. Wolf (1999:245) sluit aan by hierdie argument deur aan te toon dat in die meeste gevalle waar die werkwoord זמר en die woorde wat van die werkwoord afgelei is voorkom, die fokus op lofprijsing tot God val.

Barth (1980:93) sê dat in 15 gevalle waar die werkwoord זמר voorkom dit verband hou met 'n oproep tot lofprijsing. In die meeste gevalle kom dit voor in die vorm van die imperfektum (Jes. 12:5; Ps. 9:12; 30:5; 33:2; 47:7, 8; 66:2; 68:5, 33; 89:4; 105:2; 147:7; 1 Kron. 16:9). Ons vind dit ook een keer in die Jussief (Ps. 149:3). Dit is gewoonlik gebruik om die gemeente bymekaar te bring (Ps. 68:33; 98:4).

Sewentien ander gevalle dui op die self-oproep tot lofprijsing wat ook aan die liedvorm gekoppel kan word (Ps. 7:18; 9:3; 18:50; 27:6; 57:8; 59:18; 61:9; 71:22; 75:10; 101:1; 104:33; 108:2,4; 144:9; 146:2 en die aanduiding van gesamentlike lofprijsing in die meervoud (ons) in Ps. 21:14).

Allen (1997:1116) sê dat die werkwoord ook 'n wyer betekenis het. Die werkwoord זמר lei in Jesaja 12:5 'n profetiese eskatologiese lied in en in Rigters 5:3 'n lied van oorwinning. Wolf (1999:245) voeg die voorbeeld van Eksodus 15:2 by en sê dat in hierdie gevalle waar die werkwoord זמר buite die Psalmbundel voorkom, dit ook ten nouste saamhang met lofprijsing. In die individuele lied wat voor die gemeente gesing is, word dit in die self-aansporing as lofprijsing in die begin (Ps. 146:2) en die slot (Ps. 104:33) van 'n Psalm gebruik. Dit weerspieël 'n strewe daarna om God te prys deur 'n oproep te maak tot

---

<sup>14</sup> Onder "afgeleides" word daar verwys na, die woorde wat afgelei word van die werkwoord זמר. Dit sluit woorde in soos זמרה, זמיר, en זמור.

universele lofprysing (Ps. 66:4; 68:33; 98:4) of om permanente lofprysing te waarborg (Ps. 104:33; 146:2).

In die individuele lofprysing word die werkwoord זמר soms gebruik om lofprysing in te lei omdat die individu van die vyand gered is (Ps. 9:1-2; 138:1). Dit kom ook voor in 'n gevolgtrekkende uitdrukking van lofprysing (Ps. 18:50 en 2 Sam. 22:50). Net so word זמר in Ps. 30:12-13 as 'n finale lofprysing gebruik. Dit word ook gebruik om die gemeente op te roep om deel te neem aan die lofprysing (Ps. 9:11-12; 30:4-5).

In die klaagliedere word זמר gebruik as 'n finale belofte van danksegging as God die gebed beantwoord (Ps. 7:17-18; 57:7-9; 108:2-5; 59:17; 61:8-9; 71:22-23; 144:9.)

Die werkwoord זמר het nie 'n intrinsieke onderwerp nodig nie. Sang en musiekspel word altyd tot Jahwe gerig en dit word baie keer aangedui met die voorsetsel ל.

Omdat die werkwoord זמר in die Ou Testamentiese Hebreeus gebruik word as lofsang (onder begeleiding van 'n snaarinstrument) kan die teologiese belangrikheid van die woord soos volg deurgegee word (Barth 1980:98):

1. In die gebruik van woorde wat himniese lofprysing aandui, neem die werkwoord זמר die belangrikste posisie in. Dit is 'n term wat beide geartikuleerde lofprysing (wat in verstaanbare woorde gespreek word) en ook ongeartikuleerde lofprysing soos beweging en gebare uitdruk.
2. Een van die doelwitte van 'n himniese lofprysing is om vreugde te kommunikeer. Dit is veral waar van die Ou Testamentiese gebruik van die woord זמר. Die aanduiding van snaarinstrumente pas ook mooi by die lofprysingstema.
3. Die lofprysing onder begeleiding van snaarinstrumente is die werk van die vergaderde gemeente, asook die hele skepping. Daar is geen aanduiding dat hierdie woord op professionele sangers of musikante dui nie. Om God se lof te besing is die voorreg van die hele gemeente.

Beide die werkwoord en die nominale gebruik van זמר word gebruik om 'n gemeenskaplike lied in te lei met lofprysing as die doel (Ps. 33:2; 66:2; 68:4; 81:2; 95:2; 105:2; 135:3; 147:1) of 'n hernude oproep tot lofprysing in 'n lied met meer as een element (Ps. 46:6-7 [7-8]; 68:33; 98:4-5; 147:7; 149:3) (Allen 1997:1116).

Wolf (1999:245) noem in die *Theological Wordbook of the Old Testament* dat die nominale gebruik מְזֹמֵר gevind word in die opskrifte van 57 psalms wat aandui dat dit gesing word met begeleiding van musiekinstrumente. Wolf noem verder dat hierdie titel 34 keer gebruik word

saam met “vir die musiekleier” en 33 keer saam met die benaming “van Dawid.” Barth (1980:94) wys verder daarop dat die woord מְזַמֵּר ’n laat verbuiging van die werkwoord moes gewees het, omdat hierdie woord nie in die Qumran-geskrifte gebruik word nie. Die Engelse vertaling vir die titel van die Psalmbundel kom van die LXX se ψαλμός (*psalmos*), van die werkwoord ψάλλω (*psallo*) wat beteken “om ’n snaarinstrument te bespeel.” Die nominale gebruik van hierdie woord kan dui op musiek (Amos 5:23) en die begeleidende sang (Jes. 51:3). Die woord מְזַמֵּר (*mizmôr*) beteken gewoonlik “’n gesang/lied wat met musiek saamgaan.”

Brown, Driver en Briggs (1979:274) sê dat die twee belangrikste betekenis vir hierdie woord soos volg deurgegee kan word:

1. Eerstens dui dit op die sing tot God.
2. Tweedens dui dit ook op die bespeling van musiekinstrumente.

In *The Concise Dictionary of Classical Hebrew* noem Clines (2009:212) dat die selfstandige naamwoord מְזַמֵּר die betekenis dra van ’n psalm soos deurgegee in die opskrifte van die Psalms. Dit kan ook verwys na ’n lied of godsdienstige musiek.

In die begrip מְזַמֵּר kan daar ’n interne ontwikkeling bespeur word:

| Begrip   | Voor Ou Testamentiese gebruik  | Ou Testamentiese gebruik   |
|----------|--|--|
| זמר      | “Sing” en “Speel” was primêre betekenis in Akkadies (Barth 1980:93).     | Bespeling van ’n musiekinstrument, veral snaarinstrument.<br>Dit het ook die betekenis gekry van “lofsang,” omdat dit so nou saamhang met הלל. |
| מְזַמֵּר | Laat verbuiging van die werkwoord. (Geen gebruik voor die Ou Testament.) | Die primêre betekenis: “Sang wat verband hou met die begeleiding van musiekinstrumente.”   |

### 2.3.1.1 SAMEVATTING

Die punte wat belangrik is vir die studie kan soos volg saamgevat word:

1. Volgens bostaande tabel het daar interne ontwikkeling in die betekenis van die werkwoord זמר en die selfstandige naamwoord מְזַמֵּר plaasgevind.
2. Die werkwoord זמר moet beskryf word as “om musiek te maak met musiekinstrumente” of “lofsange” wanneer dit met die werkwoord הלל saamhang.

3. Die werkwoord זמר kan ook gebruik word vir oproep tot lofprijsing. Dit kom voor in die meeste tipes lofprijsing, naamlik: Universele lofprijsing, individuele lofprijsing en lofprijsing van die gemeente.
4. Die begrip מְזֹמֵר hang saam met sang en die bespeling van musiekinstrumente en het later die betekenis van “’n Psalm” verkry.
5. Indien die bostaande navorsing in ag geneem word, is dit duidelik dat die werkwoord זמר en die selfstandige naamwoord מְזֹמֵר ten nouste saamhang met die element van lofprijsing.

### 2.3.2 WOORDSTUDIE VAN DIE KERNBEGRIP תְּהַלִּים

Voordat die betekenis van die begrip תְּהַלִּים vasgestel word, is dit nodig om die betekenis van die werkwoord waarvan dit afgelei is, na te gaan, naamlik: הלל.

Köhler & Baumgartner (1994:248) gee die betekenis van die werkwoord הלל deur in *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* in verskillende tale: In die Ugaritiese taal beteken die werkwoord “om te juig”, in Siries “om te prys”, in Akkadies “om uit te skreeu of ’n lied vir mense wat werk” en in Arabies “om jouself te verheug.” Ook Allen (1997:1035) gee die betekenis van die werkwoord so deur.

Verder noem Köhler & Baumgartner (1994:248-249) dat die werkwoord הלל in Hebreeus verskillende betekenisse kan hê:

1. “Om te bewonder” of om ’n mooi vrou of man op te hemel. Dit hang ook saam met ’n man wat die lof van sy vrou besing.
2. Om God te prys. Dit hang saam met die uitdrukking Halleluja.
3. In die Pu’al stamformasie beteken die werkwoord “om geprys te word” of “om prysenswaardig te wees.”
4. In die Hitpa’el stamformasie beteken die werkwoord “om te roem.”

Copes (1999:217-218) meld in die *Theological Wordbook of the Old Testament* dat die werkwoord ook kan beteken om diep dankbaar te wees teenoor iemand en daardeur die persoon se lof te besing. Hy voeg verder by dat die werkwoord הלל gebruik kan word om menslike skoonheid te besing (Gen. 12:15; 2 Sam. 14:25). Hierdie werkwoord kan ook gebruik word in die besinging van lof aan ’n goeie vrou (Spr. 31:28). Tog kom Copes by die punt uit waar hy aantoon dat die stam הלל se mees algemene gebruik gerig is op die lofprijsing aan die God van Israel, wat hoofsaaklik in die Psalms voorkom. Hy benadruk

verder die belangrikheid van die tema van lofprysing in die Psalms deur te sê dat dit belangrik is dat God erken word en dat sy lof besing word. Verder sê hy dat dit belangrik is om te beseef dat die werkwoord הלל die meeste van die kere in die meervoud voorkom. Dit dui op 'n oproep tot lofprysing vir die hele volk van God.

Jenni & Westermann (1997:371) voeg by dat die werkwoord הלל in die meeste gevalle in die Ou Testament God as voorwerp neem. Daar is net een geval waar die werkwoord הלל 'n nie-Israelitiese gebruik het, naamlik in Rig. 16:24 waar die Filistyne hulle god prys na hulle oorwinning oor Simson.

In *The Concise Dictionary of Classical Hebrew* toon Clines (2009:212) aan dat die werkwoord הלל die betekenis dra “om te prys of om groot te maak”, “om geprys te word” of “om roemryk te wees.”

Jenni & Westermann (1997:371) wys verder daarop dat die gebruik van die werkwoord הלל asook die selfstandige naamwoord הלהלה in die Psalms in twee groepe gekonsentreer is:

- Die hoofgroep is die oproep tot lofprysing (Ps. 113:1; 22:24; 117:1; 135:1). Ons vind verder ook die woord “*Halleluja*” wat 'n direkte oproep tot lofprysing is. Hierdie oproep tot lofprysing in die Ou Testament gaan hand aan hand met vreugde. Die oproep tot lofprysing kan alleen voorkom as daar vreugde in die gemoed is. Jenni & Westermann (1997:372) voeg by dat die lofprysing tot God ingebed is in die vergadering van die gemeente (Jes. 64:10). Daarom het die werkwoord הלל hom gevestig as 'n onmisbare element in lofprysing.
- In teenstelling met die gebruik van die imperatief vir die oproep tot lofprysing, vind ons die tweede groep, naamlik die voluntatief, waar die individu sy begeerte uitdruk om God te prys. Dit vind ons gewoonlik as 'n gevolgtrekking aan die einde van 'n individuele klaaglied (Ps. 22:23; 35:18; 69:31; 109:30) en aan die begin van die lofpsalms (slegs in Ps. 145:2 en Ps. 146:2). Dit kan ook in die middel van die Psalm funksioneer soos in Ps. 56:5.

Ringgren (1978:408) lig die belangrike saak uit dat lofprysing gewoonlik tot *Jahwe* gerig word en 24 keer in die formule “*Halleluja*.” Die naam *Elohim* word skaars aan lofprysing gekoppel (Ps. 44:9). In 'n enkele geval word God se woord geprys (Ps. 56:5,11).

Die rede waarom God geprys moet word, word dikwels aangedui. God se troue liefde word gemeld as 'n rede om Hom te prys (Ps. 107:31). Ps. 147 maak melding van Jahwe se goedheid en grootheid, maar meer spesifiek vir die bou van Jerusalem en vir die beskerming en vrede (*shalom*) van die heilige stad. In Ps. 149 word Jahwe geprys as koning van Israel, as skepper en ook omdat Hy vir sy kinders oorwinning oor hulle vyande gee.

Allen (1997:1035) sê dat lofprysing in verskeie gedeeltes in die Ou Testament aan God gerig word. Die verpligting lê by die gemeenskap van Israel (Ps. 22:23) en word oorgedra na elke generasie (78:4). Israel is uitgekies vir God se glorie en lofprysing (Jer. 13:11) en om sy prysenswaardigheid aan die wêreld te betoon (Deut. 26:19). God is essensieel prysenswaardig (Eks. 15:11) (Ps. 18:3; 96:4); verder het Hy prysenswaardige dae gedoen (Ps. 78:4).

Ringgren (1978:406) sê dat die fokus van lofprysing die tempel (Jes. 64:11; Ps. 84:5) of die gemeente is (Ps. 22:23; 35:18; 107:32; 109:30).

Allen (1997:1036) handhaaf ook die standpunt dat die loflied die primêre instrument van lofprysing in die Psalms en dus ook in die tempel van Jerusalem (Jes. 64:11) was. Om hierdie rede word die woord *הִלְלֵהוּ* in die opskrif van Ps. 145 aangetref.

Die loflied is 'n oproep tot gemeenskaplike lofprysing en bevat die rede waarom daar geprys moet word, byvoorbeeld in Ps. 113 waar God se grootheid en genade en in Ps. 135 sy goedheid om Israel uit te kies as grond neergelê word. Jerusalem word aangespoor om God vir 'n verskeidenheid van seëninge te prys (Ps. 147:12-20). In Ps. 145 en 146 word 'n paar individuele lofliedere gebruik om die gemeente op te roep tot lofprysing. In Ps. 145 word God se Verbondsliefde herdenk en in Ps. 146 sy Koningskap.

Die wyse waarop God geprys is, word soos volg deur Allen (1997:1036) deurgegee:

1. 'n Belofte van eindelose aanbidding is geheg aan die lofprysing in die hede (Ps. 146:2).
2. Musiekinstrumente en dans kon vokale lofprysing versterk (Ps. 149:3).
3. 'n Retoriese oproep tot lofprysing kon gerig word tot die res van die wêreld (Ps. 117:1; Ps. 150:6 – *“Laat alles wat asem haal, die Here prys.”*).

Ringgren (1978:409) sê dat lofprysing voorgehou kan word as 'n plig (Ps. 33:1; Ps. 147:1). Hy sê dat Ps. 102 'n klaaglied is wat in vers 13 op lofprysing en danksegging uitdraai.

Allen (1997:1036) voeg verder by dat selfs in die klaagliedere lofprysing 'n natuurlike plek vind as afsluitingselement wat danksegging beloof as God goedgunstig sou optree. (Ps. 35:18, 28; 63:5; 71:14; 79:13; 106:47). Hy sê dat die stam van die werkwoord *הִלֵּל* ook gebruik is in die liedere van danksegging, waar die individu uit sy krisis gered is deur God wat op die gebed antwoord. Allen (1997) kom dan by die punt waar hy sê dat ons in Ps. 69:30-36 die belofte van danksegging vind wat ontwikkel in 'n belofte van kosmiese lofprysing in afwagting op God se redding vir Juda.

Psalm 22 het 'n ander tipe verwagting van danksegging. Die klaaglied is goedgunstig beantwoord. In geloof bars die psalmdigter in vers 22-31 uit in danksegging, reeds voor die krisis opgelos is. God is die rede vir sy lofprijsing (vers 25).

Oor Psalm 22 sê Ringgren (1978:409) verder dat lofprijsing in vers 27 in verband gebring word met lewe. Lofprijsing aan God kan dus gesien word as 'n belangrike voorwaarde vir lewe. Die lofprijsing aan God kom tot 'n einde met die dood (Jes. 38:18; Ps. 115:17).

Ringgren (1978:410) kom tot die gevolgtrekking dat dit duidelik is dat die “lofprijsing van God” 'n entiteit is wat bestaan en wat uitdrukking moet vind. In konkrete vorm is hierdie lofprijsing 'n sang van lof (Ps. 40:4; 145:1) of 'n hoorbare gesing (Ps. 100:4).

In die geval van die selfstandige naamwoord תהלה gee Copes (1999:217-218) die primêre betekenis deur as lofprijsing of prysenswaardige dade. God is die voorwerp van lofprijsing, sy dade is die rede daarvoor, daarom is hy die God van my תהלה (Ps. 109:1).

Allen (1997:1037) kom tot die gevolgtrekking dat die deurdringendheid van lofprijsing in die verskillende tipes Psalms gelei het tot die boek se titel תהלהים, wat onderskei kan word van die Griekse benaming waarvan die woord “Psalms” afkomstig is. Die Hebreeuse titel lig die element van lofprijsing uit as relevant tot alle veranderinge in die lewe.

Ook in die begrippe onder hierdie afdeling kan daar interne ontwikkeling bespeur word:

| Begrip | Voor Ou-Testamentiese gebruik  | Ou-Testamentiese gebruik  |
|--------|--|---|
| הלל    | Die betekenis kan deurgegee word as: “om te juig” of “om te verbly.” (Allen, 1997:1035). | In die Ou Testament is hierdie begrip veral in verband gebring met lofprijsing tot God. |
| תהלה   | (Geen voor Ou-Testamentiese gebruik).  | “Loflied”, “lofsang” of “prysenswaardige dade.”   |

### 2.3.2.1 SAMEVATTING

Die punte van belang vir die studie kan soos volg saamgevat word:

1. Lofprijsing tot God is ingebed in die vergadering van die gemeente, daarom het הלל 'n onmisbare element van lofprijsing geword.
2. Israel is uitgekies om God te loof, want God is essensieel prysenswaardig.

3. Die begrip הללה speel 'n belangrike rol in die oproep tot lofprysing.
4. As die element van lofprysing so 'n groot rol speel in die Psalmbundel, kan die titel הללה nie geïgnoreer word as titel van die Psalmbundel nie.
5. Psalm 145 is 'n individuele loflied wat die gemeente oproep tot lofprysing.

### 2.3.3 WOORDSTUDIE VAN DIE KERNBEGRIIP ψαλμός

Friedrich (1972:490) sê dat die oorspronklike betekenis van die werkwoord ψάλλω kon beteken “om iets aan te raak” of “om 'n snaarinstrument te bespeel.” Terwyl Friedrich op die oorspronklike betekenis fokus, wys Danker (2000:1096) op die ontwikkeling wat daar in die betekenis van die werkwoord plaasgevind het. In *a Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature* gee Danker die betekenis van die werkwoord ψάλλω deur as: “Om liedere van lofprysing te sing, met of sonder instrumentele begeleiding.”

Danker voeg verder by dat die werkwoord ψάλλω 40 keer in die Septuagint voorkom vir die werkwoord זמר. Al dié gevalle kom in die Psalms voor, behalwe die geval in Rig. 5:3. Wanneer זמר vertaal is met ψάλλω word beide gebruik om die “bespeeling” van 'n instrument aan te dui, veral wanneer 'n instrument genoem word: Ps. 33:2; 71:22; 98:5; 144:9; 147:7; 149:3, maar ook in die gevalle waar daar sang plaasvind onder begeleiding van instrumente soos in die geval van Ps. 27:6; 57:9; 100:1; 104:2; 107:2.

Dit is verder duidelik dat daar ontwikkeling van betekenis plaasgevind het binne die werkwoord ψάλλω. Soos reeds genoem lyk dit of hierdie werkwoord aanvanklik “om aan te raak” beteken het. 'n Verdere ontwikkeling dui daarop dat die werkwoord se betekenis uitgebrei het na: “om 'n instrument te bespeel” totdat dit uiteindelik die betekenis ontvang het “om te sing.”

Louw en Nida (1996) plaas die werkwoord ψάλλω in semantiese veld 33, wat handel oor lofsang en die klaaglied. Hulle betekenis vir die werkwoord ψάλλω word soos volg deurgegee:

“ψάλλω: *to sing songs of praise, with the possible implication of instrumental accompaniment (in the NT often related to the singing of OT psalms)—‘to sing, to sing a psalm, to sing a song of praise, to sing praises.’ τῷ ὀνόματί σου ψαλῶ ‘I will sing praises to your name’ or ‘I will sing praises to you’ Rom 15:9.*”

Thayer (1981:675) gee 'n paar betekenisse van die werkwoord deur. Hy sê dat die woord oorspronklik beteken het “om iets uit te trek.” Dit kan ook beteken “om iets te laat vibreer

deur daaraan te raak.” Verder beteken dit “om snare te tokkel.” Hy sê dat hierdie gebruik van die werkwoord by Aristoteles (384-322 v.C.) voorgekom het. Thayer wys verder daarop dat dit duidelik word uit die werk van Aratus (270 v.C.) dat die woord beteken “om ’n snaarinstrument te bespeel”, of “die bespeling van ’n harp.” Die Septuagint het egter die betekenis gehad van “om te sing onder die begeleiding van die harp” en in die Nuwe Testament “om ’n lofsang te sing” of “om God te prys.”

Dit is egter interessant dat Liddell en Scott (2003:794) nie die betekenis van die werkwoord in verband bring met lofprijsing nie, maar slegs met die betekenis: “om aan te raak” of “om te trek.” Verder gee hulle die betekenis: “om iets te trek en weer te laat gaan” of “om ’n klank te maak met snare.” Dit kan verder dui op die bespeling van ’n snaarinstrument met die vingers in plaas van ’n plektrum. Hulle noem dat die woord later die betekenis verkry het: “om te sing onder begeleiding van harpspel.”

Aangaande die selfstandige naamwoord ψαλμός sê Delling (1995:1225-1227) dat die oorspronklike betekenis was om ’n snaarinstrument te tokkel. Die betekenis in die woord het egter ontwikkel totdat dit die betekenis van die bespeling van ’n snaarinstrument verkry het. Delling wys verder daarop dat die gebruik van ψαλμός in die Nuwe Testament dui op die Ou Testamentiese Psalms (Luk. 24:44; Hand. 1:20). In aansluiting hierby toon Danker (2000:1096) aan dat ψαλμός se letterlike betekenis ’n lied van lofprijsing is of “Psalm” in Ou Testamentiese gebruik. Die selfstandige naamwoord ψαλμός se oorspronklike betekenis was om die snaar van ’n boog te trek of die bespeling van ’n snaarinstrument.

Elders word die idee van lofprijsing deur sang en ook die bespeling van ’n snaarinstrument voorgestel.

Die selfstandige naamwoord ψαλμός word meer as 50 keer in die Septuagint gebruik en elke keer in die titel van die Psalms. ψαλμός word ook gebruik vir die bespeling van die snare in Job 21:12; 30:31.

Louw en Nida (1996) plaas die selfstandige naamwoord ψαλμός in semantiese veld 33 met die oorkoepelende titel: Lofsang en klaaglied. Hulle betekenis vir die woord kan soos volg deurgegee word:

*“ψαλμός, οὐ μ: a song of praise (in the NT probably a reference to an OT psalm)—‘song of praise, psalm.’ νοουθετοῦντες ἑαυτοὺς ψαλμοῖς, ὕμνοις, ᾠδαῖς πνευματικαῖς ‘instruct each other to sing psalms, hymns, and sacred songs’ Col 3:16.”*

Thayer (1981:675) dui daarop dat die woord deur Euripides (480-406 v.C.) gebruik is met die betekenis “om iets te slaan of te tref.” In die werk van Pindar (521-441 v.C.) (soos aangehaal deur Thayer) het dit egter die betekenis “die tokkel van ’n snaarinstrument.”

Liddell & Scott (2003:794) bring ook nie die selfstandige naamwoord ψαλμός enigsins in verband met lofprysing nie. Vir hulle dra ψαλμός die betekenis: “die trek of geklank van snaarinstrumente met die vingers.” Later het dit egter die betekenis ontvang van: “’n lied gesing onder begeleiding van ’n snaarinstrument.”

Daar kan ’n duidelike ontwikkeling in die betekenis van die woorde onder hierdie afdeling bespeur word:

|       | <b>Klassieke Grieks</b>   | <b>Septuagint</b>  | <b>Nuwe Testament</b>   |
|-------|---|--|---|
| ψάλλω | Die oorspronklike betekenis het gedui op “om iets aan te raak” of “die bespeling van ’n snaarinstrument.” | In die Septuagint het die werkwoord “sing” beteken ongeag die begeleiding van ’n instrument. | In die Nuwe Testament beteken die woord “om ’n lied van lofprysing te sing.” Dit verwys ook terug na die Ou-Testamentiese Psalms. |

### 2.3.3.1 SAMEVATTING

Die punte wat van belang is vir die studie kan soos volg saamgevat word:

1. Uit die bogenoemde tabel is dit duidelik dat daar ontwikkeling van betekenis plaasgevind het binne die werkwoord ψάλλω.
2. Dieselfde geld ook vir die selfstandige naamwoord ψαλμός wat aanvanklik gedui het op die aanraak van ’n instrument en later die betekenis gekry het van die bespeling van ’n snaarinstrument.
3. ψαλμός beteken letterlik ’n lied van lofprysing of “Psalm” in Ou-Testamentiese gebruik.
4. Uit die werkwoord en die selfstandige naamwoord is dit duidelik dat hierdie woorde in die nouste sin verband hou met die element van lofprysing in die Psalmbundel.

## 2.4 DIE TRADISIES WAARUIT HIERDIE WOORDE ONTSTAAN HET

### 2.4.1 DIE TRADISIES WAARUIT מְזֹמֵר ONTSTAAN HET

Herzog (1971:1304) sê dat die Hebreeuse woord מְזֹמֵר in Grieks vertaal is met ψαλμός. Hierdie Hebreeuse term kom altesaam 57 keer in die opskrifte van die Psalms voor. Daar is wel getuienis van 'n Palestynse gebruik om na al die Psalms saam te verwys as die meervoudsvorm van מְזֹמֵר, selfs waar die tegniese term מְזֹמֵר in die opskrifte ontbreek het. Barth (1980:94) sê dat die woord מְזֹמֵר 'n laat verbuiging van die werkwoord moes gewees het, omdat hierdie woord nie in die Qumran-geskrifte gebruik word nie.

Van Rooy (2008:15) maak daarvan melding dat musiek in Israel by uitstek as middel om blye gevoelens te uiter gedien het. Verskeie instrumente is gebruik, veral snaarinstrumente, blaasinstrumente, asook liggaamlike uitdrukkings en bewegings (vergelyk Psalm 15). 'n Groot verskeidenheid instrumente word in die Bybel vermeld: siters (Openbaring 5:8), snaarinstrumente (Habakuk 3:19), horings, trompette, luidklinkende simbale, harpe, liere (1 Kronieke 15:28-29), tamboeryne (Eksodus 15:20), 'n tiensnarige instrument (Psalm 92:4 – 1953-vertaling), fluite (Psalm 150:4) en galmende simbale (Psalm 150:5). Uit Van Rooy (2008: 15) se bevindings is dit dus duidelik dat binne die tradisie van die Psalmbundel daar nie net na snaarinstrumente verwys word nie, maar ook na talle ander instrumente.

### 2.4.2 DIE TRADISIES WAARUIT תְּהִלִּים ONTSTAAN HET

Herzog (1971:1304) maak melding dat geen Hebreeuse titel aanvanklik vir die bundel bestaan het nie. Die Hebreeuse naam vir die boek in Rabbynse literatuur was סֵפֶר תְּהִלִּים. Dit is ook weerspieël deur die vertalings van die Palestynse Kerkvaders soos Origenes en Hiëronimus.

Weiser (2000:20) toon aan dat in die Hebreeuse Bybel die boek van Psalms oorspronklik nie 'n algemene titel gehad het nie. Hy maak verder daarvan melding dat die Ou Nabye-Oosterse Jode dit תְּהִלִּים genoem het, wat vertaal kan word met *lofsange*. Hy sê dat die manlike vorm van die woord op die boek in sy geheel dui, terwyl die vroulike vorm op 'n individuele titel binne die Psalmboek bv. Ps. 145 dui.

Goldingay (2006:25) huldig dieselfde argument as hy sê dat so teruggaan kan word, die Bybelboeke oorspronklik geen titels gehad het nie. Soos ander Ou Nabye-Oosterse werke is daar na boeke soos Genesis verwys deur die woorde te gebruik waarmee die boek begin.

Uit die Hebreeuse taal is dit duidelik dat die enkelvoud van תְּהִלִּים die woord תְּהִלָּה is. Hierdie woord is vroulik, maar die verbuiging daarvan in die meervoud is manlik. Anderson

(1972a:24) sê dat die woord תהלהים wel 'n tegniese term vir die boek van Psalms kon gewees het, omdat die normale meervoudsvorm van תהלה, תהלות, תהלות is.

Alhoewel die element van lofprysing sterk in hierdie begrip na vore kom, toon Terrien (2003:10) aan dat al die Psalms nie *lofsange* is nie. Die bundel bevat ook ander tipe Psalms, soos klagtes en gebede. Die Psalmbundel is egter so vroeg soos die tweede eeu v.C. vir sang in die tempel in Jerusalem en in die sinagoges waar die Jode onder Diaspora was, gebruik. Herzog (1971:1305) wys daarop dat die Middeleeuse Hebreeuse skrywers soos Mishaël b. Uzziel en Abraham ibn Ezra na die boek verwys as *Sefer Tehillot*. Of hulle hierdie benaming uit tradisie gegee het of uit die verlange om die Bybelse Hebreeuse vorm te behou, is moeilik om te bepaal.

Herzog (1971:1306) voeg by dat die woord תהלהים sonder twyfel afkomstig is van die werkwoord הלל in Hebreeus en dat hierdie werkwoord verskeie kere in die Psalms voorkom. Gerstenberger (1991:27) sluit aan by hierdie argument deur te sê dat die Psalmbundel die Hebreeuse naam ספר תהלהים (boek van lofprysing) ontvang en dat lofprysing eers later die verantwoordelikheid van die Levitiese sangers was (1 Kron. 16:7; 23:5, 30; 25).

Anderson (1972a:23) maak melding daarvan dat die woord תהלה 28 keer in die Psalmbundel genoem word. Philo, die Joodse geleerde van Alexandrië verwys na die Psalmbundel deur die term ὑμνοίς te gebruik, wat wys na die Hebreeuse תהלהים. Hierdie opskrif vir die Psalmbundel תהלהים word ook in die Joodse Targums aangetref.

### 2.4.3 DIE TRADISIES WAARUIT ψαλμός ONTSTAAN HET

Smith (1996) maak melding dat daar twee tradisies vir die titel van die Psalmbundel is wat verteenwoordig word in die Griekse Ou Testament. Kodeks Vaticanus (4de eeu n.C.) ken ψαλμοί as titel aan die Psalmbundel toe. Hierdie titel is ook die een wat in die Nuwe Testament gevind word. Jesus verwys na die “boek van Psalms” (Luk. 20:42) en Petrus doen dit ook in Hand. 1:20.

Die tweede Griekse tradisie word gevind in Kodeks Alexandrinus (5de eeu v.C.), waar die boek die naam *Psalteriou* gekry het. Dit is die afkoms van die Latynse naam vir die bundel, naamlik: *Psalterium*. Verder het die Engelse woord *Psalter* uit hierdie tradisie ontstaan. Hierdie term verwys na 'n snaarinstrument wat gewoonlik gebruik is in die begeleiding van Psalms.

Craigie (1983:31) noem dat, alhoewel die titel van die bundel soos ons dit vandag ken sy ontstaan uit die tradisie van die LXX het, daar tog geen enkele woord is wat die rykdom en diversiteit van die poësie en religieuse denke en uitdrukkings in die Psalms kan omskryf en bevat nie.

## 2.5 HOOFSTUKSAMEVATTING

Die volgende samevattende gevolgtrekkings kan gemaak word aangaande die betekenis en die tradisies van die terme wat in hierdie hoofstuk bespreek is:

1. Dit is moeilik om 'n presiese datering vir die vertaling van die Septuagint vas te stel. Dit kan moontlik dateer uit die middel van die eerste eeu v.C. of vroeër.
2. Die Makkabese ontstaan van sekere Psalms is ongegrond as die invloed van die Ugaritiese taal, die afwesigheid van Griekse linguistiek, die afwesigheid van hellenistiese teologie en die verskil van die Qumran-Psalms met betrekking tot die kanonieke Psalmbundel in ag geneem word.
3. 'n Ontwikkeling in betekenis van die werkwoorde en selfstandige naamwoorde wat in hierdie hoofstuk bestudeer is, kan waargeneem word.
4. Die gebruik van die werkwoorde זמר, הלל en ψάλλω hang ten nouste saam met die element van lofprysing in die Psalmbundel.
5. Die begrip מְזִמֹּר hang saam met sang en die bespeling van musiekinstrumente en kom in die opskrifte van 57 Psalms voor.
6. Lofprysing tot God is ingebed in die vergadering van die gemeente, daarom word 'n onmiskenbare element van lofprysing in הלל gevind.
7. As die element van lofprysing so 'n groot rol in die Psalmbundel speel, dan kan die titel תְּהִלִּים nie misgekyk word as oorkoepelende titel van die Psalmbundel nie.
8. Dit is duidelik dat so ver aan ons bekend is die Bybelboeke oorspronklik geen titels gehad het nie.
9. Die woord תְּהִלִּים kon wel 'n tegniese term vir die Psalmbundel gewees het, omdat die normale meervoudsvorm van תְּהִלָּה, תְּהִלוֹת is.

## HOOFSTUK 3

### DIE ROL VAN PSALM 145 AS תהלה EN ANDER PSALMOPSKRIFTE IN DIE PSALMBUNDEL

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word spesifiek die rol van Psalm 145 as תהלה binne die geheel van die Psalmbundel bespreek. Verdere aandag word geskenk aan die Psalm-opskrifte oor die algemeen in die Psalmbundel.

Daar word gekyk na die plek van Psalm 145 in die geheel van die Psalmbundel. Die rede is dat Psalm 145 die enigste Psalm is met die opskrif תהלה. Daar word uit die bevindings van die studie sekere afleidings gemaak. Psalm 145 word vergelyk met Psalms wat in die bundel naby daaraan geplaas is. Daar word gekyk na die funksie van Psalm 145 as doksologie in die geheel van die Psalmbundel. Daar word verder spesifieke aandag gegee aan die struktuur van Psalm 145.

In die tweede gedeelte van dié hoofstuk word daar aandag gegee aan die ander Psalm-opskrifte in die Psalmbundel. Sake soos die Psalms “van Dawid” en die tegniese terme in die opskrifte self, geniet aandag. Laastens word daar oorsigtelike aandag gegee aan die inligting wat spesifieke Psalms vermeld wat verband hou met ander dele in die Bybel. Daar word dan met ’n oorsigtelike gevolgtrekking oor die hele hoofstuk afgesluit.

#### 3.2 DIE ROL VAN PSALM 145 AS תהלה IN DIE GEHEEL VAN DIE PSALMBUNDEL

##### 3.2.1 PLEK VAN PSALM 145 IN DIE GEHEEL VAN DIE PSALMBUNDEL

Anderson (1972b:936) en Allen (1983:297) maak melding dat Psalm 145 se kultiese plasing die Herfsfees is. Anderson (1972b:935) noem dat Psalm 145 ’n akrostiese Psalm is en dat elke vers met die daaropvolgende letter in die Hebreeuse alfabet begin.

Oor die rede hoekom Psalm 145 so geskryf is, toon De Groot (1941:57) aan dat die Psalm destyds makliker gememoriseer kon word. Eaton (2003:19) voeg by dat die volgende Psalms in die bundel van dieselfde tipe Psalms is: Ps. 9; 10; 25; 34; 37; 111; 112 en 119. Buite die Psalmbundel vind ons hierdie akrostiese struktuur ook in Spreuke 31:1-10; Klaagliedere 1; 2; 3 en 4 en Nahum 1:2-8. Eaton (2003:19) sê dat die akrostiese skryfstyl eie is aan die tyd voor die ballingskap.

Terrien (2003:904) maak verder 'n goeie stelling oor die plek van Psalm 145 in die geheel van die Psalmbundel. Hy sê dat die taal wat in die Psalm gebruik word vir die leser 'n goeie aanduiding is dat dit aan die einde van die bundel tuishoort. Woorde soos “Geloofd”, “verklaar”, “belofte”, “grootheid”, “majesteit” en “glorie” is volgens hom taal wat by 'n lofprysing tuishoort en daarom ook 'n geskikte Psalm is om deel uit te maak van die Psalms waarmee die bundel afsluit (Ps. 145-150) waarvan lofprysing die grootste tema uitmaak.

Om die spesifieke plek van Psalm 145 in die Psalmbundel vas te stel word daar in hierdie studie veral aan die volgende twee sake aandag gegee:

### 3.2.1.1 DIE BEWEGING VAN PSALM 142 EN 143 NA PSALM 145

Dit is duidelik dat Ps. 142 en 143 gebede is waarin Dawid sy nood tot God uitspreek:

|               |   |
|---------------|---|
| Psalm 142:1-2 | 'n ONDERWYSING van Dawid, toe hy in die spelonk was. 'n <b>Gebed</b> (הַתְּפִלָּה). Hardop roep ek die HERE aan, hardop smee ek die HERE. |
| Psalm 143:1   | 'n PSALM van Dawid.<br>o HERE, hoor my <b>gebed</b> (הַתְּפִלָּה); luister tog na my smeking; verhoor my in u trou, in u geregtigheid.    |
| Psalm 145:1   | 'n <b>LOFLIED</b> (הַתְּהִלָּה) van Dawid.<br><i>Alef.</i> o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd.         |

Daar kan verder ook binne 'n Psalm self beweeg word vanaf gebed na lofprysing:

|           |  |  |
|-----------|--|--|
| Psalm 28  | (vers 2) - Hoor die stem van my smeking as ek U aanroep om hulp, as ek my hande ophef na die binneste van u heiligdom. | (vers 7) - Die HERE is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang. |
| Psalm 102 | (vers 2) - o HERE, hoor my gebed, en laat my hulpgeroep tot by U kom!  | (vers 22) - sodat hulle in Sion die Naam van die HERE kan vermeld en sy lof in Jerusalem.  |

Die Hebreuse woord vir gebed is תְּפִלָּה. Volgens Hengstenberg (1896:533) is dit in die koninkryk van Dawid gevind dat daar konstant op die תְּפִלָּה 'n תְּהִלָּה gevolg het. Goldingay

(2006:67-69) brei veral uit op hierdie konsep van Hengstenberg. Goldingay wys daarop dat die elemente van lofprysing, danksegging, protes, vertrouwe en gehoorsaamheid elemente is wat deur die Psalmbundel vervleg is en dat 'n mens nie spesifiek lofpsalms of klaagpsalms in die Psalmbundel aantref nie.

Goldingay (2006) vra egter wat die verband tussen gebed en lofprysing is. Vir die doel van hierdie studie is dit 'n goeie vraag waaraan aandag gegee moet word. Goldingay steun veral op die werk van Westermann (1981:15-35) wat 'n meer dialektiese verhouding tussen lofprysing en gebed sien. Hy sê dat daar in die bundel nie een uiting van gebed in nood is wat nie ten minste een stap in die rigting van lofprysing gee nie. Hy noem Psalm 88 as moontlike uitsondering op hierdie reël. Westermann (1981) identifiseer twee tipes Psalms, nl.: klaagliedere en lofliedere. Hy onderskei verder tussen twee tipes lofliedere nl.: verklarende en beskrywende lofprysing. Westermann (1981) wys verder daarop dat baie psalms verklarend van aard is en noem Psalm 145 as 'n uitstekende voorbeeld van 'n Psalm wat beide vorme van lofprysing bevat. Hy sê verder dat die beskrywings rus op die verklarings. Ook Grogan (2008:272) sê dat die Psalmdigter se gedagtes rondom God hom tot dankbaarheid en lofuiting gebring het. Hy noem dat Psalm 145 'n Psalm van lofprysing is waarin God se daede in die natuur bevestig word.

Volgens Bullock (2004:184) inkorporeer die klaaglied van die individu en die klaaglied van die gemeenskap woorde van vertrouwe en bied 'n belofte tot lofprysing. Hy sê verder dat buiten die feit dat klaagpsalms 'n innerlike beweging van klag na lof vertoon, daar ook Psalms van gebed is wat strategies by Psalms van lofprysing geplaas word in die bundel. Hierdie Psalms waar gebed sterk na vore kom bevat volgens Bullock ook danksegging vir verlossing en daar moet aan hierdie Psalms as lofprysing gedink word.

### **3.2.1.2 DIE FUNKSIE VAN PSALM 145 AS DOKSOLOGIE IN DIE GEHEEL VAN DIE PSALMBUNDEL**

Longman (1988:43) en Vos (2005:43) noem dat die Psalmbundel in vyf boeke verdeel is, heel moontlik om 'n parallel te vorm met die vyf boeke van Moses. Die indeling sien soos volg daaruit:

- Boek 1 – Psalm 3-41
- Boek 2 – Psalm 42-72
- Boek 3 – Psalm 73-89
- Boek 4 – Psalm 90-106
- Boek 5 – Psalm 107-150

Waltke & Houston (2010:22) wys daarop dat die meeste geleerdes dit eens is dat hierdie doksologieë deel was van die oorspronklike Psalm waaraan dit geheg is.

Waltke (2007:884) noem dat Psalm 1 en 2 aanvaar word as inleiding tot die Psalmbundel in geheel en dat Psalm 146-150 as slot van die Psalmbundel gesien kan word. Vos (2005:74) sien Psalm 2 in die geheel van die bundel as inleiding vir die eerste drie boeke (sien boekindeling hier bo) in die Psalmbundel. Vos (2005:75) volg ook die inhoudelike lyn van die Psalmbundel en sê dat Psalm 1 en 2 bestudeer moet word saam met Psalm 149-150, omdat die boodskap van die boek (lofprijsing aan Jahwe) so duidelik na vore kom. Hy toon verder aan dat die klaaglied in Psalm 89 (veral vers 39-52) aangaande die einde van die Dawidiese koningskap in balans is met Psalm 2 wat verduidelik dat Jahwe die Dawidiese beloftes sal vervul. Die laaste Psalm van elke boek bevat 'n doksologie wat baie ooreenkomste toon in taalgebruik met mekaar (Longman 1988:43). Daarom is dit belangrik om Ps. 145 met die ander doksologieë in die bundel te vergelyk om aan te toon of daar enige ooreenkomste is:

| Psalm        | Doksologie in Afrikaans   | Doksologie in Hebreeus   |
|--------------|---|--|
| Psalm 41:14  | Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid! Amen, ja amen.                           | בָּרוּךְ יְהוָה אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל<br>מִהָעוֹלָם וְעַד הָעוֹלָם אָמֵן<br>וְאָמֵן:                          |
| Psalm 72:19  | En geloofd sy vir ewig sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met sy heerlijkheid vervul word! Amen, ja amen. | וּבְרִינָהוּ יֵשֶׁם כְּבוֹדוֹ<br>לְעוֹלָם וַיִּמְלֵא כְבוֹדוֹ אֶת-כָּל<br>הָאָרֶץ אָמֵן וְאָמֵן:           |
| Psalm 89:53  | Geloofd sy die HERE vir ewig! Amen, ja amen.  | בָּרוּךְ יְהוָה לְעוֹלָם אָמֵן<br>וְאָמֵן:   |
| Psalm 106:48 | Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot ewigheid! En laat die hele volk sê: Amen. Halleluja!  | בָּרוּךְ יְהוָה אֱלֹהֵי<br>יִשְׂרָאֵל מִן-הָעוֹלָם וְעַד הָעוֹלָם<br>וְאָמַר כָּל-הָעָם אָמֵן הַלְלוּ-יָהּ |
| Psalm 145:21 | My mond sal die lof van die HERE uitspreek, en laat alle vlees sy heilige Naam loof vir ewig en altyd.          | תְּהַלֵּל יְהוָה יוֹדְכֶר-פִּי<br>וַיְבָרֵךְ כָּל-בֶּשֶׂר יְשֵׁם קִדְשׁוֹ<br>לְעוֹלָם וָעֶד                |

Dit is duidelik dat daar vier komponente in die laaste vers van Psalm 145 is wat ooreenstem met die doksologieë aan die einde van die ander Psalms. Soos hierbo aangedui, is daar veral vier elemente wat onmisbaar is: “HERE,” “Loof,” “Naam” en “Vir ewig en altyd.” Hierdie is tipiese doksologiese taal aan die einde van elke boek, wat ook in Psalm 145 gevind word.

Daar word dus in hierdie studie nie saamgestem met die bevindings van Futato (2002:85) wat sê dat Psalm 41, 72, 89 en 106 as doksologieë funksioneer vir die afsonderlike boeke (1 - 4) in die bundel nie en dan verder sê dat Psalm 146-150 as doksologie dien vir die vyfde boek en vir die bundel in geheel. Broyles (1999:5) stel slegs Psalm 150 as doksologie vir boek vyf en die res van die Psalmbundel. Uit bogenoemde bevindings is dit duidelik dat Psalm 145:21 ook elemente van taal bevat wat eie is aan ’n doksologie. Die moontlikheid bestaan dus dat Psalm 145:21 as doksologie van boek 5 kon funksioneer en dat Psalm 146-150 as doksologie van die Psalmbundel in sy geheel kon funksioneer. Uit bogenoemde inligting dui Vos (2005:75) ook die belangrikheid van die verhouding tussen Psalm 1-2 en Psalm 149-150 duidelik aan. Bogenoemde inligting in die tabel lig ook die belangrike plek van Psalm 145 in die geheel van die Psalmbundel uit. Eaton (2003:42) sluit ten minste Psalm 145 in by die doksologie van die Psalmbundel in sy geheel. Daarom moet daar saamgestem word met die argument van Eaton dat Psalm 145 ’n doksologiese funksie in die Psalmbundel vervul. Uit bostaande vergelyking is dit egter duidelik dat Psalm 145 moontlik gedien het as doksologie vir die vyfde boek in die bundel, terwyl Psalm 146-150 gedien het as doksologie vir die bundel in geheel. Grogan (2008:348) huldig ook hierdie standpunt deur te sê dat dit opvallend is dat Psalm 145 en die Psalms wat daarop volg die finale *Hallel* van die Psalmbundel uitmaak.

### **3.2.2 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings ’n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Die woordeskat wat in Psalm 145 gebruik word dui duidelik daarop dat dit ’n loflied is.
2. Daar is in die Psalmbundel as geheel en in sommige van die Psalms individueel ’n konstante beweging vanaf gebed (הַפְלֵה) na loflied (הַלְלֵה).
3. Die feit dat Psalm 145:21 so baie ooreenkomste met die doksologieë aan die einde van die afsonderlike boeke (1 - 4) in die Psalmbundel toon, kan daarop wys dat Psalm 145 as doksologie dien vir boek vyf van die Psalmbundel en Psalm 146-150 as

doksologie vir die Psalmbundel in sy geheel. Hierdie moontlikheid lig dus die belangrike plek van Psalm 145 in die bundel uit.

### 3.3 DIE STRUKTUUR VAN PSALM 145

Soos reeds genoem het Psalm 145 'n Akrostiese struktuur. Anderson (1972b:935) sê dat die vers wat begin met die letter *nûn* per ongeluk weggelaat is, maar dat dit behoue gebly het in die 11QPs<sup>a</sup>-manuskrip wat by Qumran ontdek is. Eaton (2003:473) val terug op die werk van Cassiodorus (soos deur Eaton aangehaal) deur aan te toon dat die weglating van die letter *nûn* wys op die onvolmaaktheid van die aardse lofprijsing. Eaton wys verder daarop dat 'n Qumran-rol die laaste vers van hierdie Psalm herhaal na elke vers. Terrien (2003:904) maak melding daarvan dat die letter *nun* behoue gebly het in die LXX, Vulgaat en Siriese vertaling, maar gee nie aandag aan die rede waarom dit in die Masoretiese teks ontbreek nie. Goldingay (2008:695) noem egter dat hierdie Psalm 'n nie-voltooide akrostiese Psalm is. Hy sê dat daar geen veronderstelling is dat die Psalm oorspronklik voltooid was nie. Hy noem dat 11QPs<sup>a</sup> en die LXX die letter *nun* en sy vers in die Psalm insluit. Hy sê egter dat dit waarskynlik die onvermoë van die tradisies was om die oorspronklike te behou.

Hoe dit ook al sy, die kans is groot dat daar met die oorskryfproses moontlik 'n fout van die oog kon wees sodat hierdie vers per ongeluk uitgelaat is, daarom maak die eerste argument van Goldingay wat sê dat dit die onvermoë van die mens was om die oorspronklike te behou, sin. 'n Uitvloeisel hiervan dui op die onvolmaaktheid van die menslike lofprijsing.

Die Psalm is 'n lofsang en word ook verder deur Anderson (1972b:936) 'n imperatiewe Psalm genoem. Hy noem dit imperatief in die sin dat dit 'n oproep tot lofprijsing bevat. In hierdie Psalm vind ons drie oproepe tot lofprijsing: vers 1-2; vers 4-7 en vers 10-12. Op elkeen van hierdie oproepe tot lofprijsing volg 'n beskrywing van Jahwe se karakter en sy werke - in vers 3; vers 8-9 en vers 13-20.

Allen (1983:295) verdeel die Psalm in twee dele nl.: vers 1-9 en vers 10-20. Hy sê dat die rede vir lofprijsing in vers 13-20 tweevoudig daaruit sien:

- Eerstens in vers 13-16, Jahwe se algemene genade en sy voorsienigheid in die heelal.
- Tweedens in vers 17-20, sy besondere genade aan die gelowige gemeenskap.

Broyles (1999:504) dui aan dat daar in die Psalm tussen die twee persoonlike voornaamwoorde “U” en “Hy,” iets in die struktuur van die Psalm te bespeur is. Wanneer daar in die grootste deel van die Psalm van “U” gepraat word beskryf dit die daad van lofprijsing of die oproep tot lofprijsing (vers 1-2, 4-7, 10-12). Wanneer daar in hierdie Psalm van “Hy” melding gemaak word, word daar ingegaan op die inhoud van lofprijsing. Dit

beskryf Jahwe deur byvoeglike naamwoorde (vers 3, 8-9, 13, 17-18) of deur werkwoorde (vers 14, 19-20).

Volgens Hengstenberg (1869:533) is die struktuur van hierdie Psalm in drie strofes verdeel wat elk uit sewe verse bestaan. Die drie strofes waaruit die Psalm bestaan kom ook ooreen met die drie kenmerke van God en die rede waarom sy lof besing word, nl. Hy is groot גדול יהוה, Hy is goed טוב יהוה en Hy is regverdig צדיק יהוה .

Dit kan soos volg in tabelvorm gesien word:

|                           | <b>Rede waarom God prysenswaardig is</b> | <b>Spesifieke vers</b> |
|---------------------------|--|------------------------|
| Eerste strofe (Vers 1-7)  | Die HERE is Groot                        | Vers 3 גדול יהוה       |
| Tweede strofe (Vers 8-13) | Die HERE is Goed                         | Vers 9 טוב יהוה        |
| Derde strofe (Vers 14-20) | Die HERE is Regverdig                    | Vers 17 צדיק יהוה      |

### 3.3.1 DIE SKEMATIESE STRUKTUUR VAN PSALM 145

#### Eerste oproep tot lofprysing (Vers 1-2):

*Alef.* o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd.  
*Bet.* Elke dag wil ek U loof en u Naam prys vir ewig en altyd.

#### Eerste rede vir lofprysing (Vers 3): Jahwe se Grootheid

*Gimel.* Die HERE is groot en baie lofwaardig, en sy grootheid is ondeurgrondelik.

#### Tweede oproep tot lofprysing (Vers 4-8):

*Dalet.* Die een geslag prys u werke by die ander, en hulle verkondig u magtige dae.  
*He.* Ek wil spreek van die glans van u heerlike majesteit en van u wonderbare dae.  
*Wau.* En hulle sal spreek van die krag van u vreeslike dae, en u grootheid wil ek vertel.  
*Sajin.* Hulle sal die gedagtenis van u grote goedheid laat uitstroom en jubel oor u geregtigheid.  
*Get.* Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

#### Tweede rede vir lofprysing (Vers 9): Jahwe se Goedheid

*Tet.* Die HERE is vir almal goed, en sy barmhartighede is oor al sy werke.

### Derde oproep tot lofprysing (Vers 10-13):

*Jod.* Al u werke loof U, o HERE, en u gunsgenote prys U.

*Kaf.* Hulle maak melding van die heerlikheid van u koninkryk en spreek van u mag,

*Lamed.* om aan die mensekinders sy magtige daade bekend te maak en die glansryke heerlikheid van sy koninkryk.

*Mem.* U koninkryk is 'n koninkryk van alle eeue, en u heerskappy duur deur al die geslagte.

### Derde rede vir lofprysing (Vers 14-20): Jahwe se Regverdigheid

#### (Vers 14-16) - Jahwe se algemene genade en sy voorsienigheid in die heelal.

*Samek.* Die HERE ondersteun almal wat val, en Hy rig almal op wat neergeboë is.

*Ajin.* Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd.

*Pe.* U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae.

#### (Vers 17-20) – Jahwe se besondere genade aan die gelowige gemeenskap

*Sade.* Die HERE is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al sy werke.

*Kof.* Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.

*Resj.* Hy vervul die wens van die wat Hom vrees, en Hy hoor hul hulpgeroep en verlos hulle.

*Sjin.* Die HERE bewaar almal wat Hom liefhet, maar Hy verdelg al die goddelose.

### 3.3.2 DIE INCLUSIO-PATROON IN PSALM 145

Vers 1: 'n LOFLIED van Dawid. *Alef.* o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd.

תְּהִלָּה לְדָוִד אֲרוֹמָמָה אֱלֹהֵי הַמַּלְכוּת וְאַבְרָהָה שְׁמִי לְעוֹלָם וָעֶד

Vers 21: *Tau.* My mond sal die lof van die HERE uitspreek, en laat alle vlees sy heilige Naam loof vir ewig en altyd.

תְּהִלַּת יְהוָה יְדַבֵּר-פִּי וַיְבָרֵךְ כָּל-בִּשְׂרָף יֵשׁ קִדְשׁוֹ לְעוֹלָם וָעֶד

Die *inclusio*-patroon in hierdie Psalm is duidelik tussen die eerste en die laaste vers. Daar kan ook nie twyfel ontstaan oor die geldigheid van die opskrif bo hierdie psalm nie, omrede die תְּהִלָּה-tema regdeur die psalm strek en weer in die laaste vers herhaal word.

Ridderbos (1962:9) vra die vraag waarom die tegniese term הללה slegs in die opskrif van Psalm 145 voorkom en nie in ander opskrifte êrens elders nie? Die beste vertaling vir הללה is sekerlik “loflied.” Volgens Ridderbos (1962:9) sou hierdie term in die opskrif van baie Psalms gepas gewees het, bv. Ps. 17. Die opskrif הללה sou ook aan elke Psalm van lofprysing in die Psalmbundel gebruik kon word as geskikte tema (Bellinger 1990:81):

#### PSALMS VAN LOFPRYSING:

##### Algemene lofprysing:

|         |         |         |         |         |
|---------|---------|---------|---------|---------|
| Ps. 29  | Ps. 103 | Ps. 114 | Ps. 135 | Ps. 147 |
| Ps. 33  | Ps. 105 | Ps. 115 | Ps. 139 | Ps. 149 |
| Ps. 68  | Ps. 111 | Ps. 117 | Ps. 145 | Ps. 150 |
| Ps. 100 | Ps. 113 | Ps. 134 | Ps. 146 |         |

##### Lofprysing oor die skepping:

|        |         |
|--------|---------|
| Ps. 8  | Ps. 104 |
| Ps. 19 | Ps. 148 |
| Ps. 65 |         |

##### Lofprysing vir troonbestyging

|        |        |
|--------|--------|
| Ps. 47 | Ps. 97 |
| Ps. 93 | Ps. 98 |
| Ps. 95 | Ps. 99 |
| Ps. 96 |        |

##### Sionspsalms

|        |         |
|--------|---------|
| Ps. 46 | Ps. 84  |
| Ps. 48 | Ps. 87  |
| Ps. 76 | Ps. 122 |

##### Lofprysing in liturgie

|        |
|--------|
| Ps. 15 |
| Ps. 24 |

##### Lofprysing met Profetiese waarskuwing:

|        |
|--------|
| Ps. 50 |
| Ps. 81 |
| Ps. 82 |

##### Psalms van vertroue:

|         |         |
|---------|---------|
| Ps. 23  | Ps. 125 |
| Ps. 91  | Ps. 131 |
| Ps. 121 |         |

### 3.3.3 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. In Psalm 145 word drie redes vir lofprijsing gemeld (God se grootheid לְגָדְלוֹ, goedheid טוֹב en geregtigheid צְדִיקָה). Hierdie drie kenmerke van God bepaal ook die struktuur van Psalm 145, soos hierbo aangedui.
2. Uit hierdie drie kenmerke van God is dit duidelik dat lofprijsing nie in die mens gesetel is nie, maar dat die mens geskep is met die doel om God se lof te besing.
3. Die inclusio-patroon in vers 1 en vers 21 van Psalm 145 maak dit aan ons duidelik dat die Psalm in sy geheel 'n loflied (תְּהִלָּה) voor God is.
4. Die term (תְּהִלָּה) kon net sowel 'n gepaste opskrif in baie ander Psalms gewees het, wat die lof van die Here as kern van die Psalm besing.

### 3.4 DIE ROL VAN ANDER PSALMOPSKRIFTE IN DIE GEHEEL VAN DIE PSALMBUNDEL תְּהִלָּים

#### 3.4.1 PSALMOPSKRIFTE MET DIE WOORDE: לְדָוִד

Waltke (2007:872) en Eaton (2003:6) spreek hulle uit oor die hele kwessie rondom die outeurskap van die Psalms met die opskrifte לְדָוִד. Goldingay (2006:26) vra 'n belangrike vraag: “*What does the expression ‘of David’ imply?*” In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord moet daar eers gekyk word na die betekenis wat enkele woordeboeke daaraan heg.

Clines (2009:186-187) gee in *The concise dictionary of Classical Hebrew* 23 moontlikhede vir die betekenis:

- (1) Om besit aan te dui, (2) om rigting aan te dui, (3) dit kan vertaal word met “soos”, (4) om plek aan te dui, (5) om doel aan te dui, (6) dit kan vertaal word met “in verhouding met”, (7) dit kan vertaal word met “tot voordeel van”, (8) die voorsetsel kan gebruik word saam met die refleksiewe suffiks, (9) dit kan vertaal word met “in ooreenstemming met”, (10) dit kan vertaal word met “naamlik”, (11) dit kan vertaal word met “ten bedrae van”, (12) dit kan die objek aandui, (13) dit kan die agent aandui, (14) dit kan die oorsaak aandui, (15) dit kan 'n metgesel aandui, (16) dit kan die instrument aandui, (17) dit kan vertaal word met “in die beraming van”, (18) dit

kan vertaal word met “teen”, (19) dit kan vertaal word “sonder”, (20) dit kan vertaal word met “inderdaad”, (21) dit kan die vokatief aandui en vertaal word met “O!”, (22) dit kan rigting aandui, (23) dit kan saam met die verbuigbare infinitief ’n doelaanwysende funksie vertolk.

Verder gee Köhler en Baumgartner (1995:508-510) ook 26 verskillende betekenis van die voorsetsel הָ deur:

- (1) Dit dui op beweging “tot/na”, (2) dit kan dui op die doel van beweging, (3) dit kan ’n temporele funksie vervul “totdat”, (4) dit kan op rigting dui, (5) dit kan vertaal word met “weg van”, (6) dit kan saam met werkwoorde van spraak gebruik word “aangaande”, (7) dit kan die doel van ’n aksie uitdruk, (8) dit kan gebruik word saam met die datief om die bevoordeelde of benadeelde uit te druk, (9) dit kan saam met die etiese datief gebruik word, (10) dit kan besit aandui, (11) dit kan datief van besit aandui, (12) dit kan gereedheid, beskikbaarheid of bekwaamheid aandui, (13) dit kan dui op die gevolg van ’n aksie, (14) dit kan saam met die genitief van verwantskap gebruik word, (15) dit kan in ’n genitief-konstruksie gebruik word, (16) dit kan die verhouding tussen die voorsetsel en die selfstandige naamwoord aandui, (17) dit kan ’n situasie uitdruk as dit saam met die selfstandige naamwoord gebruik word, (18) dit kan ’n distributiewe funksie saam met die selfstandige naamwoord vervul, (19) dit kan ’n presiese verhouding uitdruk, (20) dit kan die geheel in dele verdeel, (21) dit kan die akkusatief aandui, (22) dit kan vertaal word met “naamlik”, (23) dit kan ’n gevolg of motief inlei, (24) saam met die passiewe gebruik van die werkwoord kan dit die persoon van handeling uitdruk, (25) as die voorsetsel in opskrifte voorkom moet dit onvertaald gelaat word, (26) die voorsetsel kan saam met die infinitief gebruik word wat ’n doelaanwysende funksie verrig.

Akademici soos Broyles (1999:27-28), Goldingay (2006:27), Eaton (2003:6-7) en Craigie (1983:35) probeer die moontlikhede vir die gebruik van die voorsetsel הָ met betrekking tot die opskrifte van die Psalms beperk:

- “aan” – Die psalm is geadresseer of opgedra aan Dawid of die Dawidiese koning in die hede of toekoms.
- “behoort aan” – Verwysend na “behoort aan die Koragiete”, Psalm 42. Hierdie Psalm behoort aan ’n versameling wat deur Dawid of die Dawidiese koning bemagtig is.
- “vir” – Die Psalm kan vir Dawid of die Dawidiese koning, hede of toekoms, gedig gewees het om te gebruik of om van te leer.

- “namens” – ’n Gebed vir Dawid of die Dawidiese koning.
- “oor” – Die Psalm sal in die hede of toekoms ’n toedigting wees oor Dawid of die Dawidiese koning.
- “van/deur” – Die Psalm sou deur Dawid of die Dawidiese koning geskryf gewees het.

Broyles (1999:27) sê דָּוִדָּהּ kan na een van twee sake verwys:

- Eerstens kan die frase דָּוִדָּהּ verwys na Dawid as historiese individuele figuur.
- Tweedens kan dit verwys na die Dawidiese koning (Jer. 30:9; Eseg. 34:23-24; 37:24-25; Hos. 3:5 – Hierdie tekste belooft nie ’n opstanding uit die dood deur Dawid nie, maar ’n herstel van die Dawidiese dinastie).

Grogan (2008:34) noem dat die meeste van die negentiende eeuse akademici die outeurskap van Dawid, waar die opskrif דָּוִדָּהּ aanwesig is, verwerp het.

Harrison (1970:977) wys daarop dat die opskrifte moontlik of wel in sekere gevalle die gevolg kan wees van later wysigings met die doel om sekere historiese tradisies behou. Hierdie tradisies word gekoppel aan ontstaan, karakter, musiek of liturgiese informasie van die betrokke Psalm.

Childs (1971:148) volg dieselfde argumentasielyn, in die sin dat hy ook van mening is dat die Psalmopskrifte latere byvoegings tot die teks is. Hy kom tot die volgende gevolgtrekking: *“The conclusion that the titles are an extremely late post-exilic phenomenon is an important check against the growing tendency among some scholars to project the midrashic method back to the pre-exilic period without adequate discrimination.”* Childs volg dus die argumentasielyn van Mowinckel (1962:100) wat die Psalmopskrifte toeskryf aan ’n Midrashtyd.

Ook Craigie (1983:32) maak die opmerking, dat alhoewel die datering van die Psalmopskrifte nie vasgestel kan word nie, daar van die Psalmopskrifte is wat dateer vanuit die naballingskapperiode en die finale fase in die proses om die Psalmbundel saam te stel. Craigie (1983:35) wys verder daarop dat indien die voorsetsel met ’n eienaam gekoppel word (bv. Dawid, Salomo, Moses, ens.) dit heel waarskynlik nie dui op outeurskap nie.

Longmann (1988:40) kom tot die gevolgtrekking dat hierdie titels duidelik na die tyd van Dawid bygevoeg is. Bellinger (1990:8) noem drie redes waarom die meeste akademici dit eens is dat die Psalmopskrifte nie deel van die oorspronklike teks is nie, maar latere byvoegings:

- Die aantal verskille in die opskrifte van die Hebreeus, Grieks en Siriese weergawes van die Psalms.
- Die ooreenkomste wat die Psalms toon met ander Bybelse tekste, veral Kronieke. (Kronieke word volgens hierdie argument gedateer uit 'n na-ballingskapperiode wat nie die gebruik geken het om 'n opskrif aan 'n Psalm te heg nie.).
- Die ooreenstemming van die gegewens in die opskrif van die Psalm en die inhoud in ander dele van die Bybel waarmee dit ooreenstem is problematies.

Flint (1997:117) gaan nog verder met die argument en sê dat daar 'n algemene eenstemmigheid is dat die opskrifte van die meeste Psalms in die Masoretiese teks sekondêre byvoegings tot die individuele samestellings is. Hy sê verder dat - as gevolg van die sterk verband tussen die Psalms en die liturgie in Israel, beide gedurende die Eerste Tempel-periode en later - kom baie akademië tot die gevolgtrekking dat die Leviëte grotendeels verantwoordelik was vir die verskaffing en uitbreiding van die Psalmopskrifte.

Volgens Vos (2005:47) is daar Psalms wat kan terugdateer na die tyd van Dawid (Ps. 110), alhoewel daar konsensus is dat die opskrifte van die Psalms nie na outeurskap verwys nie. Die toevoeging van so baie Psalms na Dawid is gewortel in die tradisie en moontlik die feit dat Dawid 'n bedrewe digter en musikant was. Vos noem verder dat daar na geen ander koning so verwys word nie.

Die vertaling van *The New English Bible* gaan so ver deur die opskrifte van die Psalms weg te laat in die vertaling.

Al die bogenoemde akademië argumenteer daarvoor of die Psalmopskrifte latere byvoegings is, of dat die voorsetsel ʔ nie op outeurskap dui nie. Hierdie twee sake hang myns insiens onlosmaaklik saam. Tog is daar redes wat aangevoer kan word as bewys dat die Psalmopskrifte (indien nie oorspronklike byvoegings nie) outentiek is:

In teenstelling met bogenoemde akademië argumenteer Young (1949:288), Grogan (2008:35) en Waltke en Houston (2010:89-90) Openbaringshistories om die outeurskap van 73 van Dawid se psalms aan te toon:

- Dawid self was 'n talentvolle musikant – Dit word gesien in die feit dat hy goeie musiek kon maak voor die aangesig van Saul. Die profeet Amos maak ook melding van hierdie punt in Amos 6:5 - *Wat liedjies sing met begeleiding van die harp, wat net soos Dawid vir hulle musiekinstrumente uitdink!* Dawid het dus die musikale kennis gehad om die Psalms wat aan hom toegeskryf is te skryf en te komponeer. Dit word verder duidelik uit tekste soos 1 Sam. 16:15-23; 2 Sam. 1:17-27; 22:1; 23:1-7. In

hierdie gegewens bestaan daar dus 'n moontlikheid dat Dawid die Psalms wat aan hom toegeskryf is kon dig.

- Dawid was 'n ware digter – Een van Dawid se gedigte buite die Psalmbundel word gevind in 2 Samuel 1:19-27. Hierdie gedig getuig van iemand wat waarlik digterlike vernuf aan die dag gelê het. Daar is dus 'n waarskynlikheid dat Dawid met hierdie talent die Psalms wat aan hom toegeskryf is kon dig.
- Dawid was 'n man met diepe gevoel en ryke verbeelding: Die klaaglied oor Saul en Jonatan waarna hierbo verwys is (2 Samuel 1:19-27), wys dat Dawid sterk uitdrukking aan sy gevoelens kan gee. Die feit dat Dawid gesondig het en met soveel gevoel berou gehad het daarvoor moet ook in ag geneem word.
- Dawid was 'n man met ryke en 'n verskeidenheid van ervarings: So moes die skrywer van die Psalms ook gewees het. As mens na die lewe van Dawid kyk kan mens sien dat hy 'n skaapwagterseun, 'n vegter, 'n leier, 'n koning, 'n administrateur, 'n musikant, 'n skrywer, 'n digter, 'n gelowige man, 'n ouer en 'n mens met sonde was. Al hierdie eienskappe dra by tot die waarskynlikheid dat Dawid die Psalms wat aan hom toegeskryf is kon skryf.

Grogan (2008:35) wys op veral twee inhoudelike sake in die Psalms wat daarop kan wys dat Dawid moontlik die Psalms kon skryf:

- Die opskrif van Psalm 18 wat vergelyk moet word met 2 Samuel 22:1 wys daarop dat die redaktor geglo het dat Dawid hierdie spesifieke Psalm kon skryf.
- Psalm 72:20 maak melding van “*Hier eindig die gebede van Dawid, die seun van Isai.*” Redaksioneel kom hierdie woorde voor aan die einde van boek 2. Grogan (2008:35) sê dat hierdie woorde waarskynlik van toepassing is op die eerste 2 boeke in die Psalmbundel (Ps. 3-72) en nie net die eerste boek nie (Ps. 3-41), anders sou mens verwag dat die woorde van Psalm 72:20 voor die doksologie (vers 19) gevind sou word.

Die mees resente werk van Waltke en Houston (2010:90) vertoon ses argumente wat die moontlikheid versterk dat die Psalmopskrifte óf oorspronklike óf baie vroeë byvoegings kon gewees het:

- (1) Geen antieke weergawes van die Hebreeuse manuskripte laat die opskrifte weg nie, die verwerping van die oorspronklikheid van die Psalmopskrifte is voorveronderstellend en subjektief.
- (2) Die Sumeriese en Akkadiese rituele tekste wat dateer vanuit die derde millenium v.C. bevat titels wat ooreenstem met elemente in die Psalmopskrifte (Wilson 1985:13-24).

Hierdie vroeë elemente kan moontlik daarop dui dat daar 'n vroeë datering aan die Psalmopskrifte geheg kan word. Die Egiptiese liedere van die agtiende dinastie en later bevestig ook die gedagte dat die Psalmopskrifte oorspronklike skeppings is.

- (3) Sommige Psalms wat aan Dawid toegeskryf word is antiek, wat ook die oorspronklikheid van die Psalmopskrifte bevestig; Psalm 29 steun op 'n Kananitiese agtergrond.
- (4) Elke lofsang in die Ou Testament buite die Psalmbundel is voorsien van 'n opskrif (Eks. 15:1; Rig. 5:1; 1 Sam. 2:1; 2 Sam. 23:1 [vergeelyk met die opskrif van Psalm 18]; Jes. 38:9; Hab. 3:1).
- (5) Baie tegniese terme in die opskrifte van die Psalms was onduidelik aan die Griekse en Aramese vertalers. Dit wys op 'n verlengde gaping in tyd tussen die samestelling van die Psalms en die standpunte van die Rabbi's in die Mishnah vanaf 70-200 n.C.
- (6) Die kontras in linguistiese, stilistiese, strukturele, tematiese en teologiese sake tussen die Psalmbundel in die Masoretiese teks en die Psalms by Qumran (spesifiek 11QPs<sup>a</sup>) wys op die antiekheid van die Psalmbundel.

Waltke (2007:872-873), Terrien (2003:11) en Goldingay (2006:27) se metode van ondersoek blyk ook Openbaringshistories te wees met betrekking tot dele van die Skrif wat getuig dat Dawid 'n musikant en 'n skrywer van geestelike poësie was. In 1 Sam. 16:14-23 word vertel hoe Dawid vir Saul op die harp gespeel het. Ook Amos assosieer sy naam met die Tempelmusiek (Amos 6:5). Die skrywer van die Kronieke sê dat die musiekdiens deur Dawid ingestel is (1 Kron. 23:5; 2 Kron. 29:26; Neh. 12:36).

Waltke (2007:873) toon aan dat die betekenis van die voorsetsel  $\text{לְדָוִד}$  wat in die dae van die Kronieke-skrywer gebruik is, waarskynlik as “deur” verstaan moet word. Hy haal die werk van Sawyer (1970:6) aan wat daarop dui dat in die dae van die Kronieke-skrywer daar geen twyfel was dat die betekenis van die voorsetsel  $\text{לְדָוִד}$  “van Dawid” beteken het nie. Hy noem verder dat Ben Sirag (47:8-10), die Qumran-rolle (11QPs<sup>a</sup>), Josefus en die rabbi's die vertaling so verstaan het. Daar is dus genoeg getuienis dat die voorsetsel so verstaan kon word.

Goldingay (2006:27) wys daarop dat die voorsetsel  $\text{לְדָוִד}$  in Habakuk 3:1 duidelik op outeurskap dui.

תְּפִלָּה לְחַבְקִיָּם הַנְּבִיא עַל שְׂגִינֹת:

In bogenoemde voorbeelde moet veral twee sake aandag geniet:

- Die voorsetsel הָ word vasgeheg aan die eienaam (Habakuk). Taalkundig hou hierdie twee komponente verband met mekaar. Daar is dus 'n moontlikheid dat hierdie voorsetsel na outeurskap kan verwys.
- Aangesien Habakuk gereken word as deel van die profete in die Joodse Kanon bestaan die moontlikheid dat die voorsetsel הָ op outeurskap kan dui.

Nog 'n saak wat in ag geneem moet word, is die Nuwe Testamentiese gebruik van die Psalmopskrifte. Grogan (2008:35) wys daarop dat in sekere Nuwe Testamentiese gedeeltes die skrywer van die Ou Testament slegs genoem word om die gedeelte vir die Nuwe Testamentiese lesers te plaas. Ander aanhalings wys egter spesifiek op die skrywers van die gedeeltes. Die Dawidiese outeurskap van Psalm 110 is 'n basiese en essensiële argument van Jesus self in Markus 12:36-40. In Handeling 2:25-36 berus Petrus se argument van Psalm 16 wat gekoppel word aan Psalm 110 ook op Dawidiese outeurskap. In Rom. 4:6-8 haal Paulus Psalm 32:1-2 aan as die woorde van Dawid.

Bellinger (1990:2) wys daarop dat die Psalms 'n groot invloed gehad het op die geskiedenis en die teologie. Hy toon verder aan dat die Psalms 'n belangrike plek ingeneem het in die lewe van die vroeë kerk (Kol. 3:16; Ef. 5:19; Mark. 14:26).

Young (1949:288), Eaton (2003:6) en Goldingay (2006:26) gebruik die Nuwe Testament as getuie om die argument van die Dawidiese outeurskap te versterk. Dit kan soos volg getabelleer word:

| <b>Nuwe Testamentiese verwysing</b>  | <b>Die Psalm wat na Dawid verwys</b> |
|--|--------------------------------------|
| <u>Hand. 2:25-28</u> – “Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie.”   | Psalm 16                             |
| <u>Rom. 4:6-8</u> – “Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke:”   | Psalm 32                             |
| <u>Hand. 1:16-20</u> – “Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van die wat Jesus gevange geneem het;”<br><u>Rom. 11:9</u> – “En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding.” | Psalm 69                             |

Mark. 12:36 – “Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het ’n voetbank van u voete.”

Psalm 110

Goldingay (2006:28) werk egter inkonsekwent met die gegewens, want hy gebruik bostaande tekste om te wys hoe die Psalms in die Nuwe Testament aan Dawid gekoppel word, maar oor die woorde van Jesus Christus in Markus 12:36 sê hy die volgende: “*So I do not think that Jesus’ comments on Psalm 110 constitutes a dominical declaration on its authorship.*” As hy dus konsekwent wil omgaan met gegewens beteken die ander tekste wat Dawid aan die Psalms koppel ook niks met betrekking tot outeurskap nie.

Young (1949:291-294) toon aan dat die volgende algemene argumente in die literatuur tot stand gekom het om die outeurskap van Dawid in die Psalms te verwerp:

1. Psalms wat die koning direk aanspreek of van hom in die derde persoon praat kan nie deur Dawid geskryf wees nie (Psalm 20, 21, 61, 63, 72, 110).
2. Sommige Psalms impliseer dat die tempel reeds bestaan het (Psalm 5, 27, 28, 63, 68, 69, 101, 138).
3. Psalms soos Psalm 139 vertoon trekke van die Aramese taal.
4. Dawid se geloofsteenstaanders was ’n kombinasie van private en politieke konflik. Hulle meen verder dat Psalms wat slegs impliseer dat die teenstanders ongelowiges was, nie deur Dawid geskryf kon gewees het nie (Psalm 9, 12, 14, 27, 35, 38, 101).

Bogenoemde argumente kan om die volgende redes problematies wees:

Van die Psalms wat in punt (1) genoem word, is Psalm 72 wat aan Salomo toegeskryf word nie relevant is vir ons bespreking nie. Die feit dat Dawid van homself in die derde persoon praat behoort geen twyfel te laat ontstaan oor sy outeurskap nie.

Dit sou moeilik gewees het om punt (2) verkeerd te bewys as daar spesifiek na die Jerusalemse tempel in die Psalms verwys word, omdat die tempel na Dawid se dood gebou is. Daar moet egter opgelet word dat daar na die Tabernakel verwys word as die *Heilige plek* (Eksodus 28:43; 29:30) en die huis van die Here (Josua 6:24); en die tabernakel by Silo word “die huis van God” genoem (Rigters 18:31), die huis van die Here (1 Samuel 1:7) en die tempel (1 Samuel 1:9; 3:3). Met hierdie gegewens in ag geneem, het Dawid heel moontlik in Psalm 27:4 na die tabernakel verwys. Die gegewens in Psalm 51:20 bly egter problematies. Psalm 51 verwys in sy opskrif na Dawid, maar daar word gepraat van die heropbou van die mure van Jerusalem, wat heel moontlik verwys na die na-ballingskapperiode.

Onder punt (3) is die teenwoordigheid van Aramees in die Psalm geen aanduiding van die ouderdom van die Psalm nie. Dawid het volke verslaan wat Aramees gepraat het. Die teenwoordigheid van die Aramese elemente en die ontdekking van die Ras esh-Sharmageskifte dui duidelik daarop dat Aramees teenwoordig was in die vroeë en laat datering.

In punt (4) gaan dit oor die misverstaan van die situasie self. Daar moet deurentyd gevra word wie die vyand in die Psalm is. Die feit dat Dawid sulke vyande gehad het, word duidelik uit tekste soos 1 Samuel 18-27 en 2 Samuel 15:18, 20, 22.

Waltke & Houston (2010:92) kom tot gevolgtrekking:

*“Against the prevalent skepticism of academics regarding the originality, and so the veracity, of the Psalms’ superscripts, both the universal tradition of Davidic authorship and empirical evidence support the notion that means “by David,” that David authored the psalms attributed to him, and that the historical notices that associate fourteen psalms with his career are credible.”*

Dit is interessant om daarop te let in watter mate akademici na die werk van Childs (1971) dieselfde standpunt oor die Psalmopskrifte nagevolg het. Meer resente werk soos Grogan (2008) en Waltke & Houston (2010) wys egter daarop dat daar meer waarde geheg word aan die Psalmopskrifte as in die verlede.

Daar is egter enkele sake wat aandag moet geniet:

Baie van die bostaande kritiese akademici (in navolging van Childs se argument) verwerp die waarskynlikheid dat die voorsetsel  $\text{ז}$  op outeurskap kan dui. Daar is egter ’n inkonsekwentheid in argumentasie. Die outeurskap word verwerp, maar in die benaming van sekere bundels in die Psalms word verwys na Dawidiese versamelings (Ps. 3-41; 51-72; 138-145) (Bellinger 1990:10; Vos 2005:43; Crenshaw 2001:5). Baie afleidings word gevolglik gemaak deur na die outeur te verwys: Psalm 72:20 wys na ’n vroeëre versameling. 2 Kronieke 29:30 wys daarop dat twee versamelings bestaan het in Hiskia se tyd. ’n Ander versameling waar die opskrifte behulpsaam is, is die versameling van die seuns van Korag (Psalms 42-49, 84, 85, 87 en 88).

Om by Waltke (2007:874) aan te sluit – volgens die opskrifte dateer Psalm 34, 52, 54, 56, 57, 59 en 142 vanuit die tyd van Dawid se ballingskap (1 Sam. 16-31); Psalm 18 en 60 uit die tyd toe hy voorspoed beleef het; en Psalm 3, 51 en 63 (2 Sam. 1-10) uit die tyd toe hy teëspoed ervaar het (2 Sam. 11-20). Psalms 7 en 30 se datering kan nie presies bepaal word nie.

Daar is ook 'n inkonsekwentheid in die aanvaarding van opskrifte en historiese gegewens in die geskiedkundige boeke (Eks. 15:1; Deut. 31:30, Rigters 5:1 en 2; 2 Sam. 22:1; Jona 2 en Jes. 38:9), maar die in die Psalmbundel word verwerp, alhoewel die sintaktiese ooreenstemming daar is.

Openbaringshistoriese argumentasie word nagelaat in baie van bostaande akademiese werk. Die Nuwe Testament bevestig in ten minste vier gevalle Dawid as outeur van Psalms wat aan hom toegeskryf is. Die woorde van Jesus Christus self in Matteus 22:41-46 en Markus 12:35-37 bevestig ook dat Dawid outeur van Psalm 110 was.

### **3.4.1.1 SAMEVATTING**

In die lig van die voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Daar is genoeg getuieis uit die Skrif self dat Dawid 'n bedrewe musikant, digter en skrywer was en dat hy die nodige agtergrond besit het om al die Psalms te kon skryf wat aan hom toegedig is.
2. Die antwoord vir die gebruik van die voorsetsel  $\text{?}$  moet Openbaringshistories aan ander dele van die Skrif gemeet word.
3. Geleerdes wat die latere byvoeging van die opskrifte van die Psalms voorstaan se argument berus Openbaringshistories op losse fundamente, omdat dit nie vanuit die Skrif self aangedui kan word nie.
4. Deur Jesus Christus se woorde in Markus 12:36 nie van toepassing te maak op Dawid se outeurskap in Psalm 110 nie, maak 'n mens al die tekste in die Nuwe Testament wat met Dawid se outeurskap verband hou, ontoepaslik.

## **3.5 SEKERE TEGNIESE TERME IN DIE OPSKRIFTE VAN DIE PSALMS**

Raven (1906:261) maak melding van die saak dat die Psalms geklassifiseer kan word op grond van hul inskripsies, die struktuur of die saak wat aangespreek word. Die opskrifte van die psalms in die Masoretiese teks bevat volgens Craigie (1983:32) vyf tipes kategoriese inligting:

1. Sekere opskrifte verwys na 'n persoon of groep, byvoorbeeld Psalm 3, 72 en 90.
2. Sommige psalms, byvoorbeeld psalms van Dawid, bevat historiese inligting - Psalm 18 en 34.

3. Musikale inligting word soms deur opskrifte gegee, bv. Psalm 3 en 4.
4. Ander psalms bevat liturgiese inligting, bv. Psalm 38 en 100.
5. Dit dui ook op 'n soort psalm, bv. Psalm 32, 120 en 145.

Van Rooy (2008:26) wys daarop dat die plek van die psalms as deel van 'n liedereskat van Ou Israel duidelik word uit sommige van die opskrifte wat by baie van die psalms aangetref word. Onder hierdie punt word spesifiek gekyk na 'n aantal tegniese woorde wat in die opskrifte van die Psalms aangetref word.

Daar word onderskei tussen die tegniese terme wat poëtiese karaktertrekke vertoon of die tegniese terme wat melodie aantoon.

### 3.5.1 DIE TEGNIESE TERME WAT TIPE OF POËTIESE KARAKTERTREKKE VERTOON

Terrien (2003:28-32) gee aandag aan die tegniese terme wat in die opskrifte van die Psalms voorkom:

- מְזֹמֵר – Hierdie term word gevind in die opskrifte van 57 Psalms. Dit is afkomstig van die werkwoord זָמַר wat beteken “om 'n snaarinstrument te bespeel” of “om te sing op die begeleiding van musiek” (Volgens 2.3.1). Van hierdie Psalms word die term in 11 van die Psalms saam met שָׁיר gebruik en in Psalm 88 saam met שָׁיר en מְשַׁכֵּל. Dit wil dus impliseer dat מְזֹמֵר 'n algemene naam in die opskrifte van die Psalms was. Terrien (2003:28) voeg by dat in die meeste van die gevalle die psalm opgedra word aan Dawid, Asaf of wie ook al die skrywer was.
- שָׁיר - Hierdie term is volgens Raven (1906:262) die normale woord vir “'n lied” (Eksodus 15:1; Num. 21:17; Deut. 32:44 ens.). Hierdie term word aangetref in die opskrifte van 29 Psalms, waarvan 15 (Psalms 120-134) genoem word שָׁיר הַמְעֵלוֹת. Hierdie lieder is gesing deur die pelgrims op weg na die fees in Jerusalem. Psalm 30 dra die opskrif שָׁיר־הַתְּהִלָּה הַבְּיַת הַבְּרִית wat opgedra is aan die tabernakel op die Berg Sion, en Psalm 45 dra die opskrif שָׁיר יְדִידָה ('n lied van die liefde) - 'n huwelikslid. Raven (1906:262) sê dat die gebruik van שָׁיר nie 'n musiekinstrument impliseer nie.
- מְשַׁכֵּל – Clines (2009:460) sê in *The Concise dictionary of Classical Hebrew* dat hierdie term in die Hif'il-participium voorkom. In die Hif'il dra die woord die betekenis “om bedrewe te wees”, moontlik as soldaat (Jer. 50:9). Dit kan ook die betekenis hê: “om bedrewe of wys te wees.” Köhler en Baumgartner (1999:1491) wys daarop dat *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* dieselfde

betekenis van die woord *deurgee*. Hierdie term word gevind in die opskrifte van 13 Psalms waarvan een (Psalm 142) ook 'n תְּפִלָּה is en een מְזִמּוֹר (Psalm 88) en twee שִׁיר (Psalms 45 en 88). Die etimologiese betekenis – “'n didaktiese Psalm” - is volgens Raven (1906:262) nie 'n akkurate vertaling nie. Volgens hom beteken hierdie term bloot “'n gedig.” Terrien (2003:29) wys weer eens daarop dat meer onlangse navorsing toon dat dit op 'n individuele oordenking wys. Dit wys ook op een of ander musikale vorm.

- מְזִמּוֹר – Clines (2009:220) wys in *The Concise dictionary of Classical Hebrew* daarop dat verskeie betekenisse van die woord מְזִמּוֹר gevind kan word: (1) dit verwys na 'n spesifieke soort Psalm (Ps. 16:1), (2) dit kan die betekenis dra van “'n geheime gebed”, (3) 'n inskripsie op 'n steen, (4) 'n inskripsie met goue letters, (5) 'n lied wat gesing word onder begeleiding van die rietfluit. Koehler en Baumgartner (1999:582-583) sê in *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* dat die primêre betekenis as “'n inskripsie” bekend staan. Dit verwys heel waarskynlik na 'n Hebreeuse inskripsie, of moontlik na 'n geheime gebed. Terrien (2003:29) sê dat dit in die opskrifte van Psalm 16 en 56-60 voorkom. Volgens Raven (1906:262) is hierdie woord afkomstig van die Hebreeuse woord זָהָב wat “goud” beteken. Dit kan daarom dalk vertaal word met “'n goue Psalm.” Terrien sê egter dat meer onlangse navorsing wys dat die woord afkomstig is van die Akkadiese woord *katamu* wat beteken “om te bedek” of dui op 'n geheime gebed. Waltke en Houston (2010:321) sê uit hul kommentaar van Psalm 16 dat baie geleerdes onseker is oor die bedoeling van die Masoretiese teks. Hulle sê dat dit sin maak om te dink dat Dawid hier 'n Kananitiese Psalm oorgeneem het.
- תְּפִלָּה – Clines (2009:493) gee die betekenis deur in *The Concise dictionary of Classical Hebrew* as “'n gebed in verskeie vorme.” 'n Gebed van God se volk (Ps. 80:5), 'n gebed van Dawid (Ps. 17:1), 'n gebed op die dag van versoening. Hierdie term is die algemene woord vir gebed. Dit wys ook daarop dat die woord תְּפִלָּה afkomstig is van die werkwoord פָּלַל wat beteken “om in te gryp.” Köhler en Baumgartner (1999:1776-1778) toon in *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* aan dat die betekenis van die woord ook as “'n gebed of smeking” bekend kan staan. Dit verwys verder daarna dat die woord saamhang met individuele klaagpsalms. Die term kom in die opskrifte van vyf Psalms voor. Terrien (2003:29) wys daarop dat dit meer spesifiek wys op 'n gebed van smeking, ingebed in omstandighede van katastrofe - individueel of nasionaal (Psalm 4; 17; 86; 90; 102; 142). Dit is afkomstig van 'n werkwoord wat beteken “om tussen-in te beweeg.” So 'n gebed is gesing in die atmosfeer van rou en is soms toegeskryf aan Dawid (Psalms

17,86,142). Dit is volgens Terrien deur die finale samestellers as titel gebruik wat die einde van die Dawidiese Psalms aandui (Psalm 72:20).

- **הַלְלָהּ** – Die manlike meervoudsvorm van hierdie woord is die tegniese term wat aan die boek Psalms toegeskryf is deur die Jode. Die term word gevind in die opskrif van Psalm 145 en die betekenis kan vertaal word met “’n lofprysing” (Volgens 2.3.3 en 3.2).
- **לְשִׁירָה** – Clines (2009:449) toon in *The Concise dictionary of Classical Hebrew* aan dat die betekenis van die woord **לְשִׁירָה** verwys na ’n lied van uitermatigheid. Dit hang saam met die betekenis van die werkwoord **שָׁחַ** wat beteken “om die regte pad te verlaat”, of “om te fouteer.” Verder word daar genoem dat die woord **לְשִׁירָה** ook kan verwys na ’n klaaglied (Ps. 7:1) of ’n sang van opgewondenheid. Köhler en Baumgartner (1999:1414-1415) is egter in *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* van mening dat die woord **לְשִׁירָה** in die opskrif van Psalm 7:1 sowel as Habakuk 3:1 voorkom. Dit word genoem dat die betekenis van die woord egter onbekend is, maar dat dit moontlik kan wys op ’n tegniese term vir ’n spesifieke kultiese lied. Pogings word aangewend in die verstaan van die betekenis van **לְשִׁירָה** van die Akkadies wat beteken “klaaglied.” Koehler en Baumgartner noem verder dat daar egter geen kontekstuele hulp in die opskrifte van Psalm 7 of Habakuk 3 is om die betekenis vas te stel nie. Volgens Raven (1906:262) is die betekenis van die opskrif nie vir ons duidelik nie. Terrien (2003:30) sê dat die term verwys na ’n begrafnislied of ’n lied wat uitroep om hulp.

### 3.5.2 DIE TEGNIESE TERME WAT MUSIKALE ELEMENTE AANTOON

Terrien (2003:29) sê dat daar talle opskrifte is wat duidelik op musikale gegewens dui:

- **לְמִנְצֵחַ** – Waltke en Houston (2010:207) sê dat die betekenis van hierdie woord onseker is. Om hierdie term met “vir die musiekleier” te vertaal is volgens hulle egter aanvaarbaar. *The Concise dictionary of Classical Hebrew* (2009:281) noem dat hierdie woord voorkom in die Pi’el-partisipium. Die werkwoord **נָצַח** beteken letterlik “om toesig te hou.” In Esra 38 verwys dit ook na werk wat verband hou met die tempel. In 2 Kron. 2:17 kan dit die betekenis hê van “musiekleier” of “die gewilde een.” Die instruksies wat daarmee saam gegee word in die opskrif is daarop gemik om leiding te bied. Köhler & Baumgartner (1999:716) sê dat die werkwoord **נָצַח** in die Pi’el-stamformasie die betekenis dra van “om te inspekteer.” Ridderbos (1962:10) noem dat hierdie term sonder twyfel met die kultus saamhang. Eaton

(2003:12) sê dat hierdie term eerder met 'n tipe lofprysing saamhang as wat dit na 'n spesifieke persoon verwys.

- נְגִינָה – *The Concise dictionary of Classical Hebrew* (2009:259) noem dat die woord נְגִינָה afkomstig is van die werkwoord נָגַן wat letterlik beteken “om 'n snaarinstrument te bespeel.” As dit as 'n selfstandige partisipium gebruik word, kan dit die betekenis hê van “'n musikant.” Hierdie woord kom voor in die opskrif van Psalm 61. Die betekenis van hierdie woord is “snaarinstrumente.” Köhler & Baumgartner (1999:668) noem ook dat die werkwoord נָגַן saamhang met die bespeling van instrumente. Terrien sê (2003:29) dat die woord נְגִינָה eerder op lofsang dui. Die implikasie is dat die intensiteit meer oorvloedig is (1 Sam. 16:16).
- הַנְּחִילוֹת – Volgens Archer (1964:435) verwys hierdie term in die opskrif van Psalm 5 na blaasinstrumente, bv. fluite. Eaton (2003:11) bring hierdie term in verband met ander terme in die pyp-familie en verwys na tonele uit die profete en pelgrims (1 Sam. 10:5; Jes. 30:29).
- עֲלִי-הַשְּׁמִינִית – Clines (2009:468) noem in *The Concise dictionary of Classical Hebrew* dat die woord in die vroulike enkelvoudvorm voorkom. Dit beteken letterlik “agtste” en kan saamhang met dag (Eks. 22:29), maand (1 Kon. 6:38) en jaar (Lev. 25:22). As selfstandige naamwoord kan die woord ook na 'n persoon verwys. In die opskrifte van die Psalms kan die woord moontlik die betekenis hê van 'n instrument met agt snare of 'n lied wat 'n oktaaf laer gesing word. Köhler & Baumgartner (1999:1562) definieer in *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* dit as 'n tegniese term in die Psalms, maar dui aan dat die betekenis onduidelik is. Dit word waarskynlik vertaal met “'n oktaaf” of “'n basstem.” Terrien (2003:31) toon aan dat dit in Psalm 6 voorkom en gepaard gaan met die uitdrukking “vir maagde” (1 Kron. 15:20-21). Raven (1906:262) wys daarop dat hierdie term se betekenis ook onduidelik is aangesien die 1953-vertaling dit vertaal met “Sterf vir die Seun.” Die betekenis is egter afkomstig van die woord עֲלָמָה wat beteken “jong meisie.” Die term kan dus waarskynlik vertaal word met “gesing deur jong meisies.” Terrien (2003:31) voeg by dat die term moontlik 'n haplografiese fout is.
- עֲלִי-מְחָלָה – Volgens Clines (2009:214) sê in *The Concise dictionary of Classical Hebrew* dat daar onsekerheid bestaan oor die betekenis van hierdie woord. Dit word deurgegee as 'n musikale term in die opskrifte van Psalm 53:1 en Psalm 88:1. Die betekenis word dus deur Clines deurgegee as “*Mahalath*.” Hierdie term dui volgens Raven (1906:265) heel waarskynlik op “siekte” of “rou smart.” Hy sê verder dat dit 'n treurige deuntjie is wat die Psalm begelei. Die betekenis was ook nie vir die

vertalers van die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling seker nie, omdat die oorspronklike Hebreeus getranskribeer is na “*Mahalat*.” Harrison (1970:979) sê dat die woord kan verwys na ’n wysie wat vernoem is na ’n sekere vrou (Gen. 28:9; 2 Kron. 11:18). Terrien (2003:31) dui egter aan dat die term verwys na die benaming van ’n tipe dans (vergelyk met Psalm 88).

Volgens Archer (1964:429) is daar ’n aantal terme in die opskrifte van die Psalms waarvan die oorspronklike betekenis nie meer duidelik is nie. Hy lig die feit uit dat die Hebreeuse tegniese terme wat nie meer verstaan word nie, slegs kan lei tot die gevolgtrekking dat hierdie spesifieke woorde weggeval het lank voor die tweede eeu v.C. sodat die ware betekenis heeltemal verlore gegaan het.

### **3.5.3 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings ’n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Daar word onderskei tussen die tegniese terme wat poëtiese karaktertrekke vertoon en die tegniese terme wat verband hou met musikale elemente.
2. Die plek van die psalms as deel van ’n liedereskat van Ou Israel word duidelik uit sommige van hierdie tegniese terme wat by baie van die psalms aangetref word.
3. Die feit dat van die Hebreeuse tegniese terme nie meer verstaan word nie skep die waarskynlikheid dat hierdie spesifieke woorde weggeval het uit die omgangstaal lank voor die tweede eeu v.C. sodat die ware betekenis heeltemal verlore gegaan het.

### **3.6 PSALMOPSKRIFTE EN ANDER DELE VAN DIE BYBEL**

Volgens Childs (1971:147) verwys die belangrikste faktor in die vorming van die titels na die algemene parallele tussen die situasie soos beskryf word in die Psalms en sommige gebeure in die lewe van Dawid.

Van Rooy (2008:30) toon aan dat die meeste psalms in die Hebreeuse teks duidelike opskrifte het. In ouer vertalings soos die Septuagint, Vulgaat en Peshitta is die opskrifte soms uitgebrei en word meer opskrifte aangetref as in die Hebreeuse teks (Dit word in die volgende hoofstuk in detail bespreek). Die opskrifte van die Psalms in die Peshitta is nie behou soos in

die Hebreëse teks nie. Hulle is, onder invloed van Theodorus van Mopsuestia, uitgelaat en dikwels met nuwe opskrifte vervang. Dié opskrifte was 'n poging om die psalms histories te plaas.

Longman (1988:40) wys daarop dat akademiërs verskil oor die saak van die historiese plasing van die titels van die Psalms. Hy is van mening dat baie voel dat dit min of selfs niks te doen het met die Psalm self nie. Hy toon ook aan dat dit interessant is hoe die opskrifte toenemend uitgebrei is met verloop van tyd. Hy wys verder daarop dat die meeste van die Psalms titels gehad het teen die tyd van Christus (as getuie van die Septuagint [tweede eeu v.C.]). Die Psalmopskrifte het selfs meer uitgebreide titels in die Siriese vertaling van die Ou Testament gehad (Peshitta [in die vroeë eeu n.C.]).

Childs (1971:148-149) wys verder daarop dat die opskrifte van die Psalms wat historiese gegewens bevat in Psalm 3, 7, 18, 34, 51-52, 54, 56-57 en 59-60 later deur die redakteur bygevoeg is om die inhoud van die Psalms te laat ooreenstem met die gebeurtenisse in Dawid se lewe.

Van Rooy (2008:40) maak ook melding van die funksionering van ander Psalmopskrifte in die geheel van die Psalmbundel. Psalm 28, 48, 82, 94, 93 en 92 (met die opskrif: “vir die Sabbatdag”) is elke oggend van die week deur die Leviete gesing.

Childs (1971:143-146) gaan verder met die argument en wys daarop hoe sekere Psalmopskrifte gefunksioneer het en hoe dit verband hou met ander dele in die Bybel. Hy behandel veral die Psalms met opskrifte wat handel oor sekere tye in Dawid se lewe en waarna daar ook in ander dele van die Bybel verwys word.

**Psalm 3:** “*Toe hy gevlug het vir sy seun Absalom.*” Die verwysing is na die gebeure soos beskryf word in 2 Sam. 15:13. Dawid se vyande het teen hom opgetrek vir oorlog [(vers 2) 2 Sam. 15:12; 18:31]. Tog plaas hy sy vertroue in God [(vers 4) 2 Sam. 15:25)]. Hierdie konsepsuele parallele kan in baie ander Psalms gevind word.

In vers 6 sê die Psalmeskrywer: “*Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my.*” Volgens 2 Sam. 16:14 het Dawid moeg by die Jordaan aangekom en die nag daar deurgebring. Kon dit dalk die rede gewees het vir die seleksie van die titel van hierdie Psalm?

Rendtorff (2005:55) wys daarop dat Psalm 3 'n individuele klaaglied is. Dit word duidelik uit die woorde van vers 2 en 3. In die lig van die Psalmopskrif kan dit gelees word as 'n *Midrash* tot 'n belangrike hoofstuk van Dawid se geskiedenis: 'n hoofstuk van vervolging en gevaar, maar ook van hulp wat van God kom.

Rendtorff (2005:63) wys verder daarop by dat Ps. 3 'n heeltemal ander kant van Dawid wys: Hy is die kragteloze verdagte, wat in 'n klaaglied vra vir God se bystand vir sy behoeftes en wat op God se hulp vertrou. Byna elke klaagpsalm is verbind aan Dawid se naam en eindig met 'n uitdrukking van hoop, vertrou op God se hulp en lofprysing tot God.

**Psalm 18:** Rendtorff (2005:60) toon aan dat in die meeste van die Psalms met 'n biografiese inleiding die naam van Dawid slegs in die inleiding verskyn en nie in die teks wat daarop volg nie; die enigste uitsondering is Psalm 18. Psalm 18 word gesien as 'n kombinasie van 'n individuele danklied en 'n koninklike psalm. Hier word Dawid die gesalfde (לְמַשִּׁיחוֹ לְדָוִד) van God genoem, sy gesalfde. Hierdie titel word byna eksklusief aan Dawid toegedig in die Psalmbundel en ook in 2 Sam 22 (parallel met Psalm 18).

**Psalm 34:** “...van Dawid, toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abimeleg en die hom weggejaag het, sodat hy heengegaan het.” Die ooreenkoms in die woordeskat tussen die titel en 1 Sam. 21:13 is opvallend. Dit wys op 'n literêre verhouding.

Rendtorff (2005:57) toon aan dat Ps. 34 een van die Psalms van die eerste boek (1-41) is wat na sekere omstandighede in Dawid se lewe verwys. Vers 1 verwys na 'n baie vroeër periode in Dawid se lewe toe hy nog nie koning was nie en vir Saul gevlug het. In Ps. 34:5 herken die digter dat God hom van alle vrees verlos het. Dit vorm 'n parallel met 1 Sam. 21:13 (12). Verder voeg Rendtorff (2005:58) by dat die volgende vyf Psalms (52, 54, 56, 57 en 59) teruggaan na die tyd waarna reeds in Psalm 34 verwys word.

**Psalm 51:** “...toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het.” Hier is ook 'n duidelike ooreenkoms tussen die Psalmdigter se skuldbelydenis en die gebeurtenis in Samuel (2 Sam. 12:1). Dit word selde aangetref dat die Psalmis 'n belydenis van sonde met hierdie lengte en intensiteit voorhou. Die groot sonde van Dawid met Bátseba kom dadelik na vore. In beide gevalle is die uitroep: *Ek het gesondig*. Die verwysing na bloedskuld (vers 16) roep die moord op Uria na vore. Die “gebroke gees” en “verslae hart” (vers 19) vorm 'n nabye parallel met die berou van Dawid na die vermaning van Natan.

**Psalm 60:** “Toe hy oorlog gevoer het teen die Arameërs van Mesopotámië en die Arameërs van Soba, en Joab teruggekom en die Edomiete verslaan het in die Soutdal, twaalfduisend.” Hierdie Psalm is die enigste Psalm wat Moab, Edom en Filistyne noem, daarom is die verbinding van hierdie Psalm met 2 Sam. 8 heel waarskynlik. Die Psalm gee verwysings van Dawid se oorwinnings oor die nasies.

Rendtorff (2005:59) wys daarop dat dit lyk of Psalm 60 na 2 Sam. 8:1-14 verwys. Die probleem is egter dat Dawid in die gevegte die oorwinnaar was en die Psalm 'n klaaglied is oor nederlaag.

### 3.6.1 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. In ouer vertalings soos die Septuagint, Vulgaat en Peshitta is die opskrifte soms uitgebrei en word meer opskrifte aangetref as in die Hebreeuse teks.
2. Die opskrifte van die Psalms in die Peshitta is nie behou soos in die Hebreeuse teks nie. Hulle is, onder invloed van Theodorus van Mopsuestia, uitgelaat en dikwels met nuwe opskrifte vervang. Die opskrifte was 'n poging om die psalms histories te plaas.
3. Die opskrifte van die Psalms het meer en meer uitgebreid geraak met die verloop van tyd.
4. Die meeste van die Psalms het titels gehad teen die tyd van Christus (as getuienis dien die Septuagint [tweede eeu v.C.]), en selfs meer uitgebreide titels in die Siriese vertaling van die Ou Testament (Peshitta [in die vroeë eeu n.C.]).
5. Hierdie punt wys duidelik daarop dat daar Psalms is wat verwys na insidente in Dawid se leeftyd en daarom bestaan die waarskynlikheid dat Dawid ernstig as outeur van hierdie Psalms oorweeg moet word.

### 3.7 HOOFSTUKSAMEVATTING

Aan die hand van die bespreking in hierdie hoofstuk word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee, hierdie samevatting kan moontlik van belang in die studie wees:

1. Dit is heel waarskynlik die geval dat daar met die oorskryfproses 'n kykfout kon wees sodat die verlore *nun*-vers in Psalm 145 per ongeluk uitgelaat is, daarom maak Goldingay se eerste argument - dat dit die onvermoë van die mens was om die oorspronklike te behou - sin.
2. Die woordeskat wat in Psalm 145 gebruik word, dui duidelik daarop dat dit 'n loflied is.
3. Daar is in die Psalmbundel en in van die Psalms individueel 'n konstante beweging vanaf gebed (הִתְפַּלֵּל) na loflied (הִלְלָה)
4. Die feit dat die laaste vers in Psalm 145 so baie ooreenkomste met die doksologieë aan die einde van die afsonderlike boeke (1 - 4) in die Psalmbundel toon, kan daarop wys dat Psalm 145 as doksologie dien vir boek vyf van die Psalmbundel en Psalm

146-150 as doksolgie vir die Psalmbundel in sy geheel. Hierdie feit lig dus ook die belangrike plek van Psalm 145 in die bundel uit.

5. Uit die kenmerke van God in Psalm 145 is dit duidelik dat lofprysing nie in die mens gesetel is nie, maar dat die mens geskep is met die doel om God se lof te besing.
6. Die inclusio-patroon van Psalm 145 maak dit aan ons duidelik dat die Psalm in sy geheel 'n loflied (הַלְלָהּ) voor God is.
7. Die term הַלְלָהּ kon net sowel by baie ander opskrifte in die Psalmbundel gepas het waarby die element van lofprysing teenwoordig is.
8. Die oplossing vir die gebruik van die voorsetsel הַלְלָהּ moet Openbaringshistories aan ander dele van die Skrif gemeet word.
9. Geleerdes wat die latere byvoeging van die opskrifte van die Psalms voorstaan se argument berus Openbaringshistories op losse fundamente, omdat dit nie vanuit die Skrif self aangedui kan word nie.
10. Deur Jesus Christus se woorde in Markus 12:36 nie van toepassing te maak op Dawid se outeurskap in Psalm 110 nie, maak 'n mens al die tekste in die Nuwe Testament wat met Dawid se outeurskap verband hou ontoepaslik.
11. Daar word onderskei tussen die tegniese terme wat tipe of poëtiese karaktertrekke vertoon of die tegniese terme wat melodie aantoon.
12. Die feit dat die Hebreeuse tegniese terme nie meer verstaan word nie, kan slegs lei tot die gevolgtrekking dat hierdie spesifieke woorde weggeval het lank voor die tweede eeu v.C. sodat die ware betekenis heeltemal verlore gegaan het.
13. In ouer vertalings soos die Septuagint, Vulgaat en Peshitta is die opskrifte soms uitgebrei en word meer opskrifte aangetref as in die Hebreeuse teks.
14. Die opskrifte van die Psalms in die Peshitta is nie behou soos in die Hebreeuse teks nie. Hulle is, onder invloed van Theodorus van Mopsuestia, uitgelaat en dikwels met nuwe opskrifte vervang. Die opskrifte was 'n poging om die psalms histories te plaas.
15. Die meeste van die Psalms het titels gehad teen die tyd van Christus (as getuie dien die Septuagint [tweede eeu v.C.]), en selfs meer uitgebreide titels in die Siriese vertaling van die Ou Testament (Peshitta [in die vroeë eeu n.C.]).
16. Hierdie punt wys duidelik daarop dat daar Psalms is wat verwys na insidente in Dawid se leeftyd en daarom moet Dawid beslis as outeur van hierdie Psalms oorweeg word.

## HOOFSTUK 4

### 'n VERGELYKING TUSSEN DIE PSALMOPSKRIFTE IN DIE MASORETIESE TEKS, DIE SEPTUAGINT EN 11QPS<sup>A</sup>

#### 4.1 INLEIDING

Die belang van die hoofstuk vir die studie word primêr gevind in die ondersoek na verskille en ooreenkomste in Psalmopskrifte in die Masoretiese teks, die Septuagint en die geskrifte by Qumran. Die waarde wat die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks het, word eerstens bestudeer. Daarna word uitgebrei deur kennis te neem van die verskillende vlakke van interpretasie in die vertaling van die Septuagint. Uit laasgenoemde studie kom daar talle verskille in die opskrifte van die Psalms na vore. Vervolgens word daar aandag gegee aan die aard van 11QPs<sup>a</sup> by Qumran en die Psalms wat by Qumran ontdek is. Daar word ook oorsigtelik na die inhoud van die Psalms gekyk. Dit is belangrik vir die studie om te let op die Apokriewe Psalms by Qumran en spesifiek die verskille in die opskrifte van Psalm 151 in die Septuagint en Qumran-geskrifte. Laastens word daar 'n samevatting gegee van die inligting wat vir die studie verder van belang kan wees.

#### 4.2 DIE WAARDE EN GELDIGHEID VAN DIE PSALMOPSKRIFTE EN DIE VASLEGGING VAN DIE PSALMBUNDEL

Aangaande die waarde en die geldigheid van die Psalmopskrifte sê Craigie (1983:31) dat van die 150 Psalms in die Masoretiese teks, 116 van titels voorsien is. Dit is ook duidelik dat die titels deel vorm van die Kanon en dit moet daarom ook in hierdie studie so aanvaar word. Craigie sê verder dat dit nie lyk of die opskrifte 'n integrale deel van die Psalm self vorm nie. Dit mag dalk 'n verteenwoordiging wees van die werk van samestellers van vroeëre versamelings of van die boek Psalms in sy geheel. Die opskrifte van die Psalms is dus van meer belang vir die verstaan van die rol wat spesifieke Psalms in die konteks van die Psalmbundel gespeel het en in die historiese konteks van Israel se aanbidding, eerder as vir die verstaan van die oorspronklike betekenis en konteks van die individuele Psalms.

Craigie (1983:32) noem verder dat die historiese aard van die Psalmopskrifte ernstig oorweeg moet word. Sekere Psalms buite die Psalmbundel bevat ook opskrifte, wat kan dui op die moontlikheid dat die betrokke Psalm saam met sy opskrif ontstaan het, of dat die opskrif kort na die ontstaan van die Psalm bygevoeg is.

In Psalm 72:20 vind ons die frase wat heel moontlik die einde van 'n ouer versameling merk—*“Hier eindig die gebede van Dawid, die seun van Isai.”* Dit veronderstel dat “gebede” (*ḥepillot*) die titel van hierdie spesifieke Dawidiese versameling kon wees, alhoewel slegs vyf

psalms in die hele Psalmbundel hierdie woord in sy titel bevat (Ps. 17, 86, 90, 102, 142). Selfs in die breë sin van die woord kan nie alle Psalms as gebede gesien word nie, en daarom is *l'pillot* nie 'n geskikte titel vir die Psalmbundel nie. Psalm 72:20 opper 'n baie belangrike saak met betrekking tot hierdie argument. So 'n gegewe gee meer gesag aan die Psalms wat aan Dawid toegeskryf word in Psalm 3-72.

Daar is egter Psalms wat nie aan Dawid toegeskryf word nie, bv. Psalm 42, 44-49 van Korag en Psalm 50 van Asaf. Hierdie Psalms dui moontlik op vroeëre versamelings wat in Boek I-III van die Psalmbundel hul ontstaan gekry het.

Waltke & Houston (2010:87) toon aan dat indien die gegewens in die opskrifte van die Psalms histories korrek is, dan word die “Ek” in die Psalms 'n ware karakter. Dit kry gestalte in die vlees en bloed van 'n persoon. Die spesifieke Psalm gee ook insig in die emosies en laat dit duidelik blyk wie die “vyand” was. Dit gee verder 'n teologiese diepte in die interpretasie van die Psalms. Waltke & Houston (2010:88) neem Psalm 63 as voorbeeld:

Volgens die opskrif van Psalm 63, het Dawid die Psalm geskryf “*toe hy in die woestyn van Juda was*” (1933/53 – Afrikaanse Vertaling). Hy het van Absalom gevlug. Dawid se keuse om God se heiligdom te aanskou (vers 2) en om Hom te onthou (vers 6), eerder as om teen God in opstand te kom (Ps. 42:4; 43:3-4) speel 'n belangrike rol in die herinnering van God se weldade in die geestelike lewe van die gelowige.

Van Rooy (2002:135) bring die geldigheid van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks duidelik na vore deur 'n vergelyking met die opskrifte by Qumran en die Septuagint te tref. Na Van Rooy se vergelyking kom hy tot die gevolgtrekking dat 60% van die opskrifte by Quman (58 uit 96) in die drie weergawes ooreenstem. In nog 27% (26 uit 96) stem Qumran ooreen met die Masoretiese teks maar verskil van die Septuagint. Van Rooy (2002) wys egter daarop dat daar 11 van die 96 opskrifte is waarvan die geskrifte by Qumran met die opskrifte van die Masoretiese teks verskil. Dit is dus 'n beduidende 10.5%, wat moontlik op die vloeibaarheid van betrokke opskrifte kon dui, veral in boek 3 en 4.

Hierdie verskille van Psalmopskrifte in die verskillende weergawes het akademië soos Pietersma (1980:213) tot die gevolgtrekking gebring:

*Among biblical scholars it has for some time been a virtual consensus that the titles of superscriptions in the Hebrew Psalter are secondary. Hy sê verder: and they furnish us with no information not already contained in the Hebrew Bible.*

So 'n stelling hou egter baie gevolge in. Indien die Psalmopskrifte geen addisionele inligting bied as wat ons reeds in die Hebraëuse teks vind nie, dan beteken dit dat die Psalmopskrifte

sels niksseggend is vir die verstaan van die rol wat spesifieke Psalms in die konteks van die Psalmbundel en in die historiese konteks van Israel se aanbidding gespeel het. Dan hou die argumente van akademici soos Mowinkel (1962), Childs (1971) en Craigie (1983) nie stand nie. Dit bring verder die kanonieke status van die Psalmopskrifte in gedrang omdat dit as oorbodig geag word.

Pietersma (1980:214) stel ook geen alternatief deur wie die Psalms geskryf kon wees nie en noem baie van die Psalms wat met opskrifte voorsien is “*anonymous poems that were made to surrender their anonymity.*”

In teenstelling met Pietersma wys Waltke & Houston (2010:88) op die waarde wat die Grammaties-Historiese metode van eksegeese bied tot die verstaan van die waarde en geldigheid van die Psalmopskrifte:

1. Dit lei die leser as't ware in die gedagtes van Israel se grootste koning rond.
2. Dit bevestig die Nuwe Testament se toeskrywing van sekere Psalms aan Dawid as skrywer.
3. Dit bied 'n basis vir die Grammaties-historiese metode van eksegeese om aan te dui hoe die Psalms betrekking het op die lewe van Jesus Christus en wortel dit in betroubare eksegeese.

Aangaande die vaslegging van die Psalmbundel beweer Flint (1997:149) dat Psalm 1-89 in 'n baie vroeër stadium vorm bereik het as Psalm 90-150. Flint sê dat daar in die Psalm-manuskripte van Psalm 1-89 'n sterk ooreenkoms is tussen die vasgestelde orde van die Psalms en die teenwoordigheid van opskrifte vir die Psalms aan die een kant, en die vloeibaarheid en die afwesigheid van die opskrifte van die Psalms aan die ander kant. Volgens hom kan dit heel moontlik die geval wees vanaf Psalm 90-150.

Flint (1997:146) se argument is problematies in die sin dat hy self nie seker is waar die presiese punt (of Psalm 72-150, of Psalm 89-150) in die Psalmbundel is waar 'n mens 'n onderskeid kan tref tussen dit wat reeds vasgestel was en dit wat nog nie vasgestel was nie. Flint (1997:146) sê verder dat die Hebreeuse Boek van Psalms eers sy finale vorm bereik het teen die einde van die eerste eeu n.C. toe alle ander weergawes verdwyn het en die Proto-Masoretiese Psalmbundel behoue gebly het. Oor die benaming Hebreeuse Boek van Psalms is hy ook nie duidelik in sy terminologie nie. As hy in hierdie benaming na die Masoretiese Teks verwys, is sy argument problematies omdat die volgende sake wat Du Plessis (1970) uitlig, nie in ag geneem is nie:

#### 4.2.1 GETUIENIS UIT DIE APOKRIEWE:

1. In 2 Makkabeërs 2:13 lees ons dat Nehemia die “geskrifte van die konings en profete, en die geskrifte van Dawid en die briewe van die koning aangaande die heilige geskenke” versamel het. Hierdie berig word nie vroeër as die tweede helfte van die laaste eeu v.C. gedateer nie (Waltke, 2001:28).
2. In 2 Makkabeërs 2:14 is sprake van die optrede van Judas Makkabeus wat in 160 v.C. gesterf het om die kanon te red van die aanslag van die vyand wat dit wou vernietig.
3. In 4 Esra 14:18-48 lees ons dat Nehemia die kanon afgesluit het deurdat hy alles opnuut opgeteken het. Nehemia word deur Kaiser (2001:34) gedateer rondom 430 v.C.
4. Kaiser (2001:33) voeg by dat Sirag 49:8-10 en 44-50 so vroeg as 200-180 v.C. na die Ou Testament onder die indeling van die Wet, die Profete en die geskrifte verwys.

Die hele saak rondom die Sinode van Jamnia word ook deur Du Plessis (1970:89) uitgelig. Hy sê dat die Sinode van Jamnia nie die boeke van die Ou Testament gekanoniseer het nie, omdat dit nie hul voorneme was nie. Dit is 'n feit dat geen sinode die boeke kan kanoniseer nie, want die boeke word nie kanoniek deurdat hulle as sodanig deur mense erken word nie. Du Plessis maak die belangrike punt dat die boeke die tekens van kanonisiteit aan hulleself van die begin af dra.

In 'n breedvoerige bespreking deur Kaiser (2001:30-39) sluit hy aan by die argument van Du Plessis. Hy wys daarop dat die argument wat meen dat die sinode van Jamnia die kanon van die Ou Testament vasgelê het om drie redes problematies is:

- Al die oorleg wat gepleeg is by die sinode van Jamnia het geen bindende gesag nie.
- Slegs die boeke Prediker en Hooglied is bespreek. Hierdie bespreking het nie eers die kanonieke status behels nie, maar die manier hoe die boeke geïnterpreteer moes word.
- Die boeke wat as kanoniek hanteer is by Jamnia, verskil nie van die lys van Josefus nie. Volgens Kaiser (2001:36) is die getuienis van Josefus nog meer geloofwaardig weens die feit dat Josefus in sy outobiografie die verhaal vertel van die Romeinse generaal, Titus, wat Jerusalem in 70 n.C. binnegeval het. Josefus het egter die heilige rolle in die hande gekry. Josefus kon maklik die boeke wat ingesluit is bestudeer het en ook in watter volgorde dit gerangskik was.

Leiman (1976:124) kom tot die gevolgtrekking dat: *The widespread view that the Council of Jamnia closed the biblical canon, or that it canonized any books at all, is not supported by the evidence and need no longer be seriously maintained.*

Du Plessis (1970) en Kaiser (2001) kom tot die gevolgtrekking dat ons kan verwag dat Jesus 'n afgeslote kanon geken het. Dit word duidelik uit 'n ondersoek van die woorde van Jesus self.

1. Die gebruik van die woord νόμος in die enkelvoud in Matteus 23:23; Johannes 10:34 en 15:25 vervat die gedagte dat dit dui op 'n afgeslote geheel.
2. Dieselfde kan ook afgelei word uit die gebruik van ἡ γραφή in Johannes 10:35. Hier gebruik Jesus die benaming vir die hele Ou Testament. Jesus voeg by dat "... *die Skrif nie gebreek kan word nie.*" Dit is duidelik dat Jesus 'n afgeslote, afgeronde eenheid bedoel.
3. Jesus het geweet dat Hy die vervulling is van wat in die Ou Testamentiese Skrifte voorspel is (Matt. 26:54; Luk. 4:21; 21:22; Mark. 14:49 ens.). Terwyl dit die geval is, is dit waarskynlik so dat die Skrifte van die Ou Verbond reeds hulle voltooiing bereik het, dat die hele fondament klaar gelê is waarop die nuwe gebou sou verrys.

Meer spesifiek op die Psalms gemik, sou Flint se argument nie standhou nie, omdat Jesus net so baie aanhalings gebruik uit Psalm 72/90-150 as uit die "vroë" samestelling van die bundel (Psalm 1-71/89). Jesus verwys na 'n afgeslote Kanon en dit word duidelik uit die werk van die Evangelieskrywers (60-85 n.C.) en nie uit 'n ongefinaliseerde Psalmbundel (einde van die eerste eeu n.C.) soos Flint beweert nie. Evans (2005:554) wys daarop dat die Psalms 'n besondere rol in die lewe van Jesus Christus begin speel het toe Hy die stad Jerusalem binnegekom het. Dit is nie verbasend nie, gegewe die rol wat die Psalmbundel gespeel het op die pelgrimsreis na Jerusalem en die tempel (Psalms 24:3; 100:4; 116:18-19; 118:19; 122:1-5), vir lofprijsing in Jerusalem (Psalms 66:13, 15; 68:18; 102:21; 147:12) en vir gebed in Jerusalem (Psalms 122:6; 128:5; 137:5-7). Daar word ook melding gemaak in die Psalmbundel dat dit in Jerusalem is waar God woon (Psalms 24:7-9; 135:21). Jesus self verwys na Jerusalem as die stad waar die groot Koning woon (Matt. 5:35; aangehaal uit Psalm 48:2). Die tema van die koningskap van God in die Psalms dra by tot Jesus se beskouing van die koninkryk wat Hy verkondig op aarde. De Klerk (1990:31) toon aan dat die Psalms vir Jesus van groot belang was: wanneer Hy die Nagmaal instel sing Hy lofsange, naamlik Psalm 116-118<sup>15</sup> (Markus 14:26).

---

<sup>15</sup> Let op dat Psalm 116-118 in boek 5 van die indeling van die Psalmboek val. Hierdie is die Psalms wat volgens Flint eers aan die einde van die eerste eeu n.C. vorm bereik het.

#### **4.2.2 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Die waarde van die Psalmopskrifte word duidelik na vore gebring deur 'n vergelyking tussen die opskrifte by Qumran en die Septuagint. Daar is wel verskille, maar dit is minimaal, soos deur die vergelykende studie van Van Rooy (vgl. 4.3) aangetoon sal word.
2. In Psalm 72:20 word melding gemaak van die einde van Dawid se gebede en dit mag ook wys op die teenwoordigheid van opskrifte wat aan die Psalms voorsien is op 'n baie vroeë stadium in die proses van samestelling. Dit verstewig die betroubaarheid van die Psalmopskrifte vanaf Psalm 1-72 wat aan Dawid toegeskryf word.
3. Die waarde en die betroubaarheid van die Psalmopskrifte word verder beklemtoon deur die Grammaties-historiese metode van eksegeese deur klem te lê op die feit dat die "Ek"-figuur in die Psalms gestalte vind in 'n persoon.
4. Aangaande die vaslegging van die Psalms in die kanon het Jesus verwys na 'n afgeslote Kanon. Dit word duidelik uit die werk van die Evangelieskrywers en die woorde van Jesus self (60-85 n.C.). Daardeur word die bewering van Flint oor 'n ongefinaalseerde Psalm bundel (einde van die eerste eeu n.C.) verwerp. Terselfdertyd ondersteun die gegewens van die Apokriewe en die geskrifte van Josefus hierdie bewering.

#### **4.3 DIE OPSKRIFTE VAN DIE PSALMS IN DIE DOOIE SEE-ROLLE, DIE MASORETIESE TEKS EN DIE SEPTUAGINT VERGELYK**

Aangaande die vergelyking tussen die Psalmsopskrifte in die Masoretiese teks en die Septuagint wys Ridderbos (1962:7) daarop dat die Septuagint Ps. 9 en 10, en Ps. 114 en 115, afsonderlik reken as een Psalm. Ps. 116 en Ps. 147 word daarteenoor elk in twee Psalms verdeel. Eaton (2003:43) toon aan dat die Septuagint een van die belangrikste vertalings is om in ag te neem by die bestudering van die Psalms. Die Psalms was waarskynlik klaar vertaal teen ongeveer 200 v.C. Waltke & Houston (2010:32) sluit aan by die argument deur te sê dat die Psalms in Grieks voorgedra is in die sinagoges in Alexandrië teen die middel van die tweede eeu v.C. Pietersma (1980:213) sê dat die Dawidiese bundel nog meer uitgebreid is in die Septuagint. Hy toon aan dat die grootste vraag wat die tekskritici moet beantwoord is of die opskrifte wat naas die Masoretiese teks bygevoeg en aan Dawid toegeskryf is, voor of na die vertaling van die Psalm bundel in Grieks dateer. Hy sê dat die belangrikste vraag

wat in verband met die Septuagint gevra moet word, is: Is hierdie “bygevoegde” opskrifte ‘aan Dawid’ deel van ’n Ou Griekse teks en reflekteer dit ’n ouer Hebreeuse manuskrip wat verskil van die Masoretiese teks?

Flint (1997:146-148) wys daarop dat in die eerste drie boeke van die Psalmbundel afwykings van die Masoretiese teks slegs in twee Psalms voorkom, wat beide sonder opskrifte in die Masoretiese teks voorkom (Ps. 10 en 43).

Volgens Grogan (2008:8) is die Septuagint-Psalms van opskrifte voorsien wat nie in die Masoretiese teks voorkom nie. Hy wys verder daarop dat dit ’n moeilike saak is om te verstaan, omdat Psalm 137 in die Septuagint aan Dawid toegeskryf is. Dawid kon egter nie hierdie Psalm geskryf het nie, omdat Psalm 137 heel waarskynlik uit na die ballingskap dateer. Grogan (2008:8) kom tot die gevolgtrekking dat die redakteur van die Septuagint-Psalmopskrifte nie dieselfde persoon kon wees as die redakteur van die Hebreeuse Psalmopskrifte nie.

Aangaande die vergelyking tussen die Masoretiese teks en die geskifte by Qumran wys Van Rooy (2002:127) daarop dat daar veral aandag gegee moet word aan manuskripte wat ’n beduidende aantal opskrifte bevat bv.: 4QPs<sup>a</sup>, 4QPs<sup>b</sup>, 4QPs<sup>c</sup>, 4QPs<sup>e</sup>, 11QPs<sup>a</sup>, 11QPs<sup>c</sup>, 11QPs<sup>d</sup> en MasPs<sup>a</sup>. Van Rooy gee ook aandag aan die spesifieke Psalms waarin daar verskille na vore tree in die opskrifte van Psalms bv.: 33, 71, 91, 100, 104, 105, 123, 126, 130, 135, 144, 148 en 150. Van Rooy (2002:130-133) gee ’n breedvoerige bespreking van die ooreenkomste wat daar bestaan tussen die Psalmopskrifte by Qumran en die Masoretiese teks:

1. 4QCat<sup>a</sup> (Psalm 11 en 12) – In beide gevalle stem die opskrifte met die Masoretiese teks ooreen.
2. 11QPs<sup>b</sup> (Psalm 78, 133, 144) – Die opskrifte stem ooreen met die Masoretiese teks.
3. 4QPs<sup>d</sup> (Psalm 37, 104, 147) – Die opskrifte van Psalm 37 en 147 stem ooreen met die Masoretiese teks en soos die geval in die Masoretiese teks het Ps. 104 ook geen opskrif nie.
4. 11QPs<sup>d</sup> (Psalm 40, 68, 116) – Wat gelees kan word van die opskrifte in Psalm 40 en 68 stem ooreen met die Masoretiese teks. Die manuskrip het nie ’n opskrif vir Psalm 116 nie, wat ook ooreenstem met die Masoretiese teks.
5. 11QPs<sup>c</sup> (Psalm 2, 13, 14, 18) – Die manuskrip het nie ’n opskrif vir Psalm 2 nie en stem ooreen met die Masoretiese teks. Die rekonstruksie van opskrifte van Psalm 13 en 14 stem ooreen met die Masoretiese teks. Die lang opskrif aan Psalm 18 stem ook ooreen met die Masoretiese teks.

6. 4QPs<sup>c</sup> (Psalm 17, 28, 49, 51, 53) – Wat ons kan lees van die opskrifte van Psalm 17 en 49 stem ooreen met die Masoretiese teks. Die rekonstruksie van opskrifte van Psalm 28 stem ooreen met die Masoretiese teks. Die opskrifte van Psalms 51 en 53 is bykans voltooi en stem ooreen met die Masoretiese teks.
7. He/Se4 (Psalm 8, 10, 11, 13, 24) – Al hierdie Psalms se opskrifte kom ooreen met die Masoretiese teks.
8. MasPs<sup>a</sup> (Psalm 81-85) – Die rekonstruksie van Psalm 81 se opskrif stem ooreen met die Masoretiese teks. Die ander Psalms stem ook ooreen met die Masoretiese teks.
9. 4QPs<sup>b</sup> (Psalm 94, 100, 103, 113, 118) – Die manuskrip het nie ’n opskrif vir Psalm 94 en 118 nie en stem ooreen met die Masoretiese teks. Volgens Flint (1997:126) het die manuskrip nie ’n opskrif vir Psalm 100 nie, wat verskil van die Masoretiese teks en die Septuagint.
10. 4QPs<sup>c</sup> (Psalm 77, 88, 104, 109, 125, 126, 130, 146) – Wat gelees kan word van Psalms 77, 88 en 109 se opskrifte stem ooreen met die Masoretiese teks. Die rekonstruksie van Psalm 104 se opskrif stem ooreen met 11QPs<sup>a</sup> en die Septuagint, maar verskil van die Masoretiese teks en 4QPs<sup>d</sup>. Die rekonstruksie van Psalm 125 se opskrif is nie moontlik nie en die opskrifte wat deur ’n samesteller aan Psalm 126 en 130 toegeken is stem ooreen met die Masoretiese teks. Dit wil voorkom of die opskrif vir Psalm 146 ook ooreenstem met die Masoretiese teks.
11. 4QPs<sup>a</sup> (Psalm 6,33,35,36,54,63,67,69,71) – Die rekonstruksie van Psalm 6 se opskrif stem ooreen met die Masoretiese teks. Die manuskrip het nie ’n opskrif vir Psalm 33 nie, wat ooreenstem met die Masoretiese teks, maar verskil van die Septuagint. In Psalm 71 het die manuskrip nie ’n opskrif nie, wat ooreenstem met die Masoretiese teks, maar verskil van die Septuagint. Die rekonstruksie van die opskrifte van Psalm 35 en 63 stem ooreen met die Masoretiese teks, Die opskrif van Psalm 36 stem ook ooreen met die Masoretiese teks. Wat gelees kan word van die opskrifte van Psalm 54, 67 en 69 stem ooreen met die Masoretiese teks.
12. 11QPs<sup>a</sup> (Psalm 93, 101-105, 119-133, 135-138, 140, 143-145, 147, 148, 150) – In Psalm 93 het die Masoretiese teks geen opskrif nie, terwyl die Septuagint ’n lang opskrif bevat. Die rekonstruksie van opskrifte in Psalm 101, 103, 120, 124, 125, 128, 131 en 132 stem ooreen met die Masoretiese teks. Wat gelees kan word van die opskrifte van Psalm 102, 127 en 129 kom ooreen met die Masoretiese teks. 11QPs<sup>a</sup> het nie opskrifte vir Psalm 105, 135, 136, 137 en moontlik 147 nie, wat ook ooreenstem met die Masoretiese teks. Die opskrifte van Psalm 119, 121, 122, 126, 130, 133, 138, 140, 143 en 145 stem ooreen met die Masoretiese teks.

Uit van Rooy (2002) se vergelykende studie blyk dit dat daar twee wesenlike verskille is soos aangetref is in die opskrifte van die Psalms (punt 9 en 10). Daar word dus net twee verskille gemeld: Psalm 100 en Psalm 104. Albei hierdie Psalms val in boek 4 (Psalm 90-106) volgens die indeling. Daar is dus 'n waarskynlikheid dat dit die argument vir die vloeibaarheid van boek 4 en 5 kan bevestig. Van Rooy se vergelykende studie wys egter verder daarop dat daar een geval is waar daar onsekerheid bestaan en 81 gevalle waarvan die geskryfte by Qumran ooreenstem met die opskrifte in die Masoretiese teks. Om 'n argument te bou uit twee teen 81 gevalle is volgens die navorser nie die argument werd nie.

#### **4.3.1. SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Die vertaling van die Psalms in Grieks was heel waarskynlik voltooi teen 200 v.C.
2. In die Septuagint is daar baie Psalms aan Dawid toegeskryf wat nie in die Hebreeus 'n opskrif gehad het nie. In sekere gevalle is die opskrifte onakkuraat, omdat Dawid waarskynlik nie die skrywer van Psalm 137 kon wees nie (Psalm 137 dateer heel waarskynlik uit 'n vroeë na-ballingskapperiode).
3. Van Rooy se breedvoerige vergelyking tussen die Psalmopskrifte by Qumran en die Masoretiese teks wys op die besonder baie ooreenkomste wat daar in die Psalmopskrifte bestaan.

#### **4.4 VERSKILLENDE VLAKKE VAN INTERPRETASIE IN DIE SEPTUAGINT**

Gideon Toury (1995) volg die “Descriptive Translation Studies” waarin hy sy drie benaderings soos volg kortliks beskryf:

1. Eerstens moet die ontvanger of die sub-kultuur in ag geneem word en ook die strategieë van hoe die doeltteks uit die oorspronklike teks saamgestel word.
2. Tweedens noteer hy die proses-georiënteerde benadering wat klem lê op die vertaling vanuit die ouere teks.
3. Derdens – die produk-georiënteerde benadering wat soek na die verhouding wat die doeltteks en die bronteks bymekaar hou.

Toury (1995) argumenteer verder dat 'n vertaling per definisie doelgeoriënteerd is. Dit wil sê dat elke vertaling 'n behoefte beantwoord in die doelkultuur en omklee word met die taal van

daardie kultuur. Daarom sê hy dat selfs die sogenaamde bron-georiënteerde vertalings aan die doelkultuur beantwoord en daarom ook in wese doelgeoriënteerd is. Bv. die Grieks van die Septuagint bly Grieks, maak nie saak hoe naby dit aan die Hebreeus hou nie.

Pietersma (2005:449) toon aan dat die oorspronklike funksie van die Septuagint radikaal kon verskil met die rol wat aanvanklik daaraan toegeskryf is. Hy stel voor dat daar veronderstel word dat die Septuagint tot stand gekom het as hulp-studiemiddel vir Hebreeus, maar so vroeg soos Aristeeas is die Septuagint as 'n individuele teks gesien, 'n vrystaande eenheid, Heilige Skrif. Nog 'n onderskeiding wat hy maak is die onderskeiding tussen die oorspronklike teks van die Griekse vertaling en die sekondêre veranderinge wat in die Griekse teks aangebring is.

Pietersma (2005:450) noem dat sekondêre veranderinge ons daarop sal wys hoe die Septuagint teks verstaan is in 'n sekere tyd van sy lang ontwikkelingsgeskiedenis binne 'n sekere kulturele plasing. Dit is dus belangrik dat iemand wat met die Septuagint werk moet vasstel wat primêr en wat sekondêr is.

Pietersma (2005:451) is van mening dat 'n vertaling 'n interpretasie eerder as 'n reproduksie van die ouer teks is. Alhoewel geen vertaler realisties gesproke kan kies om nie te interpreteer nie, kan hy die keuse maak of sy vertaling meer bron-georiënteerd of meer doelgeoriënteerd gaan wees. Per definisie is 'n vertaling gerig op die doelkultuur.

#### **4.4.1 VLAKKE VAN INTERPRETASIE**

Vir die studie is dit van belang om die verstaanswyse van die Griekse vertalers in ag te neem. Pietersma (2005:453) werk met sekere vlakke van interpretasie vanaf die Hebreeus na die Grieks soos dit in die Septuagint gevind word:

##### **4.4.1.1 VLAK 0-INTERPRETASIE DEUR TRANSKRIPSIE**

Vlak 0-interpretasie is volgens Pietersma (2005:454) wanneer woorde van die brontaal getranskribeer word in die doeltaal. Dit kom veral voor by eiename. Hy sê verder dat daar van die opskrifte is wat sonder twyfel oorspronklik is. Hy noem die volgende name of begrippe in die opskrifte van die Psalms as oorspronklik: Absalom (3), Abimeleg (34,52), Etan (89), Asaf (50, 73-83), Batseba (51), Kus (7), Dawid (3), Doëg (52), Heman (88), “'n Belydenis” (39,62), Koragiete (42, 44-47, 84, 85, 87, 88), Natan (51), Saul (18, 52, 54, 57, 59) en Soba (60).

Hy plaas ook al die tekstuele items wat verduidelik kan word as gevolg van 'n meganiese fout soos 'n mislees van Hebreeuse letters, haplografie, dittografie en paraplesis by vlak 0.

#### 4.4.1.2 VLAK 1–INTERPRETASIE OP WOORDVLAK

Pietersma (2005:455) verduidelik dat vlak 1 behels dat 'n woord van die Hebreeus vervang word deur 'n woord van die Griekse teks en nie noodwendig sintakties geïntegreer is nie. Die woorde op hierdie vlak het betekenis, maar as geïsoleerde woorde wat nie verdere informasie kan deurgee nie.

Van die opskrifte van die Psalms kan mens ψαλμός as 'n vertaling van מְזֹמֵר as voorbeeld gebruik. Aangesien albei na instrumentele eerder as vokale musiek verwys, mag dit wees dat die verskil tussen die twee woorde minimaal is. Verder, die werkwoord זָמַר verwys moontlik na die speel van 'n blaasinstrument of snaarinstrument, terwyl die Griekse ψάλλω net na die bespeling van snaarinstrumente verwys. Dit is dus duidelik dat in die oordrag van bron na doel 'n inperking van betekenis voorgekom het. In die opskrifte van die Psalms word ψαλμός deurgaans van מְזֹמֵר afgelei, en word dit selfs in die frase *en psalmois* in Psalm 4:1 gebruik. Ander terme in die opskrifte van die Psalms wat in dieselfde kategorie val is ᾠδὴ vir שִׁיר en αἴνεσις vir תְּהִלָּה.

Pietersma (2005:457) toon aan dat die sogenaamde etimologiese groeperings ook by hierdie vlak tuishoort. Dit is wanneer 'n Griekse woord, nie as gevolg van kontekstuele oorwegings binne die Grieks nie, maar as gevolg van onbekende begrippe in die bronteks, gebruik word.

#### 4.4.1.3 VLAK 2–INTERPRETASIE OP FRASEVLAK

Op hierdie vlak van interpretasie het dit gebeur dat twee sintakties verwante Hebreeuse woorde in 'n frase saamgevoeg is sonder om te besin oor wat die gesamentlike paar mag beteken.

Pietersma (2005:459) noem op hierdie vlak van die opskrifte van die Psalms wat met mekaar verband hou, nl.: ψαλμός ᾠδῆς (Ps. 29,47,66,86,91) en ᾠδὴ ψαλμοῦ (Ps. 65, 82, 87, 107). Dit kom voor as die twee terme in Hebreeus, מְזֹמֵר *en* שִׁיר, bymekaar gevind word. 'n Soortgelyke frase kom voor in psalm 90, 92 en 94 Αἶνος ᾠδῆς. In alle waarskynlikheid is die frase Αἶνος ᾠδῆς vertaal vanaf תְּהִלָּה *en* שִׁיר.

Pietersma (2005:462) maak 'n relevante stelling wanneer hy sê dat uit die gebruik van ὑπὲρ τῶν ληγῶν (Eie letterlike vertaling: *parskuip*) vir עַל-הַגִּתִּית (Eie letterlike vertaling: *musiekinstrument*) in Psalm 8, 80(81), 83(84), dit duidelik is dat die Grieks nie daarin slaag om die Hebreeuse musiekterme te verstaan nie. Die Grieks het 'n teks geskep met potensiaal en is later deur verklaarders as metafories verstaan.

Pietersma (2005:465) noem dat dieselfde geval voorkom in Psalm 44(45) waar die Hebreëuse woord  $\text{שִׁיר יְדִידָה}$  vertaal word met  $\text{ὕπερ τοῦ ἀγαπητοῦ}$ . In die Hebreëus staan  $\text{שִׁיר יְדִידָה}$  in 'n genitief-konstruksie en moet vertaal word met “*Lied van die liefde.*” Die Grieks neem dit egter nie in ag nie en vertaal dit met “*vir die geliefde*” (Eie letterlike vertaling). In hierdie geval slaag die Grieks weer eens nie daarin om die invoegsels in die Hebreëus te verstaan nie.

Nog 'n voorbeeld kan gevind word in Psalm 44(45), 59(60), 68(69), 79(80), waar die Hebreëus  $\text{עַל-שְׁשָׁנַיִם}$  (op lelies) vertaal word in die Grieks met  $\text{ὕπερ τῶν ἀλλοιωθησομένων}$  (afkomstig van die werkwoord  $\text{ἀλλοιόω}$  wat beteken: *verandering van voorkoms*). Die Grieks slaag weer eens nie daarin om die bronteks te verstaan nie.

Ook in die Hebreëuse woord  $\text{מְשֻׁכָּלִים}$  (“om bedrewe te wees” vgl. 3.5.1) het die Grieks glad nie hierdie tipe lied verstaan nie (Ps. 47 (46):8). Volgens Pietersma (2005:468) is dit duidelik dat die  $\text{מְשֻׁכָּלִים}$  en die Griekse  $\text{σύνεσις}$  (“verstand, insig of intelligensie”) nie dieselfde semantiese strekking het nie, daarom vind interpretasie in die vertalingsproses plaas.

Rösel (2001:136) argumenteer verder: waar  $\text{σύνεσις}$  elders in die LXX gebruik word is dit in 'n eskatologies-apokaliptiese manier gebruik, daarom moet dit ook daardie betekenis gegee word wanneer die teks dit ook al toelaat.

In die geval van  $\text{σύνεσις}$  laat Rösel (2001:136) dit ook deur sy argumente geloofwaardig lyk om  $\text{Εἰς τὸ τέλος}$  eskatologies te verstaan. Pietersma (2005:469) maak die geldige punt dat dit sal beteken dat die vertalers van die Septuagint deur vertaling meer as 55 Psalms na Psalms oor die eindtyd verander het.

Pietersma wys verder daarop dat tot die  $\text{τέλος}$  (“einde/gevolgtrekking”) buite die Psalmbundel nie 'n temporele funksie vervul nie (Hab. 1:4; Job 4:20, 14:20, 20:7, 23:7). Ook die Kerkvaders wat die hele Septuagint as Evangelie gelees het, het die  $\text{Εἰς τὸ τέλος}$  uit 'n eskatologiese oogpunt gelees. Dit sluit aan by 1 Pet. 4:7 oor die einde van alle dinge wat naby is.

Craigie (1983:33) bevestig hierdie argument deur te sê dat daar sekerlik woorde in die opskrifte van die Psalm is wat nie deur die vertalers van die Septuagint verstaan is nie. Die bostaande voorbeelde is getuienis daarvan. Craigie sê dat die misverstaan van die titels juis die antieke waarde van die opskrifte van die Psalms beklemtoon (vgl. 3.5.3 punt 4).

#### **4.4.1.4 VLAK 3–INTERPRETASIE OP DIE SINSVLAK**

Pietersma (2005:471) noem 'n voorbeeld van hierdie vlak uit Psalm 55(56) met die Griekse gebruik van  $\text{ὕπερ τοῦ λαοῦ τοῦ ἀπὸ τῶν ἁγίων μεμακρυσμένου}$  (eie letterlike vertaling: *ter wille van die volk van heiligheid*) vir die Hebreëus  $\text{עַל-יְיִוֵּנֹת אֱלֹהִים רְחֹקִים}$  (eie letterlike vertaling:

*Op die duif van die stilte in die verte*). Op hierdie vlak is dit duidelik dat die Grieks nie weet wat om met die woord יונה “duif” te maak nie. Hier slaag die Septuagint weereens nie om die Hebreeuse gegewens korrek deur te gee nie.

#### 4.4.1.5 VLAK 4-INTERPRETASIE OP PARAGRAAFVLAK

Die opskrif in die Masoretiese teks van Ps. 26 is net תְּהִי, terwyl die Griekse teks πρὸ τοῦ χρισθῆναι. (*voordat hy gesalf was*) byvoeg. Dit is duidelik dat ’n eenvoudige “Psalm van Dawid” ’n psalm geword het wat geassosieer is met ’n spesifieke periode in Dawid se lewe, naamlik voor hy gesalf is as koning oor Juda (2 Sam. 2:4) en oor Israel (2 Sam. 5:3). Dit het aanleiding gegee tot die byvoeging wat in vers 5 van die Griekse teks voorkom. Die belangrike vraag is egter of dit die vertaler was wat die eksegetiese nota gebaseer op die inligting in vers 5 bygevoeg het, of was dit dalk die resepsiegeskiedenis van die Griekse teks wat verantwoordelik was daarvoor?

#### 4.4.2 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings ’n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

- 1 In die Griekse frase ὑπὲρ τῶν ληνῶν (Eie letterlike vertaling: *parskuip*) vir על־הַגָּתִיתָ (Eie letterlike vertaling: *musiekinstrument*), slaag die Griekse vertalers van die Septuagint nie daarin om die Hebreeuse ekwivalent te verstaan nie.
- 2 Die Hebreeuse woord תִּידָן word vertaal met ὑπὲρ τοῦ ἀγαπητοῦ. In die Hebreeus staan תִּידָן שִׁיר in ’n genitief-konstruksie en moet vertaal word met “*Lied van die liefde*.” Die Grieks neem dit egter nie in ag nie en vertaal dit met “*vir die geliefde*” (Eie letterlike vertaling).
- 3 Die Hebreeuse frase על־שִׁשְׁבַּיִם (op lelies) word in die Grieks vertaal met ὑπὲρ τῶν ἀλλοιωθησομένων (afkomstig van die werkwoord ἀλλοιόω wat beteken: *verandering van voorkoms*). Die Griekse vertalers slaag nie daarin om die Hebreeuse begrip te verstaan nie.
- 4 Die Hebreeuse woord מְשִׁבֵּל (“om bedrewe te wees” vgl. 3.5.1) het die Griekse vertalers ook min kennis van, soos dit blyk uit hul vertaling van σύνεσις (“verstand, insig of intelligensie”)

- 5 Die Griekse frase ὑπὲρ τοῦ λαοῦ τοῦ ἀπὸ τῶν ἁγίων μεμακρυσμένου (eie letterlike vertaling: *ter wille van die volk van heiligheid.*) toon min begrip vir die Hebreeuse sin מְלֶאכֶת עַל־יְיָ (eie letterlike vertaling: *Op die duif van die stilte in die verte.*)
- 6 Al die bogenoemde sake wys heel waarskynlik op die waarde en die betroubaarheid van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks, omdat hierdie gegewens lank voor die vertaling van die Septuagint (tweede eeu v.C.) sy oorspronklike betekenis verloor het.

## 4.5 DIE PSALMS BY QUMRAN

### 4.5.1 PRESIESE AARD VAN 11QPs<sup>a</sup> BY QUMRAN

Flint (1997:175) wys daarop dat daar voor 1985 min pogings was om die struktuur of beginsels van 11QPs<sup>a</sup> in sy geheel te verduidelik. Die werk van Sanders (1974:98) was een van hierdie gevalle. Volgens hom bevat 11QPs<sup>a</sup> 'n latere gedeelte van die Psalmbundel wat deur die Qumran gemeenskap soos volg gesien is:

1. Eerstens, dat dit “kanonieke” teks was.
2. Tweedens, dat dit onder geen omstandighede geslote was nie.

Sanders (1974:98) wys daarop dat hierdie manuskrip 'n gedeelte van die Skriftelike Psalmbundel bevat voor die universele aanvaarding van die Masoretiese grondteks in die laat eerste eeu v.C. Sanders stel die saak soos volg: *that 11QPs<sup>a</sup> contains the latter part of a true scriptural Psalter, not a secondary collection that is dependant upon Psalms 1-150 as found in the Received Text.* Hy gaan verder van die standpunt uit dat 11QPs<sup>a</sup> 'n gedeelte van die Psalmbundel is wat teen die eerste eeu n.C. nog samestellings kon insluit nadat Psalm 1-89 reeds gevestig was. Sanders (1974) toon verder aan dat Psalm 1-72 gevestig was, maar dat Psalm 73-150 nog nie gevestig was nie. Hy wys daarop dat die laaste gedeelte (ongeveer 'n derde) van die versameling impliseer dat die Qumran-Psalmbundel nog teen die eerste eeu n.C. onvoltooid was. Vir Sanders het die Psalmrol dus 'n besondere implikasie vir ons verstaan van die kanoniseringsproses van die Psalmbundel.

Om te bewys dat hierdie argument op waarskynlikhede berus, verskil Flint (1997:137) van Sanders (1974). Flint bring die skeiding in die bundel in tussen Psalm 89 en 90. Vir hom moet daar spesifiek op drie sake van vergelyking gelet word:

1. Die aantal konflikte tussen en ooreenkomste met die volgorde van die Ontvangde Psalmbundel.

2. Die totale aantal kere wat die spesifieke Psalms verbind is aan 'n nie-Masoretiese samestelling.
3. Die relatiewe ouderdom van die manuskripte wat dit wat in die Masoretiese teks gevind word ondersteun of daarvan verskil.

Flint (1997:152) kom tot die gevolgtrekking dat - as Sanders se argument waar is - dit beteken dat daar nie 'n universeel-aanvaarde en gefinaliseerde vorm van die Psalmbundel onder Jode was tot so laat as die eerste helfte van die eerste eeu n.C. nie. Die vraag moet egter gevra word of die verskillende versamelings in die Qumran-manuskripte wat gevind word, verskillende weergawes van die Psalmbundel bevat, of is dit sekondêre samestellings wat steun op 'n teks wat toe reeds gefinaliseer is?

Skehan (1978:167) sê dat nie minder nie as 17 Qumran-manuskripte getuies lewer vir slegs “kanonieke” Psalms en wat die volgorde in die Masoretiese teks ondersteun. Flint (1997:158) wys egter daarop dat hierdie getal nie akkuraat is nie, omdat die argument van Skehan op die valse voorveronderstelling berus dat enige manuskrip wat nie teenstellend met die volgorde en inhoud van die Masoretiese teks is nie, in ooreenstemming daarmee is. Flint (1997:158) sê dat 'n mens so ver kan gaan deur die stelling te maak dat as geen Qumran-rol die rangskikking van die Masoretiese teks ondersteun nie, dit aanloklik is om voor te stel dat die gemeenskap by Qumran eerder die 11QPs<sup>a</sup> Psalmbundel verkies het.

In teenstelling met Sanders (1974) sê Skehan (1978:16) dat 11QPs<sup>a</sup> 'n sekondêre versameling was. Skehan gee 'n tweevoudige verduideliking van die inhoud: (1) liturgiese hergroepering en (2) “biblioteek weergawes” wat uitgebrei het. Hy wys ook dat die mees algemene voorbeelde in die bundel vir liturgiese gebruik die akrostiese struktuur van Psalm 119 is en dertien van die vyftien Pelgrimsliedere (Psalm 120-132). Hierdie akrostiese struktuur word ook in Psalm 145 aangetref en is heel waarskynlik 'n voor-ballingskap skryfswyse (vgl. 3.3). Volgens Skehan (1978) is daar ander groepe Psalms wat getuig van doelbewuste liturgiese rangskikking met die hoofokus in die tempel in Jerusalem en 'n voorgestelde ontstaan voor die tweede eeu v.C. Verdere liturgiese groeperings deur Skehan (1978:17) is die Hallel-Psalms (Psalm 113-118), Psalm 149 en 150 as lofliedere aan die Skepper en Psalm 104, 147, 105, 146 en 148. Laasgenoemde groepering gee die indruk dat dit vir 'n diens van lofprijsing gebruik is.

Dit is duidelik dat Flint (1997) hom skaar by die werk van Sanders, maar Skehan (1978) het tog 'n kosbare bydrae gelewer deur te poog om die struktuur van 11QPs<sup>a</sup> in 'n teologiese raamwerk te verduidelik.

In teenstelling met Sanders se argument, lig Flint (1997:207-217) die vyf argumente uit wat deur akademië soos Skehan, Talmon en Goshen-Gottstein (soos deur Flint aangehaal) voorgestaan word:

1. Dawid se samestelling in 11QPs<sup>a</sup> wyk af van die ontvangde Psalm bundel (150 Psalms in die Masoretiese teks).
2. 11 QPs<sup>a</sup> dui op 'n hergroepering van die Masoretiese teks, wat toe reeds gefinaliseer was.
3. 11 QPs<sup>a</sup> bevat 'n sektariese versameling wat beperk was tot die Qumran-gemeenskap.
4. 11 QPs<sup>a</sup> bevat 'n uitgebreide versameling in vergelyking met die Masoretiese teks.
5. Die Masoretiese teks is kronologies vroeër as 11QPs<sup>a</sup>.

#### **4.5.2 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Flint en Sanders se argumentasielyn is problematies in die sin dat dit dit nie duidelik maak of Psalm 73-150, of Psalm 89-150 die later gefinaliseerde Psalms uitmaak nie.
2. 11QPs<sup>a</sup> was 'n sekondêre versameling by Qumran. Dit kan tweevoudig bespeur word: (1) liturgiese hergroepering en (2) "biblioteek weergawes" wat uitgebrei het.

#### **4.6 INHOUD VAN DIE PSALMS BY QUMRAN**

Ulrich (2001:63-64) noem dat meer manuskripte van die boek Psalms behoue gebly het by Qumran en in die Judeese Woestyn as enige ander werk. Volgens Flint (1997:257-264) is daar 39 Psalmrolle by die Dooie See gevind: 36 afkomstig van Grot, elf van die Qumran-grotte, een van Nahal Hever en twee van Masada. Swanson (2005:248) noem dat die Psalmrolle verteenwoordigend is van 20% van alle Bybelse manuskripte wat gevind is. Dit is 'n duidelike aanduiding van die belangrike plek wat die Psalms ingeneem het in die lewe van die gemeenskap wat hierdie Psalms gekopieer en bewaar het.

Eaton (2003:45) dateer die Psalms wat by Qumran gevind is iewers tussen 200 v.C. en 100 n.C. Volgens hom is dit duidelik dat die Psalms baie in gebruik was by Qumran en dat die mense Dawid as die skrywer van die Psalms aanvaar het. Dit is ook duidelik dat sommige van die Psalms as apokalipties verstaan is en daar word gevind dat verskeie Psalms (2,37,45,128) verklaar is as Psalms vir die laaste dae. Die gemeenskap by Qumran het dus berusting gekry by die antieke poësie van gebed en lofprysing.

Swanson (2005:250) toon verder aan dat 11QPs<sup>a</sup> ’n uitgebreide manuskrip is wat behou gebly het. Dit bevat nege samestellings wat nie in die Masoretiese weergawe van die Psalms gevind word nie.

Allen (1997:1038) sê dat een van die pligte van die gemeenskap by Qumran was om God te prys. Dit kan soos volg voorgestel word:

| <b>Qumran-gekrif</b> | <b>Waarvan melding gemaak word</b>   |
|----------------------|--|
| 1QS 10:17            | Wanneer God die mens van nood bevry.   |
| 1QH 1:30; 3:23       | Die mens is geskep om God te prys.   |
| 1QM12:1              | Dit is ook die rol van die engele om God te prys.  |
| 1QH 11:23            | Die sanger begelei sy lied met ’n blaasinstrument van lofprijsing.   |
| 1QH 11:24            | God se prysenswaardigheid moet reflekteer in die lewe van elke mens.                                       |
| 1QM 14:2             | Na die eskatologiese geveg sal die “lofprijsing van terugkeer” gesing word in lofprijsing van God se Naam. |
| 1QM 4:14             | Die lofprijsing aan God sal een van die inskripsies wees van die oorwinnende leërmag.                      |

Rendtorff (2005:53) sê dat 2 Makk. 2:13 van die “geskifte van Dawid” melding maak en volgens die groot Qumran-rol (11QP<sup>a</sup> col. 27) het Dawid “geskryf” en “gespreek” - soveel as 3600 Psalms en 450 sange.

Soggin (1976:366) noem dat ons uit die Qumran-psalms die volgende kan aflei:

1. Dat die Psalmbundel gefinaliseer is teen die tweede eeu v.C.
2. Dat die samestellings buite die Psalmbundel wat ongeveer uit dieselfde tyd dateer, radikaal verskil van die Psalms wat in die Kanonieke bundel gevind word.

Flint (2001:77) sê in verband met Luk. 24:44 dat Dawid se uitsprake gesien is as ’n tipe profesie. Hierdie idee word ook gevind by Qumran waar Dawid se uitsprake as “profeties” gesien word (11QPs<sup>a</sup> 27:11). Ons mag hier te doen hê met bewyse dat die Christendom die Psalms, soos by Qumran, gesien het as ’n uitbreiding op die profete.

Flint (1997:141) noem dat die elf rolle soms verskil van die Masoretiese teks met betrekking tot die inhoud en volgorde of beide: 4QPs<sup>a</sup>, 4QPs<sup>b</sup>, 4QPs<sup>d</sup>, 4QPs<sup>e</sup>, 4QPs<sup>f</sup>, 4QPs<sup>n</sup>, 4QPs<sup>q</sup>, 4QPs, 4Q522, 11QPs<sup>a</sup>, 11QPs<sup>b</sup> en 11QPsAp<sup>a</sup>. Hierdie argument hou direkte verband met

Sanders se hipotese oor die geleidelike vaslegging van die Hebreeuse Psalmbundel, waarvolgens Psalm 1-89 eerste gevestig is en Psalm 90 tot 150 nog nie gevestig was nie.

Waltke (2001:32) sê dat die Qumran-rolle die lewe van 'n Joodse gemeenskap uitbeeld wat verskil ten opsigte van die kanonversameling. Dit kan afgelei word uit die volgende struktuur:

1. Die afwesigheid van Ester by die Dooie See-Rolle. Kaiser (2001:45) opper dieselfde saak en sê dat die gemeenskap by Qumran moontlik op vrouens neergekyk het.
2. Die verskillende strukture wat die rol 11QPs<sup>a</sup> aanneem as dit met die Masoretiese teks vergelyk word.

Swanson (2005:249) maak melding van die feit dat baie van wat gevind is te onvolledig is om vas te stel hoeveel Psalms in een rol geplaas is. Byvoorbeeld:

| <b>Qumran geskrif</b> | <b>Gedeeltes waaruit dit bestaan</b>   |
|-----------------------|--|
| 4QPs <sup>j</sup>     | Hierdie geskrif bestaan uit twee en twintig verse in een fragment van Psalm 48, twee van Psalm 49 en een van Psalm 51. |
| 4QPs <sup>k</sup>     | Hierdie geskrif bestaan uit 'n onvolledige kolom van Psalm 135 en 'n ander uit Psalm 99.                               |
| 4QPs <sup>n</sup>     | Hierdie geskrif bestaan uit 'n onvolledige gedeelte van Psalm 42:5.  |

Flint (1997:48) bespreek die inhoud van die Psalms wat ontdek is by Qumran, breedvoerig:

1. Die eerste saak waaraan aandag geskenk moet word, is dat die meeste manuskripte wat by Qumran ontdek is, slegs Psalm 1-89 bevat, terwyl ander van Psalm 90 tot aan die einde van die bundel bevat. Daar word melding gemaak van slegs vyf manuskripte wat oorvleuel tussen Psalm 1-89 en 90-150.
2. Dit is dus belangrik om aandag te gee aan die getuienis van die manuskripte wat oorvleuel. 11QPs<sup>a</sup> bevat 22 fragmente, waarvan slegs 11 geïdentifiseer kan word. Dit is gedeeltes van Ps. 86, 92, 94, 95-96 en 119. Hierdie fragmente bestaan uit Psalms wat in die bundel redelik naby aan mekaar voorkom. Daar kan dus waargeneem word dat hulle dit wat oor is van die einde van 'n manuskrip wat eindig by Psalm 119, verteenwoordig. 4QPs<sup>e</sup> bevat gedeeltes van Psalms tussen 76 en 130, maar sonder Psalm 119. Psalm 118 volg dadelik op Psalm 104 en 105, en dan Psalm 120. Flint (1997:164) sê dat 4QPs<sup>e</sup> 'n belangrike rol is, omdat dit getuienis lewer van 'n eksemplaar van die 11QPs<sup>a</sup>-Psalmbundel wat in Grot 4 bewaar gebly het. Die regstellings wat gemaak is in 4QPs<sup>e</sup> impliseer dat ons te doen het met 'n vroeë eksemplaar van 'n weergawe gevind in 11QPs<sup>a</sup>, maar dat dit latere regstellings ondergaan het tot 'n tekstuele vorm nader aan die een wat bewaar gebly het in die

Masoretiese teks. Aan die ander kant begin 11QPs<sup>b</sup> met Psalm 77-78, dit sluit Psalm 119 in, gevolg deur Psalm 118 met die verse van die Psalm wat verskil van dit wat ons in die Masoretiese teks vind.

Een manuskrip sluit latere Psalms in die versameling in, saam met vroeëre Psalms. 11QPs<sup>d</sup> bevat gedeeltes van Psalm 6 tot 86 (alhoewel nie in die volgorde van die Masoretiese teks nie), met Psalm 81, 86 en 115-116 wat geplaas is tussen gedeeltes van Psalm 78.

Die manuskrip wat die minste vatbaar is vir oorvleueling tussen Psalm 1-89 en 90-150 is 4QPs<sup>f</sup>. Tien kolomme is gerekonstrueer uit Psalm 107-109 gevolg deur drie nie-kanonieke psalms wat nie bekend is buite Qumran nie. Een van die fragmente van Psalm 22 het ook behoue gebly.

3. Die ses fragmente van 1QPs<sup>b</sup> sluit gedeeltes van Psalms 126-128 in. Daar word melding gemaak van die feit dat hierdie geskrif moontlik net Pelgrimsliedere kon bevat, maar dit kan nie bewys word nie. Flint (1997:165-166) dateer hierdie geskrif terug tot ongeveer 50 v.C. en sê dat Psalms 22, 107 en 109 gedeeltelik uitgewis is tesame met drie of vier versamelings wat afwesig is van die Ontvangde Teks.
4. Die vraag word steeds gevra: hoe moet die feit dat daar Psalms is wat nie by die Dooie See-Rolle gevind is nie, hanteer word? Oor hierdie saak is Flint (1997:165) duidelik: 4QPs<sup>b</sup> bevat teks van Psalm 91-118 en dit wil voorkom of hierdie geskrif by Psalm 118 eindig. Wat opgemerk kan word, is dat kolom 25 eindig by Psalm 103 en kolom 26 weer hervat by Psalm 112. Psalms 104-111 is dus nie ingesluit nie. Swanson (2005:251) vra die vraag of Psalm 104-111 dalk in 'n stadium as onafhanklike bundel ontstaan het? 'n Verdere vraag is: As Psalm 104-111 as onafhanklike bundel ontstaan het, hoekom verdeel die Masoretiese teks hierdie bundel tussen boek IV en boek V?

Flint (1997:168-170) sê dat daar drie weergawes van die Psalmbundel was:

1. *Weergawe 1 – 'n Vroeë weergawe van die Psalmbundel (Psalms 1 of 2 tot 89)*. Flint sê dat die Dooie See-Rolle die vroegste dokumentêre getuigenis verskaf van 'n vroeë en korter weergawe van die Psalms. Hierdie weergawe het 'n onafhanklike bestaan gehad voor die ontstaan van die groter Psalmbundel of Psalmbundels en het moontlik die inhoud van spesifieke rolle, soos 4QPs<sup>a</sup>, 4QPs<sup>c</sup> en 11QPs<sup>d</sup>, ingesluit. Flint (1997) en Sanders (1974) meen dat hierdie weergawe gebruik is saam met die langer 11QPs<sup>a</sup> en die Masoretiese 150 Psalms. Die onafhanklike bestaan van weergawe 1 by Qumran lyk dus onwaarskynlik, omdat dit gebruik is voor die gemeenskap se stigting in 150 v.C. (Flint 1997:169).

2. *Weergawe IIa – Die 11QPs<sup>a</sup>-Psalmbundel*. Hierdie weergawe word verteenwoordig deur ten minste drie manuskripte: 4QPs<sup>e</sup>, 11QPs<sup>a</sup> en 11QPs<sup>b</sup>. Flint sê dat daar nie getuienis is dat die tweede gedeelte van die versameling by Qumran saamgestel is nie. Dit is heel waarskynlik by weergawe 1 gevoeg voor die Qumran-periode om weergawe IIa te vorm vir die Joodse sirkels wat die sonkalender nagevolg het.
3. *Weergawe IIb – Die Masoretiese Psalmbundel van 150 Psalms*. Hierdie versameling het volgens Flint (1997:169) bestaan uit Weergawe I plus Psalms 90-150 soos gevind in die Ontvangde Teks en word moontlik gekoppel aan die Joodse groepe wat die maankalender nagevolg het. Volgens Flint (1997) wys dit op die feit dat Weergawe I tot stand gekom het en dat twee groter weergawes uit Weergawe I in twee verskillende rigtings gegroei het.

#### 4.6.1 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Die Psalms in die Dooie See-Rolle is verteenwoordigend van 20% van alle Bybelse manuskripte wat gevind is. Dit is 'n duidelike aanduiding van die belangrike plek wat die Psalms ingeneem het in die lewe van die gemeenskap wat hierdie Psalms gekopieer en bewaar het.
2. Lofprysing het 'n baie belangrike rol gespeel in die lewe van die mense by Qumran.
3. Die meeste manuskripte wat by Qumran ontdek is, het slegs Psalm 1-89 bevat. Daar word melding gemaak van slegs vyf manuskripte wat oorvleuel tussen Psalm 1-89 en 90-150.
4. Die idee dat Dawid se uitsprake as “profeties” gesien word (11QPs<sup>a</sup> 27:11), word duidelik by Qumran gevind. Ons mag hier te doen hê met bewyse dat die Christendom die Psalms, soos by Qumran, gesien het as 'n uitbreiding op die profete.
5. Die Qumran-rolle beeld 'n Joodse gemeenskap uit wat verskil het van die gemeenskap van die Masoretiese teks. Dit kan afgelei word uit die struktuur daarvan: (1) Die afwesigheid van Ester by die Dooie See-Rolle. (2) Die verskil in struktuur wat die rol 11QPs<sup>a</sup> aanneem as dit met die Masoretiese teks vergelyk word.

## 4.7 DIE NIE-KANONIEKE PSALMS BY QUMRAN

### 4.7.1 DIE AANTAL PSALMS INGESLUIT BY QUMRAN

Volgens Swanson (2005:254) is een van die belangrike aspekte van hierdie Psalms die aantal manuskripte:

1. Die Apokriewe Psalms is die Psalms wat nie bygereken is by die 150 Psalms van die ontvangde teks nie. Die Septuagint sluit 'n Psalm 151 in wat heel waarskynlik deur Dawid geskryf is, omdat die opskrif dit aandui. Hierdie Psalm en vier ander word ook in die Siriese manuskripte aangetref. Die Siriese vertaling van die Skrif is 'n Christelike weergawe wat later as die Septuagint ontstaan het en dien as 'n laat getuie in die Psalmtradisie. Die Psalms wat bygevoeg is by die Masoretiese grondteks word beskou as Psalms wat later tot stand gekom het. Al hierdie Psalms word aangetref by die mees volledige Qumran-Psalmrol (11QPs<sup>a</sup>). Die feit het tot gevolg gehad dat die Siriese Psalms as geloofwaardige getuie van die Psalm bundel gesien is.
2. Die Grot 11-Psalmbundel sluit ook twee samestellings in wat voorheen bekend was. Die rol begin met die Psalm wat in die ontvangde teks as Psalm 101 bekend staan en eindig met die Septuagint/Siriese Psalm 151. Die Psalms volg nie die volgorde in die Masoretiese teks nie, en sluit Psalm 93 in.
3. Soos reeds gemeld, sluit die Qumran-rolle ook 'n paar onbekende samestellings in. Twee word hier genoem nl.: “die lied aan die Skepper” en “Dawid se samestellings.” Laasgenoemde dien as 'n epiloog tot die Psalm bundel en gee die totaal van Dawid se Psalms as 4050 deur. Dit word verdeel in 3600 Psalms en 450 ander tipe liederes.  
  
Twee ander nuwe Psalms, “Apostroof tot Sion” en “smeebede om Verlossing” word gedeel met 11QPs<sup>b</sup> en laasgenoemde met 4QPs<sup>f</sup>. 4QPs<sup>f</sup> bevat op sy beurt twee nuwe Psalms, een met die titel: “Eskatologiese lied” en die ander “Apostroof tot Juda.”
4. Daar is ook manuskripte by Qumran ingesluit wat nie in die Masoretiese teks of die Septuagint voorkom nie, maar tog “tipes psalms” is. 4Q380 is 'n onvolledige versameling van samestellings wat bestaan uit 'n “Sionpsalm”, klaagliedere, en wysheidpsalms. Die een volledige titel in die versameling lees “die gebed van Obadja.” Of dit na die profeet verwys of na iemand met dieselfde naam is onbekend. 4Q381 bevat inskripsies van Mannase “die man van God” en 'n “koning van Juda” wie se naam verlore gegaan het.

Swanson (2005:257) lig die feit uit dat agt nie-kanonieke psalms tussen die laaste elf kanonieke psalms in 11QPs<sup>a</sup> voorkom. Dit is volgens hom 'n aanduiding van 'n laat byvoeging tot 'n vaste volgorde.

#### 4.7.2 PSALM 151A EN B BY QUMRAN

Flint (2001:93) toon aan dat Psalm 151 by Qumran in twee psalms as twee aparte dele gevind word. Die vorm is dus baie verskillend van die in die Griekse Septuagint. Dit is wel bekend dat die Griekse Psalmbundel nie met 150 Psalms eindig nie, maar met 151. Dit is egter interessant dat Psalms 151 in kolom 28 van 11QPs<sup>a</sup> behoue gebly het. Wanneer die Griekse en Hebreeuse weergawes vergelyk word, is daar wesenlike verskille wat na vore kom. In die Septuagint is Psalm 151 'n enkele samestelling, terwyl die 11QPs<sup>a</sup>-rol twee Psalms bevat (151A en 151B) elkeen met sy eie opskrif.

Volgens Flint (2001:94) is 'n tweede kenmerk die feit dat Psalm 151A en Psalm 151B die enigste ware “outobiografiese” psalms is. Hy sê dat hierdie twee Psalms verband hou met ware gebeure in Dawid se lewe. Psalm 151A:1 maak die volgende bekend: *“He made me shepherd of his flock and ruler over his kids.”*

Psalm 151A:6 maak die volgende bekend: *“He sent his prophet to anoint me, Samuel to make me great; my brothers went out to meet him”*, terwyl Psalm 151B:2 die volgende sê: *“Then I saw a Philistine uttering defiance’s from the ranks of the enemy.”*

Flint noem verder dat sulke verwysing na die lewe van Dawid nooit in die Kanonieke Psalms voorkom nie. Flint se gevolgtrekking is dat die bestaan van die Psalmbundel by Qumran daarop wys dat die Kanonieke versameling slegs een antieke weergawe van die Psalms is.

Hierdie argument van Flint is egter problematies, omdat hy na die apokriewe Psalm verwys as “outobiografies” (dit wil sê deur Dawid geskryf). Hy maak verder melding dat geen van hierdie verwysings na die lewe van Dawid in die Kanonieke Psalms na vore kom nie. Daar is egter 'n hele klomp Psalms waarin daar gebeurtenisse in Dawid se lewe na vore kom (vgl. 3.6).

##### 4.7.2.1 VERGELYKING VAN DIE OPSKRIFTE VAN PSALM 151A EN 151B:

| Manuskrip           | Psalm     | Opskrif   |
|---------------------|-----------|---|
| 11 QPs <sup>a</sup> | Ps. 151A  | <i>A Hallelujah of David, son of Jesse.</i>                         |
| LXX                 | Ps. 151:1 | <i>This psalm is truly written by David, although it is outside</i> |

|                          |           |  |
|--------------------------|-----------|--|
|                          |           | <i>the number, after he had fought with Goliath in single combat.</i>                |
| Masoretiese Teks         | Ps. 151:1 | Nie ingesluit nie.   |
| 11 QPs <sup>a</sup>      | Ps. 151B  | <i>At the beginning of David's power, after the prophet of God had anointed him.</i> |
| Siriese manuskrip (12t4) | Ps. 151   | <i>Of David, when he fought alone against Goliath.</i>                               |

Van Rooy (1999:29) wys daarop dat hierdie lied toegeskryf word aan Dawid. Dit verwys na sy aanstelling as koning en sy oorwinning oor Goliat. Die opskef in 12t4 en die Septuagint kom ooreen met die laaste gedeelte van die psalm. Die opskef in 11QPs<sup>a</sup> verwys nie na Goliat nie. Van Rooy kom tot die gevolgtrekking dat die Siriese opskefte in die verskillende manuskripte twee tradisies weerspieël.

Dit is duidelik dat 11QPs<sup>a</sup> 'n opskef bevat vir elkeen van die twee Psalms, die eerste in die derde reël van kolom 28 en die tweede in reël 13. Die Septuagint het egter slegs een opskef wat baie verskil van die opskefte wat by Qumran gevind is.

Die opskef in die Septuagint lyk of dit van belang kon wees vir latere versamelaars rakende die plek van Psalm 151 in die Griekse Psalmbundel in 'n tyd toe die proto-Masoretiese Psalmbundel van 150 Psalms normatief geword het vir Judaïsme. Die opskef van die Psalm in die Septuagint impliseer dus dat dit bygevoeg is tot die Septuagint nadat die Septuagint-Psalmbundel saamgestel is.

#### 4.7.2.2 DIE SIRIESE APOKRIEWE PSALMS

Van Rooy (1999) noem en behandel die vyf Siriese apokriewe Psalms in diepte. Van Rooy (1999:19) noem dat Theodorus die opskefte van die Psalms in die Masoretiese teks en die Septuagint verwerp. Sy kommentaar bevat lang inleidings tot elke Psalm en die Oos-Siriese opskefte hou verband met hierdie inleidings. Van Rooy toon verder aan dat die Siriese manuskrip 12t4 die belangrikste Nestoriaanse teks van die Kanonieke Psalms is.

Ook vir die Apokriewe Psalms beteken 12t4 baie. Van Rooy (1999:27) dui aan dat slegs Psalm 151 in die Hebreus van 'n opskef voorsien is, terwyl al vyf opskefte in die Siries het. Die opskefte in manuskrip 12t4 verskil in baie opsigte van die opskefte in ander manuskripte. Van Rooy (1999:28) noem verder dat die opskefte van Psalm 154 en 155 gedeeltelik ooreenstem met die opskefte van die kanonieke Psalms 85 en 86 in die

Nestoriaanse tradisie - 'n tradisie heeltemal anders as die van die Masoretiese teks. Van Rooy (1999) sê dat verskillende opskrifte voorkom in verskillende Siriese tradisies.

Van Rooy (1999:28) noem 'n baie belangrike punt deur klem te lê op die naskrif wat gevind word na Psalm 155 in manuskrip 12t4: *With the help of our Lord the Psalter of the blessed David, prophet and king, has been completed, with five Psalms that are not in the number, Greek or Hebrew, but, as they say, they are found in Syriac. And we wrote them for the one who asked.*

Van Rooy (1999:30) kom tot die gevolgtrekking dat hierdie naskrif dit beklemtoon dat die een wat die Psalms gekopieer het, duidelik tussen die kanonieke en apokriewe Psalms onderskei het. Hy sê dat hierdie onderskeid ook vir Psalm 151 geldig is, wat as byvoeging by die Septuagint dien.

Volgens Van Rooy (1999:29) lyk die vier Siriese psalms se opskrifte soos volg:

| <b>Psalm</b> | <b>Opskrif</b>  |
|--------------|---|
| Psalm 152    | <i>Spoken by David when he fought with a lion and a bear that carried away the sheep of his flock.</i>  |
| Psalm 153    | <i>Spoken by David when he received mercy from God when he delivered him from the lion and the bear he killed the two of them with his hands.</i>   |
| Psalm 154    | <i>'A Prayer of Hezekiah when the Assyrians surrounded him and he asked God for deliverance from them. When the people received permission from Cyrus to return to their own land and they asked God to fulfil their expectations.'</i> 'n Ander manuskrip bevat die volgende: <i>'A prayer of Hezekiah when enemies surrounded him.'</i> |
| Psalm 155    | <i>A prayer of Hezekiah when the Assyrians surrounded him and he asked God for deliverance from them.'</i> 'n Ander manuskrip bevat die volgende: <i>'When the people received permission from Cyrus to return to their own land.'</i>  |

Van Rooy (1999:30) toon aan dat hierdie twee Psalm-opskrifte baie nou verband hou met die opskrifte van Psalm 85 en 86 in die Oos-Siriese opskrifte.

### **4.7.3 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Daar is manuskripte by Qumran ingesluit wat nie in die Masoretiese teks of die Septuagint voorkom nie, maar tog “tipes psalms” is. 4Q380 is ’n onvolledige versameling van samestellings wat bestaan uit ’n “Sionspsalm”, klaagliedere en wysheidspsalms.
2. In die Septuagint is Psalm 151 ’n enkele samestelling, terwyl die 11QPs<sup>a</sup>-rol twee Psalms bevat (151A en 151B) elkeen met sy eie opskrif.
3. Psalm 154 is ’n psalm wat oproep tot lofprijsing, terwyl Psalm 155 ’n psalm van danksegging is met ’n pleidooi vir verlossing

#### **4.8 HOOFSTUKSAMEVATTING**

1. In hierdie hoofstuk is klem gelê op die waarde van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks.
2. Verder is daar ook in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die vergelyking tussen die opskrifte in die Masoretiese teks, die Septuagint en die Dooie See-Rolle en uit hierdie vergelyking is die ooreenkomste aangetoon.
3. Daar is verder in hierdie hoofstuk aangedui dat Jesus in die Nuwe Testament na ’n geslote kanon verwys wat lig werp op die dateringsprobleme wat daar ontstaan.
4. Daar is ook aan Pietersma se verskillende vlakke van interpretasie aandag gegee en dit het duidelik geword dat daar baie benamings in die Hebreeus is wat die vertalers van die Septuagint nie verstaan het nie.
5. Daar is verder spesifieke aandag gegee aan die presiese aard van die 11QPs<sup>a</sup>-rol by Qumran en besonder gefokus op die resente debat tussen geleerdes soos Sanders en Skehan.
6. Daar is ook ’n uitgebreide bespreking aangebied oor die inhoud van die Psalms by Qumran.
7. Laastens is daar aandag gegee aan die nie-Kanonieke Psalms by Qumran waar veral twee sake aandag geniet het: (1) die bespreking rondom Psalm 151 en (2) die Siriese apokriewe Psalms.

## HOOFSTUK 5

### LOFPRYSING IN DIE PSALMS EN DIE TITEL VAN DIE BUNDEL

#### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die inhoudelike element van lofprysing in die Psalmbundel nagegaan. Voordat dit gedoen word, word daar eers gefokus op die element van lofprysing in die geheel van die Skrif. Nog 'n belangrike punt om in ag te neem voordat daar gehandel kan word oor die element van lofprysing in die Psalms, is die indeling van die Psalms.

Daar word eers gekyk na die inhoudelike beweging van klaaglied na loflied in die geheel van die bundel en dan word sekere Psalms uitgewys waar die patroon van klaaglied na loflied homself herhaal.

Daar word ook in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die funksionering van die *Hallel*-Psalms en die tipes lofprysing wat in die bundel aangetref word. Laastens word gekyk na die invloed wat die inhoudelike element van lofprysing op die titel van die bundel behoort te hê. Daar word dan gepoog om met 'n sinvolle samevatting na elke onderafdeling vorendag te kom en ook een gemeenskaplike samevatting aan die einde van die hoofstuk.

#### 5.2 LOFPRYSING EN ANDER LIEDERE IN DIE GEHEEL VAN DIE SKRIF

Craigie (1983:25) toon aan dat lofliedere en gebede nie net beperk is tot die boek van Psalms nie. Hy noem dat lank voor die Psalmbundel bestaan het en lank voor baie van die inhoud geskryf is, daar 'n tradisie van Psalmodie in Israel was. Dit kan gesien word in die ander liedere wat ons in die Ou Testament vind:

1. Die lied van die see (Eksodus 15:1-18) - In die Lied van die See word die groot uittoegewier by wyse van 'n groot lied van dank en lofprysing. Hierdie lied herdenk die ingryping van God in die geskiedenis om die uitverkore volk uit slawerny te bevry (Craigie, 1983:25). Dit is merkwaardig dat in Eksodus 15:2 die woord זָמַרְתָּ (aangetref word. Dit is afkomstig van die werkwoord זָמַר (dieselfde werkwoord waarvan מְזִמֹּר afgelei is en wat 57 keer in die Psalmopskrifte voorkom). Dit word in Afrikaans vertaal met “*Die Here is my krag en my psalm, . . .*”
2. Die lied van die Ark (Numeri 10:35-36) – die lied van die ark in Numeri 10 dui op die meer liturgiese gebruik van poësie (Van Rooy 2008:20).
3. Die lied van Moses (Deuteronomium 32) - Die Lied van Moses is meer onderrigtend van aard en kan beskou word as 'n voorbeeld van wysheidsliteratuur (Craigie,

1983:25) terwyl lof en dank die tema by die vorige twee liedere is. In Deuteronomium 32:44 kom die woord הַשִּׁירָה voor. Dit word vertaal met “lied” en kom in die opskrifte van verskeie Psalms voor.

4. Die Seën van Moses (Deuteronomium 33) – Dit is ’n lied in die vorm van ’n vaderlike seën en is van profetiese en voorspellende aard (Craigie, 1983:26).

In hierdie lied is die woordeskat van die Psalms ook aanwesig in die vorm van הַבְּרָכָה wat in Afrikaans vertaal kan word met “*die seën.*” Ons vind dit ook in Ps. 3:9; 21:4, 7; 24:5; 37:26; 129:8 en 133:3.

5. Die lied van Debora (Rigters 5) - Die Lied van Debora sluit by die Lied van die See aan omdat albei oor oorwinning handel. Die inhoud is militaristies en weerspieël God se daade ter wille van sy volk (Rigters 5:31).

In Rigters 5:3 word die frase: אֲשִׁירָה אֲזַמֵּר, gevind. Dit word in Afrikaans vertaal met: “*...tot eer van die HERE, die God van Israel, wil ek psalmsing.*”

6. Die lied van Hanna (1 Samuel 2:1-10) - In die Lied van Hanna kom die persoonlike lofprysingspoësie na vore en dit dui die antwoord aan van ’n individu wat leed en moeilike omstandighede ervaar het en daarvan bevry is (Craigie, 1983:26).

Doksologie is ’n belangrike element in die lewe van Israel.

In 1 Samuel 2:1 kom die woord וַתִּתְפַּלֵּל voor. Dit word in Afrikaans vertaal met: “*En sy het gebid.*” Dit is ook nie vreemd aan die taal van die Psalms nie, want in Psalm 72:20 kom die woord תְּפִלּוֹת voor wat ’n hele gedeelte van die Psalms merk as gebede.

Volgens Van Rooy (2008:62) het die psalms hulle oorspronklike patroon aan die “lied van die oorwinning” ontleen, soos bv. die Lied van Debora (Rigters 5).

### 5.2.1 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings ’n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Lofliedere en gebede is nie net beperk tot die boek van Psalms nie, daar word ook in baie ander dele in die Skrif die lof van God besing.
2. In die liedere in die Ou Testament wat buite die Psalmbundel voorkom, kom die tipiese woordeskat wat ons in die Psalmbundel aantref, dikwels voor.

| Skrifgedeelte    | Woord in Skrifgedeelte | Ooreenstemming in Psalms            |
|------------------|------------------------|-------------------------------------|
| Eksodus 15:1-18  | וַזְמַרְתָּ            | Psalm 81:3; 98:5; 118:14            |
| Deuteronomium 32 | הַשִּׁירָה             | Psalm 18:1; 28:7; 42:9; 45:1; 46:1; |

|                  |                    |  |
|------------------|--------------------|--|
|                  |                    | 120:1-134:1; 137:3, 4  |
| Deuteronomium 33 | הַבְּרָכָה         | Psalms 3:9; 21:4, 7; 24:5; 37:26; 129:8, 133:3.  |
| Rigters 5        | אֲשִׁירָה אֲזַמֵּר | Psalms 18:1; 28:7; 42:9; 45:1; 46:1; 47:7; 120:1-134:1; 137:3, 4<br>Psalms 3; 7:18; 9:3; 9:12; 18:50; 21:14; 27:6; 30:5; 30:13; 33:2; 47:7; 47:8; 57:8; 57:10; 59:1; 61:9; 66:2; 66:4; 68:5; 68:33; 71:22,23; 75:10; 92:2; 98:4; 101:1; 108:2; 108:4; 131:1-3; 135:3; 138:1; 144:9; 146:2; 147:1,7; 149:3; |
| 1 Samuel 2:1-10  | וְתִתְּפִיל        | Psalms 4:2, 5:3; 17:1; 32:6; 35:13; 39:13; 42:9; 55:2; 61:2; 66:19; 66:20; 69:14; 72:20; 80:5; 86:6; 102:18;<br>Psalmtitel: 17:1; 86:1; 90:1; 102:1; 142:1.  |

### 5.3 DIE INDELING VAN DIE PSALMBUNDEL

Ridderbos (1962:6) is duidelik oor die saak dat die indeling van die Psalmbundel die inhoudelike element van lofprijsing in die Psalmbundel beklemtoon. Hy toon verder aan dat dit 'n merkwaardige verskynsel is dat vier Psalms eindig met gelyksoortige lofverheffing - Ps. 41:14; 72:18; 89:53; 106:48.

Van ouds is daar dus afgelei dat die Psalmbundel uit vyf boeke bestaan nl.: Ps. 1-41, 42-72, 73-89, 90-106, 107-150. By die laaste boek sou Ps. 150 dan as lofverheffing dien. Ridderbos (1962:6) gaan dan verder en sê dat die indeling van die Psalmbundel in vyf boeke op een of ander manier met die vyf boeke van die Tora saamhang.

Gerstenberger (1991:36) gee ook 'n datering in verband met die verdeling van die bundel. Die verdeling van die Psalmboek in vyf boeke dateer terug na die vierde eeu n.C. Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat gedurende die vyf eeue van sinagogale gebruik (200 v.C. – 300 n.C.) die vyf boeke van die Psalmbundel saam met die vyf wetboeke van Moses gelees is.

Nasuti (2005:321-322) sê dat dit veral die eksistensiële standpunt is wat geïnteresseerd is in drie elemente van die boek:

1. Eerstens – Die Psalmboek begin met ’n Torah-psalm en eindig met ’n paar lofprysingspsalms.
2. Tweedens – Die eerste deel van die Psalmboek besit ’n stewige aantal klaagpsalms, terwyl die later gedeelte meer Psalms van lofprysing besit.
3. Derdens – Akademici het ’n skuif vanaf die individuele psalms na gemeenskaplike Psalms opgemerk.

Futato (2002:10-11) lig die bostaande tweede element van Nasuti duideliker uit as hy aandui dat die Psalms in die eerste plek doelbewus saamgestel is in hul volgorde soos ons dit vandag in die bundel het. Hy voeg verder by dat, alhoewel die klaagpsalms deur die loop van die Psalmbundel voorkom, dit tog saamgetrek is aan die begin van die boek. Die volgende voorbeelde word genoem:

| <b>Skrifgedeelte</b> | <b>Aanhaling</b>   |
|----------------------|--|
| Psalm 3:2            | o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.  |
| Psalm 4:2            | As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed!  |
| Psalm 5:2            | o HERE, luister na my woorde, let op my versugting.  |
| Psalm 6:2-3          | o HERE, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie.<br>Wees my genadig, HERE, want ek is verswak; maak my gesond, HERE, want my gebeente is verskrik. |
| Psalm 7:2-3          | HERE, my God, by U skuil ek; verlos my van al my vervolgers en red my;<br>sodat hy nie soos ’n leeu my verskeur en wegruk sonder dat iemand red nie.                         |
| Psalm 10:1           | O HERE, waarom staan U so ver weg <i>en</i> hou U verborge in tye van benoudheid?  |
| Psalm 13:2           | Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet? Hoe lank sal U vir my u aangesig verberg?  |

Futato (2002:13) verskaf deur bostaande inligting vir die leser ’n duidelike aanduiding oor hoe die Psalmbundel begin. Die bundel begin dalk met klaagliedere, maar eindig in ’n glorieryke lofprysing. Hy noem verder dat Psalms 146, 147, 148, 149 en 150 begin met die

woorde “Halleluja / Loof die Here” en ook eindig met die woorde “Halleluja / Loof die Here.” Die boek van Psalms kom tot ’n klimaks in Psalm 150 waar lofprysing 13 keer beveel word.

Nasuti (2005:314) meld ook in sy verwysing na Ps. 72:20 dat dit ’n einde is van die gebede van Dawid. Ps. 71:9 verwys na Dawid se ouderdom en Ps. 72 kan gesien word as Dawid se gebed vir Salomo, sy seun en opvolger. Sulke elemente spoor ons aan om die volgorde van die eerste twee Dawidiese versamelings as kronologies en biografies te sien.

Kaiser (1975:349) wys daarop dat akademici die vermoede skep dat Psalm 41:13 en Psalm 72:18 se doksologieë bygevoeg is by die twee ouer versamelings van Psalms van Dawid wat hoofsaaklik uit individuele Psalms bestaan, terwyl Psalm 106:48 se doksologie afkomstig is van liturgiese gebruik.

Gerstenberger (1991:39) sê dat Boek vyf ’n gemeenskaplike doksologie saamvat en dit dien as konklusie vir die hele Psalmboek en vandaar ook die rede vir die Hebreeuse naam *tehillim* vir die boek in geheel.

### 5.3.1 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings ’n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Dit is duidelik dat die indeling van die Psalmbundel die element van lofprysing beklemtoon, omdat daar in bostaande beredenering daarop gewys is dat die Psalms nie toevallig in die volgorde ontstaan het soos dit aan ons bekend is nie.
2. Die laaste Psalm van elke boek eindig met ’n gelyksoortige lofverheffing – vergelyk Ps. 41:14; 72:18; 89:53; 106:48.
3. Die eerste deel van die Psalmboek besit ’n stewige aantal klaagpsalms, terwyl die later gedeelte meer Psalms van lofprysing bevat. Psalm 3-7 is almal klaagpsalms terwyl die bundel afsluit met ’n paar lofpsalms (Psalms 146-150).
4. Die indeling van die Psalmbundel in vyf boeke (Ps. 1-41, 42-72, 73-89, 90-106, 107-150) wys dat daar ’n inhoudelike beweging in die bundel self is vanaf klaaglied na loflied. Futato (2002:11) toon ook aan dat daar ’n duidelike beweging in die algehele struktuur van die Psalmbundel is.

#### **5.4 DIE INHOUDELIKE BEWEGING VAN DIE PSALMBUNDEL NA 'n KLIMAKS VAN LOFPRYsing**

Nasuti (2005:312) maak 'n belangrike punt deur uit te wys dat die beweging van die een Psalm tot die volgende 'n belangrike interpretatiewe funksie vervul in al die Psalms in die boek. Nasuti lê oor die algemeen klem op die volgorde van die Psalms. Die keuses word gebaseer op die posisie van die spesifieke psalm op 'n sekere punt van die boek. Futato (2002:10) versterk die argument deur te sê dat die psalms met 'n doel in die volgorde soos ons dit vind, verskyn. Deur byvoorbeeld klem te lê op die lydings en klaagpsalms aan die begin van die Psalmboek, en op die Psalms van lofprysing aan die einde kan mens die gevolgtrekking maak dat die Psalmboek in homself beweeg van “klag na lofprysing.”

Futato (2002:3) is ook duidelik oor die saak as hy sê dat die element van lofprysing soos 'n goue draad deur die boek van Psalms lê. Lofprysing is nie maar net sterk aanwesig in die laaste Psalms van die bundel nie, maar in die boek as 'n geheel.

Ridderbos (1962:7) versterk die argument as hy sê dat die Psalms nie maar gedagtelos na mekaar geplaas is nie, maar dat die inhoudelike getuienis daarop dui dat vroeëre groeperings bestaan het. Dit kan gesien word uit die gebruik van die Godname. In Ps. 1-41 word die Naam “HERE” 272 keer gebruik teenoor die 15 keer wat die Naam “God” genoem word. In Ps. 42-83 daarteenoor word die Naam “HERE” 46 keer gebruik en die Naam “God” 204 keer. In Ps. 84-150 word die Naam “HERE” 362 keer gebruik en die Naam “God” 13 keer. Hierdie punt versterk weer eens die feit dat die Psalms se volgorde binne die Psalmbundel nie toevallig ontstaan het nie, maar dat die samestellers sekere Psalms met 'n doel na mekaar geplaas het.

Craigie (1983:30) sê dat bogenoemde verskynsel dalk die doel van die samevoeging kan duidelik maak. Die samevoeging van die Psalms in so 'n orde kon die produksie van 'n versameling liedere gewees het wat spesifiek vir die tempeldiens daargestel is. Ridderbos wys verder daarop dat daar sekere strategiese plasings van Psalms in die bundel is, wat toon dat die bundel nie toevallig so daaruit sien nie:

1. Die feit dat Psalm 17 na Psalm 16 geplaas word, is vanweë die feit dat die slotverse van hierdie twee Psalms sekere verwantskappe toon.
2. Psalm 34 en 35 is nie toevallig langs mekaar gevoeg nie, omdat dit die enigste twee Psalms is wat melding maak van “die Engel van die HERE.”
3. Dit is ook nie toevallig dat Psalm 3 en 4 op mekaar volg nie, omdat Ps. 3 'n môrelied is en Ps. 4 'n aandlied.


Waltke (2007:876) sê dat die klaagliedere en klagtes in die bundel soos volg uiteengesit kan word:

1. Die Psalmskrywer praat van siekte, wat ook somtyds metafories gestel word: Psalms 6, 31, 38, 39, 88, 102.
2. Daar word ook gepraat van vals beskuldigings: Psalms 7, 17, 26, 27.
3. Daar word ook melding gemaak van vervolging: Psalms 3, 9, 10, 13, 35, 52, 55, 56, 57, 62, 69, 70, 86, 109, 120, 139, 141, 143.
4. Verder word daar deur die Psalmskrywer melding gemaak van militêre krisis: Psalm 12, 44, 58, 60, 74, 79, 80, 83, 89, 137.
5. Laastens word daar ook melding gemaak van Klaagliedere binne die Psalmsbundel waarin droogte gemeld word: Psalm 4.

Waltke (2007:880) maak ook twee tipe lofprysings in die Psalmbundel bekend:

1. Verklarende lofprysing: Psalms 18, 21, 30, 32, 34, 92, 103, 107, 116, 118, 124, 138.
2. Deskriptiewe lofprysing: Psalms 8, 19, 29, 33, 65, 66, 92, 100, 104, 113, 114, 117, 135, en 145-150.

As die Psalms (Klaagliedere en Lofliedere) (soos hierbo deur Waltke genoem) se plasing strategies ondersoek word aan die hand van die indeling van die Psalmbundel in die vyf boeke, kan die volgende afleidings gemaak word:



Dit kan skematies soos volg voorgestel word:

|  |     |
|--|-----|
| Aantal Klaagliedere in eerste deel van Psalmbundel     | 82% |
| Aantal Klaagliedere in tweede deel van die Psalmbundel | 18% |
| Aantal Lofliedere in eerste deel van Psalmbundel       | 37% |
| Aantal Lofliedere in tweede deel van Psalmbundel       | 63% |

Dit is dus duidelik dat al hierdie faktore die stelling van inhoudelike beweging van die Psalmbundel vanaf klaaglied na loflied bevestig.

Herzog (1971:1314) wys daarop dat die oorgrote meerderheid genres van die Psalms in die Psalmbundel lofsange (hymn) is. Hy meld verder dat die lofliedere wat in die Psalmbundel voorkom nie gebind is tot een spesifieke groep nie, maar dat dit in elke groep Psalms teenwoordig is. In essensie is hierdie tipe Psalm 'n gedig van lofprysing wat God se majesteit, grootheid en voorsienigheid besing. Voorbeelde van sulke tipe Psalms is Ps. 8, 19, 29, 33, 65, 66, 92, 100, 104, 113, 114, 117, 135, en 145-150.

Baker (1999:334) toon aan dat die Psalmboek begin met die inleiding van 'n Torah-psalm (Psalm 1) en dit word afgesluit met 'n groep van *halelu-yah*-psalms (Psalm 146-150). Die eerste Psalm beveel die leser om na te dink oor die Torah, en die plasing van die psalm sê dat die Psalmboek in geheel gesien moet word as Torah. Die Psalmboek is dus nie net 'n gebruik in die kultiese konteks wat oorgeneem is nie. Die slotbelydenis beveel aan die leser hoe sy lewe geleef moet word: Tot lof van Jahwe.

Volgens Nasuti (2005:327) moet die tradisie van die nommering van die Psalms ook in ag geneem word. In hierdie tradisie vind ons Augustinus en 'n aantal Middeleeuse interpreteerders wat gefokus het op die volgorde van Ps. 50, 100 en 150 (volgens die Grieks/Latynse nommering). Die nommer 50 (MT Ps. 51) is op ander plekke in die Bybel in verband gebring met die Jubeljaar. Hierdie psalm het die belangrike tema van belydenis en vergifnis na vore gebring. Augustinus sien 'n beweging vanaf die belydenis in Psalm 50 (Ps. 51), na God se oordeel en genade in Ps. 100 (in MT Ps. 101) en 'n verdere beweging na lofprysing tot God in Ps. 150.

Nasuti (2005:328) sê dat die bundel inhoudelik nie die beweging van klag na lofprysing of gehoorsaamheid tot lofprysing weerspieël nie, maar eerder soos hierdie verklaarders die inhoudelike beweging sien, nl.: beweging van belydenis tot lofprysing. Hoe 'n mens dit ook al wil sien - die feit bly staan dat daar 'n opbou in die Psalms plaasvind en dat hierdie opbou in die element van lofprysing sy klimaks vind.

#### **5.4.1 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Alhoewel die Psalms nie kronologies gerangskik is nie vervul die volgorde van die 150 Psalms 'n belangrike interpretatiewe funksie.
2. Die tema van lofprysing vorm 'n goue draad deur die geheel van die Psalmbundel.

3. Deur die gebruik van die Godname in ag te neem, kan die afleiding gemaak word dat daar nie ligtelik omgegaan is met die volgorde in die samestelling van die Psalms nie.
4. Alhoewel die element van lofprijsing in die lofpsalms die mees belangrike element is, speel die element van lofprijsing ook 'n belangrike rol in ander tipe Psalms soos bv. Klaagliedere en Danksegging.
5. Daar is 'n opbou in die bundel van die Psalms en hierdie opbou vind sy klimaks in die lofprijsingspsalms (Psalm 146-150) aan die einde van die bundel.

## 5.5 INDIVIDUELE KLAAGLIEDERE VERANDER IN LOFSANGE

Eaton (2003:36) toon aan dat baie van die gebede wat klaagliedere is in 'n lofprijsing eindig (Ps. 13, 16, 27, 54, 56, 59, 69). Hy wys verder daarop dat daar gesukkel word om 'n verduideliking te vind vir hierdie tipe van verskynsel: Kon dit dalk gewees het vanweë die feit dat 'n profeet of 'n priester goedgunstige gehoor daaraan gegee het (Ps. 20:6; 85:8)? Of is dit dalk net 'n erkende patroon van emosionele herstel? Daar is nog nie die sekerheid van 'n goeie of gunstige einde nie, maar die goedheid word 'n realiteit deur die oë van die geloof.

Volgens Goldingay (2006:67) kan die wese van die Psalms deurgegee word in die elemente van lofprijsing, danksegging, protes, vertrouwe en gehoorsaamheid. Hy sê verder dat hierdie elemente vervleg is in die boek van Psalms. As gevolg hiervan kan ons nie praat van lofprijsingspsalms of dankseggingspsalms nie.

Die inhoudelike beweging van klag na lof in individuele psalms in die geheel van die Psalm bundel kan soos volg voorgestel word:

| <b>Psalm</b> | <b>Element van Klagte</b>  | <b>Element van lofprijsing</b>   |
|--------------|--|--|
| Psalm 3      | (Vers 2) - o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.   | (Vers 9) - Die heil behoort aan die HERE; laat u seën wees oor u volk! Sela.   |
| Psalm 4      | (Vers 2) - As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed! | (Vers 8) - Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is.   |
| Psalm 5      | (Vers 2) - o HERE, luister na my woorde, let op my versugting.   | (Vers 12) - Maar laat hulle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet. |

|          |  |  |
|----------|--|--|
| Psalm 6  | (Vers 2) - o HERE, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie.  | (Vers 10) - Die HERE het my smeking gehoor; die HERE neem my gebed aan.  |
| Psalm 7  | (Vers 2) - HERE, my God, by U skuil ek; verlos my van al my vervolgers en red my;  | (Vers 18) - Ek wil die HERE loof na sy geregtigheid en die Naam van die HERE, die Allerhoogste, psalmsing.   |
| Psalm 10 | (Vers 1) - O HERE, waarom staan U so ver weg <i>en</i> hou U verborge in tye van benoudheid?                                     | (Vers 17) - HERE, U het die begeerte van die ootmoediges gehoor; U sal hulle hart versterk, u oor sal luister  |
| Psalm 12 | (Vers 2) - Red, o HERE, want daar is geen vrome meer nie; want die getroues het verdwyn onder die mensekinders.                  | (Vers 7) - Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.                           |
| Psalm 13 | (Vers 2) – Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet? Hoe lank sal U vir my u aangesig verberg?                                 | (Vers 6) – Maar ek – op U goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor u heil. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het. |
| Psalm 16 | (Vers 1) – 'n GEDIG van Dawid. Bewaar my, o God, want by U skuil ek.   | (Vers 7) - Ek sal die HERE loof wat my raad gegee het; selfs in die nag vermaan my niere my.   |
| Psalm 17 | (Vers 1) – 'n GEBED van Dawid. HERE, hoor 'n regverdige saak, let op my smeking; luister tog na my gebed met onbedrieglike lippe | (Vers 15) - Maar ek sal u aangesig in geregtigheid aanskou; ek sal versadig word met u beeld as ek wakker word.  |
| Psalm 22 | (Vers 2) - My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, <i>van</i> die woorde van my gebrul?                        | (Vers 23) - Ek wil u Naam aan my broers vertel, in die vergadering U prys.   |
| Psalm 26 | (Vers 1) - Doen aan my reg, o HERE, want <i>ék</i> wandel in my opregtheid en vertrou op die HERE sonder om te wankel.           | (Vers 12) - My voet staan op gelyk grond; ek sal die HERE loof in die vergaderings.  |
| Psalm 28 | (Vers 1) - EK ROEP U AAN, O HERE! My rots, draai nie stilswygend van my af weg nie, sodat ek nie, as U teenoor my bly            | (Vers 7) - Die HERE is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang.     |

|          |  |   |
|----------|--|---|
|          | swyg, word soos die wat in die kuil neerdaal nie.  |   |
| Psalm 31 | (Vers 3) - Neig u oor tot my, red my gou; wees vir my 'n rots om in te vlug, 'n baie vaste huis om my te verlos.   | (Vers 22) - Geloofd sy die HERE, want Hy het sy goedertierenheid aan my wonderbaar gemaak, in 'n vaste stad.  |
| Psalm 32 | (Vers 3-4) - Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag;<br>want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander <i>soos</i> deur somergloed.<br>Sela. | (Vers 11) - Wees bly in die HERE en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!  |
| Psalm 35 | (Vers 1) - HERE, twis met die wat met my twis; bestry die wat my bestry!   | (Vers 28) - En my tong sal u geregtigheid prys, u loof die hele dag deur.   |
| Psalm 38 | (Vers 2) - o HERE, straf my nie in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie.   | (Vers 16) - want op U, HERE, wag ek; Ú sal verhoor, Here my God!  |
| Psalm 41 | (Vers 5) - Ék het gesê: o HERE, wees my genadig! Genees my, want ek het teen U gesondig.   | (Vers 14) - Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid!<br>Amen, ja amen.  |
| Psalm 42 | (Vers 2) – Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!  | (Vers 12) - Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof—die verlossing van my aangesig en my God! |
| Psalm 43 | (Vers 1) - DOEN aan my reg, o God, en verdedig my regsak teen 'n onbarmhartige volk; red my van die man van bedrog en onreg!   | (Vers 5) - Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof—die verlossing van my aangesig en my God!  |
| Psalm 51 | (Vers 3) - Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.   | (Vers 17) - Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig.   |
| Psalm 54 | (Vers 3) - o God, verlos my deur u Naam, en doen aan my reg deur u   | (Vers 8) - Vrywillig wil ek aan U offer; ek wil u Naam, o HERE, loof, want dié is goed;   |

|          |   |  |
|----------|---|--|
|          | mag!  |  |
| Psalm 55 | (Vers 2) - o God, hoor my gebed en verberg U nie vir my smeking nie.  | (Vers 23) - Werp jou sorg op die HERE, en Hý sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.              |
| Psalm 56 | (Vers 2) - Wees my genadig, o God, want mense vertrap my; hy wat my beveg, verdruk my die hele dag.   | (Vers 11) - Deur God sal ek die woord prys; deur die HERE sal ek die woord prys.   |
| Psalm 57 | (Vers 2) - Wees my genadig, o God, wees my genadig, want by U het my siel geskuil, en in die skaduwee van u vleuels sal ek skuil totdat die onheil verbygegaan het. | (Vers 10) - Ek wil U loof onder die volke, o Here, psalmsing tot u eer onder die nasies.                                 |
| Psalm 59 | (Vers 2) - Red my van my vyande, o my God! Beskerm my teen my teëstanders!  | (Vers 18) - My Sterkte, tot u eer wil ek psalmsing, want God is my rotsvesting, my genadige God.                         |
| Psalm 60 | (Vers 3) - o God, U het ons verstoot, ons van mekaar geskeur; U was toornig; herstel ons!   | (Vers 14) - In God sal ons kragtige dade doen, en Hy self sal ons vyande vertrap.  |
| Psalm 61 | (Vers 2) - o God, hoor my smeking, luister na my gebed!   | (Vers 9) - Só wil ek psalmsing tot eer van u Naam tot in ewigheid, om my geloftes te betaal, dag ná dag.                 |
| Psalm 64 | (Vers 2) - Hoor my stem, o God, in my klagte; bewaar my lewe vir die skrik van die vyand.   | (Vers 11) - Die regverdige sal bly wees in die HERE en by Hom skuil, en al die opregtes van hart sal hulle beroem.       |
| Psalm 69 | (Vers 2) - Verlos my, o God, want die waters het tot by die siel gekom.   | (Vers 35) - Laat hemel en aarde Hom prys, die see en alles wat daarin roer.  |
| Psalm 70 | (Vers 2) - o God, maak tog gou om my te red, o HERE, om my te help!   | (Vers 5) - Laat in U vrolik en bly wees almal wat U soek; en laat die liefhebbers van u heil altyddeur sê: Groot is God! |
| Psalm 71 | (Vers 2) - Red my deur u geregtigheid en bevry my; neig u   | (Vers 22) - So wil ek U dan ook loof met die instrument van die harp, u trou, my   |

|           |   |   |
|-----------|---|---|
|           | oor tot my en verlos my!  | God! Ek wil psalmsing tot u eer op die siter, o Heilige van Israel!   |
| Psalm 74  | (Vers 1) – 'n ONDERWYSING van Asaf. o God, waarom het U vir altyd verstoot? <i>Waarom</i> rook u toorn teen die skape van u weide?                | (Vers 21) - Laat die verdrukke nie beskaamd terugkom nie; laat die ellendige en behoeftige u Naam prys.                   |
| Psalm 77  | (Vers 3) - Op die dag van my benoudheid soek ek die HERE; snags bly my hand uitgestrek sonder om moeg te word; my siel weier om getroos te word.  | (Vers 16) - U het u volk met 'n sterk arm verlos, die kinders van Jakob en van Josef. Sela.                               |
| Psalm 79  | (Vers 1) – 'n PSALM van Asaf. o God, heidene het gekom in u erfdeel, hulle het u heilige tempel verontreinig, Jerusalem tot puinhoop gemaak.      | (Vers 13) - En ons, u volk en die skape van u weide, ons sal U vir ewig loof, van geslag tot geslag sal ons u lof vertel. |
| Psalm 80  | (Vers 2) - o Herder van Israel, hoor tog; U wat Josef soos skape lei, wat bo-oor die gérubs troon, verskyn in ligglans!                           | (Vers 19) - Dan sal ons nie van U afwyk nie; hou ons in die lewe, dan sal ons u Naam aanroep.                             |
| Psalm 86  | (Vers 3) - Wees my genadig, o Here, want ek roep U aan die hele dag deur.   | (Vers 12) - Here, my God, ek wil U loof met my hele hart en u Naam vir ewig eer;  |
| Psalm 94  | (Vers 3) - Hoe lank sal die goddelose, o HERE, hoe lank sal die goddelose jubel?  | (Vers 22) - Maar die HERE is 'n rotsvesting vir my, en my God die rots van my toevlug.                                    |
| Psalm 102 | (Vers 2) - o HERE, hoor my gebed, en laat my hulpgeroep tot by U kom!   | (Vers 28) - Maar U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.   |
| Psalm 109 | (Vers 2) - Want hulle het die mond van die goddelose en die mond van bedrog teen my oopgemaak; hulle het met my gespreek met 'n leuenagtige tong, | (Vers 30) - Ek sal die HERE hardop loof met my mond, en onder baie sal ek Hom prys;                                       |
| Psalm 130 | (Vers 2) - Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van  | (Vers 7) - Wag op die HERE, o Israel! want by die HERE is die goedertierenheid, en by                                     |

|           |  |   |
|-----------|--|---|
|           | my smekinge.   | Hom is daar veel verlossing;  |
| Psalm 140 | (Vers 2) - Red my, HERE, van die kwaaddoeners, bewaar my vir die manne van geweld;   | (Vers 14) - Sekerlik, die regverdiges sal u Naam loof, die opregtes sal voor u aangesig woon.                     |
| Psalm 142 | (Vers 2) - Hardop roep ek die HERE aan, hardop smEEK ek die HERE.  | (Vers 8) - Lei my siel uit die gevangenis om u Naam te loof. Die regverdiges sal my omring as U aan my goed doen. |
| Psalm 143 | (Vers 1) – 'n PSALM van Dawid. o HERE, hoor my gebed; luister tog na my smekinge; verhoor my in u trou, in u geregtigheid. | (Vers 10) - Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land.           |

Bogenoemde Psalms is almal Klaagliedere, maar al hierdie Psalms bevat ook 'n element van lofprysing of vertroue wat 'n belangrike rol in die Psalm self vertolk. Helberg (2006:15) versterk die argument van bogenoemde bevindings deur te sê dat daar in die Psalmbundel altyd 'n beweging na lof toe is. Brueggemann (1991:80-91) voeg hierby dat die eenheid van die Psalms verkry word deur 'n beweging van gehoorsaamheid aan die Woord van God na lofprysing toe. Brueggemann (1991) sien Psalm 73 as wendingspunt in die Psalmbundel. In die verhouding met God is lofprysing die element waarna die mens beweeg. Helberg noem lofprysing – nl.: om God se lof te besing - die doel van die menslike bestaan.

Waltke (2007:871) voeg by dat, met die uitsondering van Psalm 88 wat hy ook die swartskaap van die Psalms noem, elke Psalm wat God in nood aanroep tot lofprysing lei.

### 5.5.1 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Die element van lofprysing is so vervleg in die individuele Psalms dat dit 'n baie belangrike rol in die Psalmbundel speel, selfs in die Klaagpsalms.
2. Met die uitsondering van Psalm 88 eindig elke klaaglied op 'n frase wat rede gee om die lof van die HERE te besing.
3. Lofprysing is die doel van die menslike bestaan, en daarom sal daar altyd in die Psalmbundel 'n beweging na lofprysing wees.

4. Uit die bevinding van bostaande tabel kan ons sien dat die patroon homself 44 keer herhaal en dat daar elke keer na die element van lofprysing beweeg word.

## **5.6 DIE FUNKSIONERING VAN DIE *HALLEL-PSALMS* AS LOFPRYSSING IN DIE GEHEEL VAN DIE PSALMBUNDEL**

Nasuti (2005:330) toon aan dat 'n groep Psalms wat dieselfde opskrif deel, soos bv. die Pelgrimspalms, die verklaarders help onderskei. Hierdie merker is tog nie altyd beskikbaar in die geval waar dit in die verklaringstradisie as 'n versameling hanteer is nie. Een van die vroegste van hierdie groepe van psalms is bekend as die Egiptiese *hallel* (Ps. 113-118). In die Joodse tradisie word hierdie tekste gebruik as 'n groep wat in 'n verskeidenheid van liturgiese geleenthede gebruik is en weggelaat is op ander geleenthede waar lofprysing nie gepas was nie. Daar is ook 'n beweging in hierdie groep van gebeure in die verlede (Ps. 114) tot gebeurtenisse in die toekoms (Ps. 115-116).

Craigie (1983:29) noem dat daar twee kleiner bundels *Hallel*-Psalms in die geheel van die Psalmbundel voorkom. Eerstens vind ons die *Egiptiese Hallel-versameling* (Ps. 113-118) wat tradisioneel in verband gebring is met die Pasga. Die tweede groep *Hallel-Psalms* is Ps. 146-150. Craigie noem dat dit moeilik is om te bepaal of groepe Psalms soos hierdie oorspronklik saamgevoeg is en of dit in die finale proses van samevoeging gebeur het.

Craigie (1983:30) noem dat dit geskik is vir die bundel om met 'n groep *Hallel-Psalms* af te sluit.

Van Rooy (2008:40) sê dat *die Hallel-psalms*, Psalm 113-118, tydens die Pasga en ander groot feeste gesing is (vergelyk Mat. 26:30). Die psalms is waarskynlik in 'n latere stadium in die sinagoge gesing as reaksie op en nadenke oor die Skriflesing.

Edersheim (2003:224-225) wys daarop dat die sing van die 'Hallel' by die Pasga terugdateer tot baie vroeg. Hy noem verder dat die Talmud bekend maak dat die 'Hallel' nie net gesing is omdat God goed is vir Israel nie, maar spesifiek as gevolg van die verlossing van Israel uit Egipte, daarom kom die lofprysing tot die HERE en nie tot Farao nie. Die 'Hallel' word ook die Egiptiese Hallel genoem om dit te onderskei van die groot Hallel wat baie skaars op geleenthede gesing is (Psalm 120-136).

Volgens die Talmud herinner die 'Hallel' die Israeliete aan vyf spesifieke dinge:

1. Die verlossing uit Egipte
2. Die skeiding van die Rooisee
3. Die ontvangs van die Wet van die Here

4. Die opstanding van die dooies

5. Die lot van die Messias

Edersheim (2003:225) noem verder dat die Egiptiese ‘Hallel’ op altesaam agtien dae en een aand van die jaar gesing is.

Soggin (1976:365) is eerder geneig om van hierdie groep Psalms te praat as die ‘*Halleluja*’-psalms. In hierdie groep sluit hy Ps. 106; 111; 112; 113 en 146-150 in. Hy sê dat die een element wat hierdie Psalms met mekaar verbind, hul opskrifte is. Hy stel ook ’n moontlikheid vir die benaming voor, nl.: dat die gemeenskap met hierdie formule geantwoord het.

### **5.6.1 SAMEVATTING**

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings ’n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Daar is twee groepe Hallel-Psalms in die bundel. Die eerste is Psalm 113-118 en die tweede is Psalm 146-150.
2. Die Hallel-Psalms is tydens die Pasga en ander groot feeste gesing (Matteus 26:30).
3. Die Hallel-Psalms speel ook ’n onmisbare rol as element van lofprysing in die geheel van die bundel.

### **5.7 Tipes LOFPRYsing IN DIE PSALMBUNDEL**

Volgens Gerstenberger (1991:16) het latere versamelaars die Psalmboek *seper tehilim* genoem, as gevolg van die beduidende verteenwoordiging van verskillende tipes lofliedere. Hy noem verder dat Ou Testamentiese sang uitdrukkings van lof aan Jahwe is. Futato (2002:7) gaan verder en maak die maniere van lofprysing bekend:

1. Lofprysing as uitdrukking – Waar daar aan die begin of einde van ’n Psalm die woord *Halleluja* gevind word, dien dit baie keer as ’n tipe van uitdrukking van inleidende of gevolgtrekkende aard. So is die woord *Halleluja* dan ook ’n uitdrukking in die geheel van die Psalmbundel.
2. Lofprysing as bevel – Die bevel word geopenbaar deur iemand in erkenning te bring. Om God te prys is om te erken wat Hy gedoen het. Lofprysing is belydenis wat God in die verlossingsgeskiedenis gedoen het.

Van Rooy (2008:41) wys verder daarop dat Psalm 48, 84, 87 en 122 as voorbeelde van lofprysing aan God, op ’n indirekte wyse deur ’n instelling soos die tempel plaasgevind het.

Waltke (2007:880) toon aan dat daar twee tipe Psalms genoem word in 1 Kronieke 16:4, danksegging (“verklarende lofprysing”) en lofprysing (“deskriptiewe lofprysing”).

Anderson (1972a:32) toon aan dat hierdie groep van Psalms in drie hoofteipes onderskei kan word:

### **5.7.1 LOFSANGE (HYMNS)**

Die groot doel van hierdie groep Psalms is om die HERE se goedheid te verklaar - die goedheid wat God in Israel se geskiedenis aan hulle geopenbaar het. Daarom is die belangrikste tema: Lofprysing tot God. Die onderwerp van die Lofsang (Hymn) is God, sy kenmerke of sy magtige dade. Daar word gewoonlik van Hom in die derde persoon gepraat, die gebruik van die tweede persoon is skaars (Ps. 65:1).

Hierdie lofsange kan gewoonlik in drie dele opgedeel word, nl.: die inleiding, die inhoud en die samevatting. Die inleiding begin gewoonlik met ’n oproep om die Here te prys (Ps. 113:1) – “HALLELUJA! Loof, o knegte van die HERE, loof die Naam van die HERE!” Die hoofinhoud van die Psalm gee die gronde deur vir die inleidende oproep om die Here te loof. Die hoofinhoud bestaan gewoonlik uit kort sinne wat die spesifieke aksies, dade en kwaliteite van die Here beskryf (Ps. 29:3-10). Hierdie tipe Psalm eindig ook gewoonlik met ’n gebed waar wens uitgedruk word (Ps. 19:14; 29:11).

Anderson (1972a:33) sê dat daar in hierdie groep onderskeid tussen twee sub-tipes gemaak kan word:

*Die Psalms wat God prys as Koning* - Hierdie groep word gewoonlik die troonbestygingspsalms genoem. Ps. 47, 93, 96 behoort aan hierdie groep.

*Die lofsange van Sion* – Hierdie tipe liedere verhoog God en sy karakter. Dit kan ook gebeur dat die lofprysing tot God indirek tot Hom gerig kan word deur sy Tempel of die Heilige stad te loof. Die term “die lofsange van Sion” word afgelei van Ps. 137:3. In hierdie groep word Ps. 48, 76, 84, 87, 122 en ook Ps. 46 en 132 ingesluit. In hierdie groep ontbreek die inleidende oproep tot lofprysing soos ons dit in die gewone loflied vind.

### **5.7.2 VERKLARENDE LOFPRYSING VAN DIE INDIVIDU (DANKSEGGING)**

Volgens Anderson (1972a:35) staan hierdie tipe Psalm beter bekend as die lied van die individu met betrekking tot danksegging. Die element van klag staan gewoonlik aan die begin van hierdie tipe lofliedere en dit is in reaksie op God se ingrepe in die lewe van die betrokke individu. ’n Verdere doel van hierdie tipe lofprysing is om God se reddingsdade

bekend te maak voor die hele gemeente. Daarom is ook die individuele danksegging 'n gemeenskaplike daad van aanbidding.

In die verklarende lofprysing spreek die een wat prys God direk aan (in die tweede persoon), terwyl die lofsange (Hymns) oor God praat. Hierdie tipe lofprysing bestaan uit drie dele, nl: die inleiding, hoofinhoud en gevolgtrekking. Die inleiding bevat 'n aanroeping tot die Naam van die Here, soos ons dit vind in Ps. 18:2; 92:5-9. Die hoofinhoud handel meestal oor die smart en ellende wat die individu deurgemaak het en die Goddelike verlossing uit die situasie. Die gevolgtrekking bevat gewoonlik 'n uitnodiging om God te prys of 'n herhaling van danksegging tot God. Hierdie groep word gewoonlik toegeskryf aan Ps. 9-10; 18; 32; 34; 92; 116; 118 en 138.

Waltke (2007:881) wys daarop dat die verklarende lofprysing die volgende belangrike elemente bevat:

1. 'n Inleiding waarin die een wat lofprys sy intensies duidelik maak om die Here te loof (Psalm 116:1-2).
2. Die hoofinhoud waarin hy sy ervaring van verlossing deel (Ps. 116:3-9)
3. 'n Gevolgtrekking waarin hy weer eens getuig van God se genadige daade (Ps. 116:10-19).

### **5.7.3 VERKLARENDE LOFPRYSING VAN DIE GEMEENSAP (DANKSEGGIN)**

Anderson (1972a:36) sê dat hierdie tipe Psalms gewoonlik die Nasionale sange van danksegging genoem word. Daar word egter min van hierdie tipe in die Psalmbundel aangetref. Psalms in hierdie groep is: Ps. 66:8-12; 67; 124 en 129.

Waltke (2007:880) sê dat daar nie 'n ekwivalent vir die Hebreeuse werkwoord - "om dank te betuig" - in Engels of Afrikaans is nie. Dit word gewoonlik vertaal met "om te bely in lofprysing." In die sogenaamde "dankseggingspsalms" erken die Psalmskrywer in die openbaar wat God vir hom persoonlik doen, en loof hy Hom daarvoor.

Volgens Van Rooy (2008:53) se struktuur van die klaagliedere is dit duidelik dat die klaaglied uit drie hoofkomponente bestaan wat feitlik elke keer in lofprysing eindig:

1. Dikwels word God in die aanhef direk aangespreek.
2. Die aard van onreg word dan beskryf.
3. Ten slotte word 'n lofprysing aangetref.

#### 5.7.4 SAMEVATTING

In die lig van voorafgaande bespreking word hier deur middel van kort stellings 'n samevatting gegee wat vir die studie verder van belang kan wees:

1. Ou Testamentiese sang is uitdrukkings van lof aan die HERE.
2. Daar kom twee maniere van lofprysing voor, nl.: Lofprysing as uitdrukking en Lofprysing as bevel
3. Lofliedere in die Psalms kan in drie hoofipes onderskei kan word, nl.: Lofsange (Hymns). Die groot doel van hierdie groep Psalms is om die HERE se goedheid te verklaar. Verklarende lofprysing van die individu (Danksegging). Hierdie tipe Psalms staan beter bekend as die lied van die individu met betrekking tot danksegging. Klaagliedere gaan gewoonlik hierdie tipe lofliedere vooraf en dit is in reaksie op God se ingrepe in die lewe van die betrokke individu. Laastens, Verklarende lofprysing van die gemeenskap (Danksegging). Hierdie tipe Psalms word gewoonlik die Nasionale sange van danksegging genoem.

#### 5.8 HOOFSTUKSAMEVATTING

1. Lofliedere en gebede is nie net beperk tot die boek van Psalms nie, die lof van God word ook in baie ander dele in die Skrif besing.
2. In die liedere in die Ou Testament wat buite die Psalmbundel voorkom, kom baie van die tipiese woordeskat wat ons in die Psalmbundel aantref, voor.
3. Dit is duidelik dat die indeling van die Psalmbundel die element van lofprysing beklemtoon.
4. Die 150 Psalms met die vyf boeke as indeling (Ps. 1-41, 42-72, 73-89, 90-106, 107-150) wys strategies dat daar 'n inhoudelike beweging in die bundel self is vanaf klaaglied na loflied. M.a.w. daar is meer klaagliedere aan die begin van die bundel en meer lofliedere aan die einde van die bundel.
5. Die tema van lofprysing vorm 'n goue draad deur die Psalmbundel as geheel.
6. Alhoewel die element van lofprysing in die lofpsalms die belangrikste element is, speel die element van lofprysing ook 'n belangrike rol in ander tipe Psalms soos bv. Klaagliedere en Danksegging.

7. Met die uitsondering van Psalm 88 eindig elke klaaglied in 'n frase wat rede gee om die lof van die HERE te besing.
8. Lofprysing is die doel van die menslike bestaan, en daarom sal daar altyd in die Psalmbundel 'n beweging na lofprysing wees.
9. Uit die bevinding van bostaande tabel (onder punt 5.5) kan ons sien dat die patroon homself 44 keer herhaal en dat daar elke keer na die element van lofprysing beweeg word.
10. Daar is twee groepe Hallel-Psalms in die bundel. Die eerste is Psalm 113-118 en die tweede is Psalm 146-150.
11. Die Hallel Psalms speel ook 'n onmisbare rol as element van lofprysing in die geheel van die bundel.
12. Daar kom twee maniere van lofprysing voor, nl.: Lofprysing as uitdrukking en Lofprysing as bevel.

## **HOOFSTUK 6**

### **SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

#### **6.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word die gegewens en bevindings wat in dié studie gemaak is saamgetrek om sodoende geldige gevolgtrekkings te maak aangaande die Psalmopskrifte, die element van lofprijsing en die titel van die Psalmbundel.

Deur dit te bereik moes daar aan die navorsingsdoelwitte voldoen word wat in punt 1.4 soos volg uiteengesit is:

1. 'n Deeglike woordstudie van die terme מְזֻמָּר, תְּהִלִּים en die Griekse term ψαλμός, asook 'n datering van hierdie terme.
2. 'n Nagaan van die opskrifte van die Psalms, met besondere klem op Ps. 145 as תְּהִלָּה in die Psalmbundel.
3. 'n Oorsigtelike vergelyking van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks, die Septuagint en 11QPs<sup>a</sup>.
4. 'n Inhoudelike nagaan van die Psalms met besondere klem op die element van lofprijsing om vas te stel of dit 'n invloed op die titel van die Psalmbundel sal uitoefen.

Al hierdie vrae is in onderskeie hoofstukke aangespreek en die bevindings word nou in hierdie hoofstuk saamgevat.

#### **6.2 WOORDSTUDIE VAN DIE TERME מְזֻמָּר, תְּהִלִּים EN DIE GRIEKSE TERM ψαλμός**

Die doel van Hoofstuk 2 was om woordstudie te doen oor sekere kernwoorde wat kon bydrae tot die verstaan van titel van die Psalmbundel in sy geheel. Dit was eerstens in hierdie hoofstuk nodig om die datering van die Psalmbundel na te gaan. Daar is bevind dat die Septuagint waarskynlik teen ongeveer die tweede eeu v.C. vertaal is. Omdat hierdie studie die betroubaarheid van die Psalmopskrifte aanvaar strek die ontstaan van die bundel oor 'n lang tyd naamlik: ongeveer 1400 v.C. (Psalm 90 – Psalm van Moses) tot na die ballingskap (Psalm 126 en 137). Hierdie studie aanvaar dus die geslotenheid van die bundel teen die tweede eeu v.C. en staan krities teenoor geleerdes wat sê dat die tweede gedeelte van die bundel (Psalm 90-150) eers ongeveer die eerste eeu n.C. vasgestel is.

In die woordstudie van die terme מְזֻמָּר, תְּהִלִּים en ψαλμός het dit duidelik geword dat hierdie terme in nou verband staan met die element van lofprijsing.

Die bundel se naam moet dus verstaan word teen die agtergrond van lofprysing eerder as die bespeling van sekere instrumente as gevolg van die ontwikkeling in betekenis van die woorde.

### **6.3 'n NAGAAN VAN DIE OPSKRIFTE VAN DIE PSALMS, MET BESONDERE KLEM OP PS. 145 AS הַלְלָהּ IN DIE PSALMBUNDEL**

Die doel van hoofstuk 3 was om die gegewens van Psalm 145 in besonder na te gaan, omdat Psalm 145 die enigste Psalm is wat die opskrif הַלְלָהּ dra binne die geheel van die תְּהִלִּים. Uit 'n vergelykende studie tussen die doksologieë wat in die bundel voorkom is dit duidelik dat Psalm 145:21 baie ooreenkomste vertoon met ander doksologieë in die bundel.

Verder word daar uit die struktuur van Psalm 145 bewys dat God lofwaardig is, maar dat die eienskappe wat Hom lofwaardig maak ook genoem word (sy Grootheid, Goedheid en Geregtigheid).

Die tweede gedeelte van die hoofstuk fokus op die ander Psalmopskrifte en veral die frase הַלְלָהּ. Daar word alternatiewe gestel vir die voorsetsel הַ. deur geleerdes soos Broyles (1999), Goldingay (2006), Eaton (2003) en Graigie (1983), maar uit 'n Openbaringshistoriese oogpunt probeer die studie aantoon dat die voorsetsel הַ outeurskap aandui.

Die doel van die hoofstuk was verder om die tegniese terme in die opskrifte van die Psalms na te gaan. Die studie probeer aantoon dat daar twee tipes tegniese terme bestaan naamlik: die tipe wat poëtiese karaktertrekke vertoon en die wat op musikale gegewens dui.

Laastens was die doel van Hoofstuk 3 om die historiese gegewens in sekere Psalmopskrifte na te gaan. Die studie het ten doel gehad om die akkuraatheid van die historiese gegewens aan te toon.

### **6.4 'n VERGELYKING VAN DIE PSALMOPSKRIFTE IN DIE MASORETIESE TEKS, DIE SEPTUAGINT EN 11QPS<sup>A</sup>**

Die primêre doel van hoofstuk 4 was 'n vergelykende studie van die Psalmopskrifte in die Masoretiese teks, die Septuagint en die geskrifte by Qumran. In hierdie hoofstuk het die studie probeer aantoon dat 'n vergelykende studie die waarde van die Masoretiese Psalmopskrifte duideliker na vore sou bring. In hierdie hoofstuk word die argument van geleerdes soos Flint verwerp, omdat Jesus na 'n afgeslote Kanon verwys het en nie 'n ongefinaanseerde Psalm bundel wat eers einde van die eerste eeu n.C. sy finale vorm bereik het nie.

In hierdie hoofstuk is daar ook gelet op die verskillende vlakke van interpretasie wat ontstaan het in die vertaling van die Septuagint vanaf die Hebreeus. Die afleiding wat in hierdie studie

gemaak is, is dat die Griekse vertalers baie van die Hebreuse terme nie verstaan het nie en daarom dit slegs getranskribeer het of verkeerdelike deurgegee het. Die vraag word verder gevra: Was dit dalk vanweë die vroeë datering van die Psalmopskrifte dat die Griekse vertalers dit nie verstaan het nie?

In hierdie hoofstuk is ook aandag gegee aan die aard van die geskrifte by Qumran. Die debat of die 11QPs<sup>a</sup> geskrif kanonieke status of 'n sekondêre versameling was is ook betree. Hierdie studie het tot die gevolgtrekking gekom dat 11QPs<sup>a</sup> 'n sekondêre versameling is. Die studie probeer verder bewys dat lofprysing 'n belangrike rol in die lewe van die gemeenskap by Qumran gespeel het.

## **6.5 LOFPRYSING IN DIE PSALMS EN DIE TITEL VAN DIE PSALMBUNDEL**

Die primêre doel van die hoofstuk is die beklemtoning van die element van lofprysing in die geheel van die Psalmbundel. Daar word ook klem gelê op die bevinding dat die eerste deel van die Psalmbundel 'n stewige aantal klaagpsalms bevat, terwyl die later gedeelte meer Psalms van lofprysing bevat. Daar is verder bevind dat dit nie net die Psalmbundel in geheel is wat van klaaglied na loflied beweeg nie, maar dat individuele psalms dieselfde patroon beklemtoon.

Daar is verder in die eerste gedeelte van die hoofstuk aangetoon dat lofliedere en gebede nie net beperk is tot die boek van Psalms nie, daar word ook in baie ander dele in die Skrif die lof van God besing. Die studie het verder probeer uitlig dat die woordeskat wat in die liedere buite die Psalmbundel gevind is steeds baie ooreenkomste met woordeskat van liedere binne die Psalmbundel het.

Daar is verder in hierdie hoofstuk klem gelê op die twee tipes lofprysings wat in die Psalmbundel aangetref word. Hieruit het na vore gekom dat Ou Testamentiese sang uitdrukking is van lof aan die HERE. Die twee tipes lofprysing is: lofprysing as uitdrukking en lofprysing as bevel. Verder moet daar onderskei word tussen verklarende lofprysing van die individu en verklarende lofprysing van die gemeenskap.

## 6.6 AANBEVELINGS OOR MOONTLIKE VERDERE NAVORSING

Na die bevindings in hierdie studie kan die volgende navorsingsvrae gevra word:

1. Is die benaming מְהִלִּים (*t<sup>e</sup>hillîm*) 'n beter benaming vir die Psalmbundel in geheel in ag genome die invloed van die element van lofprysing?
2. Watter Psalms in die bundel behoort aan moontlike vroeër versamelings as mens die grammatikale aspekte in ag neem?
3. Hoe verskil die taal in die Psalmbundel van die taal en grammatika wat by Qumran aangetref word? Kan daar verder afleidings gemaak word aangaande die datering van sekere Psalms?
4. Hoe moet die Psalms hanteer word waarvan die historiese konteks nie bekend is nie?

## 7. BIBLIOGRAFIE

- ALLEN, L.C. 1983. Psalms 101-150. Waco, Tex.: Word Books. (Word Biblical commentary, 21.)
- ALLEN, L.C. 1997. זמר. (*In* VanGemenen, W.A. New international dictionary of Old Testament theology & exegesis. Volume 1. Grand Rapids, Mich: Zondervan. p. 1116 – 1117.)
- ANDERSON, A.A. 1972a. Introduction and Psalms 1-72. London: Oliphants. (The New century Bible commentary, 1.)
- ANDERSON, A.A. 1972b. Psalms 73-150. London: Oliphants. (The New Century Bible Commentary 2.)
- ARCHER, G.L. 1964. A survey of Old Testament Introduction. Chicago, s.l.: Moody.
- BAKER, D.W. & ARNOLD, B.T. 1999. The face of Old Testament studies: a survey of contemporary approaches. Grand Rapids, Mich: Baker.
- BARTH, C. 1980. זמר (*zmr*). (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H. Theological dictionary of the Old Testament. Volume IV. Grand Rapids, Mich: Eerdmans. p. 91-98.)
- BELLINGER, W.H. 1990. Psalms. Reading and Studying the book of praise. Peabody, Mass.: Hendrickson.
- BROWN, F., DRIVER, S.R. & BRIGGS, C.A., *ed.* 1979. The New Brown-Driver-Briggs-Gesenius Hebrew and English Lexicon. Peabody, Mass.: Hendrickson Publishers.
- BROYLES, C.C. 1999. Psalms. Peabody, M.A.: Hendrickson. (New International Biblical commentary 11.)
- BRUEGGEMANN, W. 1991. Bounded by obedience and praise: the Psalms as canon. *Journal for the study of the Old Testament*, 50:63-92.

BULLOCK, C.H. 2004. Encountering the Book of Psalms: A Literary and Theological Introduction. Grand Rapids, Mich.: Baker academic.

CHILDS, B.S. 1971. Psalm titles and Midrashic exegesis. *Journal of Semitic Studies* 16(2): 137-150, Autumn.

CHILDS, B.S. 1979. An Introduction to the Old Testament as Scripture. Philadelphia, Penn.: Fortress.

CLINES, D.J.A. 2009. The Concise Dictionary of Classical Hebrew. Sheffield: Sheffield Phoenix.

COPE, L.J. 1999. הלל (In Harris, R. L., Harris, R. L., Archer, G. L., & Waltke, B. K. Theological Wordbook of the Old Testament. Chicago, s.l.: Moody Press. p. 217-218.)

CRAIGIE, P.C. 1983. Psalms 1-50. Waco, Tex.: Word Books Publisher. (Word Biblical Commentary, v.19.)

CRENSHAW, J.L. 2001. The Psalms. An introduction. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

DANKER, F.W. 2000. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature. Revised and Edit. 3rd edition. Chicago, s.l.: University of Chicago.

DE GROOT, J. 1941. De Psalmen: Verstaat gij wat gij leest? Ten Baarn: Bosh & Keuning.

DE KLERK, T.C. 1990. Die Rol van die Eredienssang in die opbou van die gemeente. Potchefstroom: PU vir CHO.

DELLING, G. 1995. ψαλμός. (In Kittel, G. & Bromiley, G.W. Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 1225-1227.)

DE WETTE, W.M.L. 1811. Commentar über die Psalmen. Heidelberg: Mohr & Zimmer.

DOCKERY, D. S. 1998. Holman concise Bible commentary: Simple, straightforward commentary on every book of the Bible. Nashville, Tenn.: Broadman & Holman.

DU PLESSIS, S.J. 1970. Jesus en die kanon van die Ou Testament. Pretoria: Unisa. (Proefskrif – Unisa.)

EATON, J. 2003. The Psalms: a historical and spiritual commentary with an introduction and new translation. New York, N.Y.: T&T Clark.

EDERSHEIM, A. 2003. The Temple, its ministry and services as they were at the time of Jesus Christ. Bellingham, Wash.: Logos Research Systems, Inc.

EVANS, C.A. 2005. Praise and prophecy in the Psalter and in the New Testament. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., ed. The book of Psalms: composition and reception. Leiden: Brill. p. 551-579.)

FLINT, P.W. 1997. The Dead Sea Psalm Scrolls & the Book of Psalms. Leiden: Brill.

FLINT, P.W. 2001. The Bible at Qumran: Text, shape & interpretation. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

FRIEDRICH, G. 1972. ψάλλω (*In* Kittel, G. & Bromiley, G.W. Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 470.)

FUTATO, M.D. 2002. Transformed by Praise. The Purpose and Message of the Psalms. Phillipsburg, N.J.: P&R Publishing Company.

FUTATO, M.D. 2007. Interpreting the Psalms. an exegetical handbook. Grand Rapids, Mich.: Kregel.

GERSTENBERGER, E.S. 1991. Psalms. Part 1 with an introduction to cultic poetry. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. (The forms of Old Testament literature, 14.)

GOLDINGAY, J. 2006. Psalms. Volume 1: Psalms 1-41. Grand Rapids, Mich.: Baker Academic.

GROGAN, G.W. 2008. The two Horizon Old Testament Commentary. Psalms. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

- GUNKEL, H. 1967. *The Psalms: a form-critical introduction*. Minneapolis, Minn.: Fortress.
- HARRISON, R.K. 1970. *Introduction to the Old Testament*. London: Tyndale.
- HAYES, J.H. & HOLLADAY, C.R. 2007. *Biblical Exegesis. A Beginners's Handbook*. Third Edition. Louisville, Ky.: Westminster John Knox.
- HELBERG, J.L. 2006. Die verhouding tussen Psalm 1 (en 2) en die ander psalms oor vyande. *In die Skriflig*, 40(1):1-17.
- HENGSTENBERG, E.W. 1869. *Commentary on the Psalms*. 4th ed. Volume 3  
Edinburgh: T. & T. Clark.
- HERZOG, A. 1971. Book of Psalms. (*In Encyclopaedia Judaica*. Jerusalem: Keter. 13:1304-1314.)
- HOWARD, D.M. 1999. Recent trends in Psalm study. (*In Baker, D.W. & Arnold, B.T., it. The face of Old Testament studies: survey of contemporary approaches*. Grand Rapids, Mich.: Baker. p. 329-368.)
- HOUSE, P.R. 1998. *Old Testament Theology*. Downers Grove, Ill.: IVP Academic.
- JENNI, E. & WESTERMANN, C. 1997. ללה. (*In Theological Lexicon of the Old Testament*. Volume 1. Peabody, Mass.: Hendrickson. p. 371-372.)
- KAISER, W.C. 2001. *The Old Testament Documents. Are they reliable & relevant?* Downers Grove, Ill.: InterVarsity.
- KAISER, W.C. & SILVA, M. 2007. *Introduction to Biblical Hermeneutics. The search for meaning. Revised and Expanded Edition*. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.
- KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1978. *Psalms. Volume 5*. Grand Rapids: Mich.: Eerdmans. (Commentary on the Old Testament in Ten Volumes.)
- KÖHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1994. *The Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament*. Volume 1. Leiden: Brill.

KÖHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1995. The Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament. Volume 2. Leiden: Brill.

KÖHLER, L. & BAUMGARTNER, W. 1999. The Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament. Volume 4. Leiden: Brill.

LEIMAN, J.P. 1976. The Canonization of Hebrew Scripture: The Talmudic and Midrashic Evidence. Hamden, Conn.: Archon.

LIDDELL, H.G. & SCOTT, R., *ed.* 2003. Greek - English lexicon. Oxford: Clarendon.

LONGMAN, T. 1988. How to read the Psalms. Downers Grove, Ill.: InterVarsity Press.

LOUW, J. P., & NIDA, E. A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament: Based on semantic domains. Electronic ed. of the 2nd edition. New York, N.Y.: United Bible Societies.

MOWINCKEL, S. 1962. The Psalms in Israel's worship. Volume I & II. Oxford: Basil Blackwell.

NASUTI, H.P. 2005. The Interpretive significance of sequence and selection in the Book of Psalms. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., The Book of Psalms: composition and reception. Leiden: Brill. p. 311-339.)

PIETERSMA, A. 1980. David in the Greek Psalms. *Vetus Testamentum*, 30(2): 213-226, Apr.

PIETERSMA, A. 2005. Septuagintal exegesis and superscriptions of the Greek Psalter. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., The Book of Psalms: composition and redaction. Leiden: Brill. p. 443-475.)

RAVEN, J.H. 1906. Old Testament introduction: general and special. New York: Fleming H. Revell Company.

RENDTORFF, R. 2005. The Psalms of David: David in the Psalms. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., eds. The Book of Psalms. composition and reception. Leiden: Brill. p. 53-64.)

RIDDERBOS, N.H. 1962. De Psalmen. Eerste deel: Psalm 1 - 41. Kampen: Kok. (Korte Verklaring der Heilige Schrift.)

RINGGREN, H. 1978. הלל. (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H. Theological dictionary of the Old Testament. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 406-410.)

RÖSEL, M. 2001. Die Psalmüberschriften des Septuaginta-Psalter. (*In* Zenger, E. Der Septuaginta-Psalter. Freiburg: Herder. p. 125-148.)

SANDERS, J.A. 1974. The Qumran Psalms Scroll (11QPs<sup>a</sup>) reviewed. (*In* Black, M & Smalley, W., On Language, Culture and Religion: in honour of Eugene A. Nida. The Hague and Paris: Mouton. p. 79-99.)

SAWYER, J.F.A. 1970. An analysis of the context and meaning of the Psalm-headings. *Transactions of the Glasgow University Oriental Society* 22: 28-29.

SKEHAN, P.W. 1978. Qumran and Old Testament Criticism. (*In* Delcor, M. Qumrân. Sa piété, sa théologie et son milieu. Leuven: Leuven University Press. p. 163-182.)

SMITH, J. E. 1996. The wisdom literature and Psalms. Joplin, Mo.: College Press.

SOGGIN, J.A. 1976. Introduction to the Old Testament. London: SCM Press.

SWANSON, D.D. 2005. Qumran and the Psalms. (*In* Firth, D. & Johnston, P.S., eds. Interpreting the Psalms: issues and approaches. Downers Grove, Ill.: InterVarsity Press, p. 247-261.)

TERRIEN, S. 2003. The Psalms: strophic structure and theological commentary. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. (The Eerdmans critical commentary.)

THAYER, J.H. 1981. The New Thayer's Greek-English Lexicon of the New Testament. Peabody, Mass.: Hendriksen.

TOURY, G. 1995. Descriptive Translation Studies and Beyond. Amsterdam: Johan Benjamins.

ULRICH, E. 2001. The Bible in the making: the Scriptures found at Qumran. (*In* Flint, P.W. it. The Bible at Qumran: text, shape and interpretation. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 51-66.)

VAN DEVENTER, H.J.M. 2008. Grammaties-Historiese eksegesi: Waarvandaan en waarheen? Vanderbijlpark: Vaaldriehoek geleentheidspublikasies.

VAN ROOY, H.F. 1999. Studies on the Syriac Apocryphal Psalms New York: Oxford University Press. (*Journal of Semitic Studies Supplement*, 7.)

VAN ROOY, H.F. 2002. The headings of the Psalms in the Dead Sea Scrolls. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 28(2): 127-141.

VAN ROOY, J.H. 2008. Die Psalmboek 2003 as kommunikasiemiddel in die liturgie van die erediens in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: 'n himnologiese studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – Ph.D.)

VERHOEF, P.A. 1973. Metodiek van die Eksegese. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

VOS, C.J.A. 2005. Theopoetry of the Psalms. London: T&T Clark.

WALLACE, N.H. 2009. Psalms. Sheffield: Sheffield Phoenix.

WALTKE, B.K. 2001. How we got the Hebrew Bible: the text and canon of the Old Testament. (*In* Flint, P.W., ed. The Bible at Qumran: text, shape and interpretation. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. p. 28-33.)

WALTKE, B.K. 2007. An Old Testament theology: an exegetical, canonical and thematic approach. Grand Rapids, Mich.: Zondervan.

WALTKE, B.K. & HOUSTON, J.M. 2010. The Psalms as Christian Worship. A Historical Commentary. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.

WEISER, A. 2000. The Psalms: a commentary. Philadelphia: The Westminster Press.

WESTERMANN, C. 1981. Praise & Lament in the Psalms. Atlanta, Ga.: John Knox Press.

WILSON, G.H. 1985. *The Editing of the Hebrew Psalter*. Chico, Calif.: Scholars.

WILSON, G.H. 2005. King, Messiah and the reign of God: revisiting the royal Psalms and the shape of the Psalter. (*In* Flint, P.W. & Miller, P.D., eds. *The Book of Psalms: composition and reception*. Leiden: Brill. p. 391-406.)

WOLF, H. 1999. זָמַר (*In* Harris, R. L., Harris, R. L., Archer, G. L., & Waltke, B. K. *Theological Wordbook of the Old Testament*. Chicago, s.l.: Moody Press. p. 245)

WOLF, H. 1999. מְזִמֹּר (*In* Harris, R. L., Harris, R. L., Archer, G. L., & Waltke, B. K. *Theological Wordbook of the Old Testament*. Chicago, s.l.: Moody Press. p. 245)

YOUNG, E.J. 1949. *An introduction to the Old Testament*. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans.